

.b 140 182 C2  
4968 2799

**U.O.V.S. BIBLIOTEEK**

01

**HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE**

**University Free State**  
  
34300000969000  
**Universiteit Vrystaat**

**‘n KRITIESE BESPREKING VAN  
TAALVERANDERING MET VERWYSING NA  
AFRIKAANS EN SY VARIËTEITE**

*Verhandeling aangebied ter  
vervulling van die vereistes vir die graad*

**MAGISTER ARTIUM**

In die  
Fakulteit Geesteswetenskappe  
Departement Afrikaans en Nederlands en Moderne Europese Tale  
aan die  
Universiteit van die Vrystaat  
Bloemfontein

*Deur*

**Susanna Petronella Roux**

**Studieleier: Dr. A.G. Jenkinson**

**Mede-studieleier: Dr. A.S. de Wet**

**November 2001**

## BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank uitspreek teenoor:

- Die Nederlandse Taalunie en SAVN vir die toekenning van 'n beurs wat my studie in België moontlik gemaak het
- Dr. A.G. Jenkinson vir sy bekwame leiding
- Dr. A.S de Wet vir haar aanmoediging en raadgeving
- Prof. W. Vanlangendonck van die Katholieke Universiteit, Leuven, België vir al sy hulp tydens my studie oorsee
- Al my familie en vriende vir hul onderskraging, aanmoediging en geduld
- Die bestuur van Multinet Kommersiële Makelaars vir ekstra studieverlof aan my gegun en veral my kollegas, vir al hul geduld en begrip
- My Almagtige Vader vir krag, sterkte en wysheid om die studie te voltooi.

*Vir Paul*

*-Dankie*

## INHOUDSOPGAWE

<b><i>HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING EN DOELWITTE</i></b>		<b><i>p.1</i></b>
1.1 Inleiding		1
1.2 Hoofstukuiteensetting en doelwitte		2
 <b><i>HOOFSTUK 2: DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS</i></b>		 <b><i>p.5</i></b>
2.1 Inleiding		5
2.2 Die Geskiedenis van Afrikaans		6
2.2.1 'n Genealogiese perspektief		6
2.2.2 Teorieë oor die ontstaan van Afrikaans		8
2.2.3 Die invloed van die Europeërs – 'n kort historiese oorsig		10
2.2.4 Verskillende invloede op Nederlands – Europees en Nie-Europees		13
2.3 'n Los Samelewing		15
2.4 Die verdwyning van Frans aan die Kaap		19
2.5 Die Kaap onder Britse gesag		19
2.6 Slot		22
 <b><i>HOOFSTUK 3: DIE PROSESSE VAN NORMALE TAALVERANDERING EN RADIKALE TAALVERSTEURING</i></b>		 <b><i>p.23</i></b>
3.1 Inleiding		23
3.2 Taalverandering		24
3.2.1 Taalverandering van binne en van buite		24
3.2.2 Taalverandering van onder en van bo		24

3.3 Intertale	26
3.4 Standaardtaalvorm en Niestandaardtaalvorme	28
3.4.1 Standaardtaalvorm	29
3.4.2 Niestandaardtaalvorme	31
3.5 Normale Taalverandering	34
3.5.1 Diachroniese Taalverandering en Sinchroniese Variasie	36
3.5.1.1 Diachronie	36
3.5.1.2 Sinchronie	37
3.5.2 Die rol van sewentiende-eeuse Nederlands	37
3.5.2.1 Diachroniese veranderinge	37
3.5.2.2 Sinchroniese variasie	38
3.5.3 Ander Europese invloede	42
3.5.4 Nie-Europese invloede	43
3.6 Radikale Taalversteuring	44
3.6.1 Pidgin- en kreoolse tale	45
3.6.2 Die kreoolse aard van Afrikaans	47
3.7 Slot	51
<b>HOOFSTUK 4: DRIE SOORTE AFRIKAANS</b>	<b>p.52</b>
4.1 Inleiding	52
4.2 Taalbewegings of kultuurbewegings	53
4.3 Verskillende soorte Afrikaans en Afrikaanse taalbewegings	55
4.3.1 Kaapse Afrikaans: 'n aanleedersvariëteit van Nedersettingsnederlands	58
4.3.1.1 Slawe aan die Kaap	58
4.3.1.2 Die taalgemeenskap	59
4.3.1.3 Kaapse Afrikaans teenoor Standaardafrikaans	61
4.3.2 Oranjerivierafrikaans: 'n aanleedersvariëteit van Nedersettingsnederlands	63

4.3.2.1 Die aanvanklike talesituasie	63
4.3.2.2 Die taalgemeenskap in Griekwaland en omstreke	65
4.3.2.3 Oranjerivierafrikaans teenoor Standaardafrikaans	66
4.3.2.4 Voorbeelde en kenmerke van Oranjerivierafrikaans	67
4.3.3 Oosgrensafrikaans: 'n voortsettingsvariëteit van Nedersettingsnederlands	72
4.3.3.1 Die taal van die veeboere	72
4.3.3.2 Nederlands of Afrikaans	73
4.3.3.3 Kenmerke van Oosgrensafrikaans	75
4.3.3.4 Die afskeidingstryd van die Oosgrenstaalbeweging	76
4.4 Kritiek op die vroeë driedeling van Afrikaans	78
4.4.1 Die onderskeiding deur ander navorsers	80
4.5 Slot	84

***HOOFSTUK 5: DIE STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS*** *p.86*

5.1 Inleiding	86
5.2 Afrikaans as 'n kontaktaal	87
5.3 Die standaardisering van Afrikaans	88
5.3.1 Die gemeenskap in die Paarl	88
5.3.2 Die Taalbewegings en die vertaling van die Bybel	91
5.3.3 Die Afrikaanse kultuurtaal	94
5.3.3.1 Die kunsmatige en onnatuurlike Nederlands	99
5.3.3.2 Die stryd om die imperfektum	103
5.3.3.3 Die redes waarom Afrikaans as standaardtaal verrys het	106
5.3.3.3.1 Nasionalisme	107
5.3.3.3.2 Outonomie en eie identiteit	109
5.3.3.3.3 'n Klein stedelike bevolking en elite	110
5.3.3.3.4 Lae skoling	111
5.3.3.3.5 Swak sosio-ekonomiese toestand	112

5.3.3.3.6 Romantiek	112
5.4 Die taalteenstelling: noord-suid	113
5.5 Taalbeplanning en taalbepalings na 1994	114
5.6 Afrikaans en Engels	119
5.7 Afrikaans en Afrikatale	123
5.8 Slot	125
<b><i>HOOFSUK 6: SLOTBESKOUINGS</i></b>	<b><i>p.126</i></b>
6.1 Samevatting	126
<b><i>BIBLIOGRAFIE</i></b>	<b><i>p.132</i></b>
<b><i>OPSOMMING</i></b>	<b><i>p.141</i></b>
<b><i>SUMMARY</i></b>	<b><i>p.143</i></b>
<b><i>KEY TERMS</i></b>	<b><i>p.145</i></b>



## HOOFSTUK 1

### *ALGEMENE INLEIDING EN DOELWITTE*

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING EN DOELWITTE

### 1.1 Inleiding

Van Rensburg (1991:13 - 14) stel dit voor die 1994-verkiesing en daaropvolgende politieke veranderinge duidelik dat daar in 'n veranderende Suid-Afrika besin moet word oor die taalvorme wat as Standaardafrikaans, en dus as **norm**, aanvaar word. Standaardafrikaans moet gevolglik aangevul word met elemente uit sy variëteite, sodat 'n Afrikaans geskep kan word wat oor 'n breër basis *korrek* aangewend kan word.

Suid-Afrika beleef tans 'n tydperk van intensiewe sosiale veranderinge. Dit is op die talevlak van belang om te weet dat die sosiale veranderings wat ter sprake is, 'n hele reeks taalnormverskuiwings sal meebring, ook met betrekking tot die interne tale-organisasie van die land. Die normerende funksie van 'n standaardtaal word noodwendig in sulke veranderende omstandighede ook onder die loep geneem. Bestaande taalfunksies word getoets aan die mate waarin nuwe verhoudings en nuwe ideologieë weerspieël word. Sprekers se houdings oor tale is gevolglik 'n weerspieëling van hulle betrokkenheid by die wêreld waarin hulle hulle bevind. Een van die gebiede waarop nuwe houdings teenoor en reëlins vir die Suid-Afrikaanse tale neerslag gevind het, is op die terrein van die ampstaalbereëling in Suid-Afrika (Van Rensburg 1991:14).

Daar kan dus gevra word of Standaardafrikaans aan die vereistes van al die sprekers van die taalgemeenskap voldoen. Volgens Du Plessis (1989:468) word die term *taalgemeenskap* gewoonlik gebruik om te verwys na 'n groep sprekers wat op meer as een manier aan mekaar gebind word: deur *dieselfde taal* en dan gewoonlik deur nie-talige binding, iets soos *sosiale norme*. Volgens Du Plessis (1989) is dit ook belangrik dat 'n *Nuwe Afrikaans* genormeer moet word wat nie die gebreke van die verlede vertoon nie,

maar wat ook nie ingrypend van die huidige Standaardafrikaans verskil nie. Tog moet 'n nuwe beeld van Afrikaans gebou word wat 'n saambindende funksie vir al sy sprekers kan vervul. Dit is egter belangrik dat die proses van taalverandering in hierdie verband weer indringend ondersoek word, want taalverandering of normverplasing het in wese nog altyd in die geskiedenis van Afrikaans 'n belangrike rol gespeel.

Taalverandering en die prosesse wat hierby betrokke is, word daarom in besonderhede bespreek ten einde die Suid-Afrikaanse talesituasie te verstaan en gevolglik aanpassingskrities in oënskou te neem wat by die veranderende sosiale strominge van die land ter sprake mag kom.

## 1.2 Hoofstukuiteensetting en doelwitte

In die verlede is daar heelwat klem gelê op die norm van Standaardafrikaans, terwyl die variëteite of *afwykings* van hierdie norm as die *foutiewe aanwending* van die taal gesien is. **Die doel van die verhandeling is om 'n oorsig van die verskynsel van taalverandering te gee met Afrikaans en sy variëteite as fokuspunt.**

Alle tale verander voortdurend. Gestandaardiseerde kultuur tale met 'n uitgebreide literatuur en 'n homogene spraakgemeenskap verander stadig en hierdie proses staan as natuurlike taalverandering bekend. Tale in kontak situasies waar groot verskille in sosiale status bestaan, kan vinnig verander en taalversteuring ondergaan. Afrikaans word dan getipeer as die *ontwikkelingsvariëteit* van Nederlands (die primêre norm) met inagneming van die spesifieke en unieke talesituasie aan die Kaap sedert 1652. Maar die Afrikaanse situasie was nie 'n statiese, onveranderlike gegewe nie – vanuit die Kaap het die oorspronklike Nedersettingsnederlands om verskeie redes as voortsettingsvariëteit en aanleedersvariëteite ontwikkel en versprei om naas ander tale uiteindelik die basis te vorm vir die huidige talesituasie in Suid-Afrika.

Die ontstaan van Afrikaans en sy niestandaardvariëteite teen die bostaande agtergrond is al deur verskeie navorsers vanuit verskillende hoeke beskryf. Scholtz (1980), Raidt (1980) en De Villiers (1969), onder andere, het skerp gefokus op die historiese ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands waar dit veral gaan om die prosesse van vereenvoudiging en standaardisering van die voortsettingsvariëteit. Hesseling (1923) en Valkhoff het weer die taalsituasie aan die Kaap ondersoek en klem gelê op pidginisering en kreolisering, wat meer betrekking het op die aanleedersvariëteite. Uiteindelik beskryf Du Plessis (1988) en veral Van Rensburg (1988, 1989), tesame met ander navorsers, die ontwikkeling van Afrikaans as 'n drieledige verdeling in Kaapse Afrikaans, Oranjerivier- en Oosgrensafrikaans. Tans is daar egter verskeie skrywers, onder andere Ponelis en Grebe (1999), wat hierdie eng drieledige verdeling bevraagteken, terwyl die historiese ontwikkelingsverband tussen Afrikaans en Nederlands opnuut deur Van Eeden (1998) onder die loep geneem word.

**Die oogmerk met hierdie studie is om in die meegaande hoofstukke die verskillende situasies en prosesse wat aan die werk was in die vorming en ontwikkeling van Afrikaans, krities te ondersoek deur middel van 'n bronnestudie van die beskrywings van taalverandering en variasie in Afrikaans in die algemeen.**

In **hoofstuk twee** word daar veral klem gelê op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Die verskillende Europese en nie-Europese invloede wat aan Afrikaans sy unieke *identiteit* gegee het, is hier van kardinale belang, terwyl die sosiale struktuur van die oorspronklike nedersetting ook beskryf word. Binne hierdie parameters is die invloed van Nederlands van wesentlike belang aangesien die aanleederssituasie 'n groot rol gespeel het.

**Hoofstuk drie** gee 'n gedetailleerde uiteensetting van die proses van taalverandering ten opsigte van Afrikaans met verwysing na normale taalverandering en die prosesse wat daarby ter sprake is, sowel as radikale taalversteuring met die klem op pidginisering en kreolisering. Die begrippe *standaardtaal* en *niestandaardtaal* staan binne hierdie

beskrywing sentraal met die fokuspunt op die rol van sewentiende-eeuse Nederlands, asook die belangrikheid van ander Europese en nie-Europese invloede.

**Hoofstuk vier** laat die klem val op die drie soorte Afrikaans wat uit die talesituasie aan die Kaap ontwikkel het en dieper die binneland in versprei het om uiteindelik medebepalend te wees vir die huidige Suid-Afrikaanse tale-opset. Kritiek op die eng driedeling van die historiese variëteite van Afrikaans word ook hierby ingesluit.

**Hoofstuk vyf** gee 'n blik op die standaardisering van Afrikaans en veral die belangrikheid van die Genootskap van Regte Afrikaners en die Tweede Taalbeweging tot en met 1925. In hierdie hoofstuk word daar ook gekyk na die redes waarom spesifiek Afrikaans as ampstaal verrys het. Die siening van Van Eeden dat Nederlands, wat die basis vir Afrikaans gevorm het, as bondgenoot geïgnoreer is met die standaardisering van Afrikaans en dat die stryd teen Engels verloor is as gevolg van hierdie aksie, word krities bespreek.

In die finale hoofstuk, **hoofstuk ses**, word enkele relevante gevolgtrekkings gemaak en 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke word gegee. Aanbevelings vir verdere studie binne die raamwerk van die verhandeling word ook gemaak.

•  
HOOFSTUK 2

*DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS*

## HOOFSTUK 2

### DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS

#### 2.1 Inleiding

In die bestudering van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans blyk dit duidelik dat verskillende tale en invloede tot die ontwikkelingsproses bygedra het. Binne die ontwikkeling en geskiedenis van Afrikaans, staan die begrip *tale-in-kontak* sentraal. Dit verwys na vreemde tale aan die Kaap wat in kontak met mekaar gekom het, naamlik Nederlands met Koi (Hottentots), Maleis-Portugees, Duits en Frans en waaruit daar dan 'n "beïnvloede" taal (Afrikaans "vanuit die norm van Nederlands") na vore getree het. Volgens Van Rensburg (1994:167) is die nedersettingstaal (in hierdie geval Nederlands) in 'n taalkontaksituasie in die reël die dominerende taal en ook die belangrikste **doelwittaal**. Die sprekers van die "vreemde" tale poog dus om hierdie doelwittaal te bemeester.

Hierdie proses veronderstel gevolglik die bestaan van 'n bepaalde **taalgemeenskap**. Ponelis (1987:3) beskryf 'n taalgemeenskap as "die versameling gebruikers van 'n taal". Onder *gebruikers* moet verstaan word sowel dié mense wat die taal as eerste taal aanwend as dié wat dit as tweede taal of verkeerstaal gebruik. Die eerstetaalgebruikers vorm die *primêre* en die verkeerstaalgebruikers die *sekondêre taalgemeenskap*.

Met betrekking tot die vroeë geskiedenis van Afrikaans, is dit belangrik dat die klem val op die **verskillende groepe** wat gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap woonagtig was. Hierdie groepe verteenwoordig **die taalgemeenskap** en die wye verskeidenheid sprekers wat binne dié gemeenskap teenwoordig was. Die belangrikheid van **sewentiende-eeuse Nederlands** staan hier sentraal. Laastens val die fokus op die

belangrike en bepalende invloed met betrekking tot die oornam van die Kaap deur **Brittanje**.

## 2.2 Die Geskiedenis van Afrikaans

### 2.2.1 'n Genealogiese perspektief

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat verskeie handelaars van regoor die wêreld by die Kaap aangedoen het (sien 2.2.4 vir meer uitgebreide bespreking), maar dat die *Nederlanders* uiteindelik die Portugese monopolie op die Oosterse handelsroetes verbreek het en hul stempel op die Kaap afgedruk het (Saunders 1989:35).

In die laat Middeleeue, ongeveer 1100-1550 n.C., is dit aanvanklik die suidelike deel van die Nederlandse taalgebied wat onder meer deur sy lakenindustrie en belangrike hawe ekonomies en kultureel toonaangewend was: vanaf die 13de eeu is veral die Vlaamse stede Brugge, Gent en Ieper belangrik geag, maar Brugge begin later ekonomies te kwyn en in die loop van die 14de en 15de eeu neem Brabant die leierskapsposisie by Vlaandere oor, met Antwerpen as belangrike lakenvervaardiger en seehawe. Die taal van hierdie tydperk wat as *Middelnederlands* bekend staan, het destyds in teenstelling met die Frans van literêre werke en die Latyn van die kerk en amptelike stukke, **Diets of Duits**, dit wil sê die taal van die volk, geheet. Dit was geen eenheidstaal nie – elkeen het sy eie dialekt gebruik, al is daar in die kantore van die plaaslike en kerklike owerhede van stereotipe skryfstyl gebruik gemaak (Conradie 1986:56).

In die 16de en 17de eeu is die Lae Lande saam met ander dele van Europa blootgestel aan 'n aantal kulturele strominge en gebeurtenisse wat die einde van die Middeleeuse gees en lewenswyse meegebring het - soos die Renaissance, die Humanisme, die Hervorming, die uitvinding van die boekdrukkuns en die ontdekking van nuwe wêrelddele (Conradie 1986:57). Die Nederlande kom ook in opstand teen Spanje, en in die oorlog van 1569-1648 word Vlaandere en Brabant verslaan. In die Noorde word 'n republiek van die



verenigde Nederlande gestig met Holland en sy wêreldstad Amsterdam as die leidende mag (De Villiers 1969:9).

**Sewentiende-eeuse Nederland** was 'n sterk handelsmoondheid binne Europa. Op die gebied van die kuns en kultuur, sowel as op die terrein van die staatkunde en ekonomie het die land 'n ongekende bloeiperiode beleef. Met die bloei van die provinsie Holland word die streektaal van Holland die **basis van 'n algemene kultuurtaal** wat later ontwikkel het. Die behoefte aan 'n algemene taal in die plek van dialekte het in die 16de eeu veral met die Hervorming begin. Om 'n Bybelvertaling en psalmberymings te maak wat bo-oor al die dialekte heen vir almal van die Schelde tot die Eems verstaanbaar sou wees, is eng lokale vorme vermy. Onder die invloed van Luther se Bybelvertaling is woorde van Oos-Nederland aanvaar om by Duits aan te sluit. Ten slotte is daarna gestreef om nie onnodig baie Franse leenwoorde, wat so algemeen in omloop was, in die Bybelvertaling te gebruik nie. Die **State-vertaling van die Bybel** wat in 1637 verskyn het, bestendig en bevestig hierdie doelstrewinge en het 'n groot invloed op die algemeen beskaafde Nederlands van die 17de en 18de eeu gehad. In die Nederlande was Latynse en Franse geskrifte die modelle van skrywers soos De Groot. Die uitwerking van hierdie navolging was dat nuwe beelde en begrippe ingevoer is en die sinsbou meer verwikkeld en intellektueel geword het (De Villiers 1969:9). Uit die aard van die saak het die taal van die Statebybel 'n belangrike rol in die vorming van 'n algemene Nederlands gespeel omdat die Bybel wat in standaardvertaling aangebied is, sekerlik die mees gelese boek was (Raidt 1980:57).

Die ekonomiese groei het onder meer 'n florerende handel met die Ooste meegebring wat op sy beurt tot die stigting van noodsaaklike kolonies of handelsposte gelei het (Kannemeyer 1974:5). Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) stig in 1652 onder die amptelike leiding van Jan van Riebeeck 'n verversingspos op die handelsroete om die Kaap – as halfweghuis tussen Amsterdam en Batavia. Volgens Hesseling (1923:1) was hierdie handelspos van kardinale belang aangesien die handelslui op die ver roete na Indië met velerlei siektes en ongevallen te doen gehad het en 'n handelspos het gevolglik voorsiening gemaak vir vars groente en vrugte, sowel as

drinkwater vir die skepe en vir die behandeling van die gevreesde skeurbuik wat die matrose getref het. Sodoende word Nederlands as kultuurtaal aan die Kaap gevestig (vgl. Scholtz 1980 & Ponelis 1994).

Die historiese ontwikkelingslyn van Nederlands (vgl. Ponelis 1989) word uiteindelik ook die ontwikkelingslyn van Afrikaans. Dit kan teruggevoer word na die Germaanse taalfamilies waarvan **Indo-Europees** die belangrikste en grootste vertakking uitmaak. Die verdeling loop verder deur na Germaans wat verdeel word in Noord-, Oos- en veral belangrik, **Wes-Germaans**. Binne laasgenoemde groep val die dialektiese onderverdeling van Hoogduits, wat deurloop na Nederduits, Nederfrankies en uiteindelik ontwikkel tot Nederlands en Vlaams. Die verskillende dialekte van Afrikaans ontstaan dan uit die sewentiende-eeuse Nederlands-Vlaams wat aan die Kaap oorgeplant is. Van der Wal (1992:45) is in ooreenstemming hiermee van mening dat Afrikaans as 'n aparte taal beskou moet word "*die zich op basis van 17e-eeuws Nederlands heeft ontwikkeld.*"

Tog stel De Villiers (1969:10) dit duidelik dat die Nederlandse kultuurtaal in een opsig nie werklik *algemeen* was nie: deur die reglementering het dit van die spreektaal van die eenvoudige en minder opgevoede mense verskil sodat daar 'n taamlieke skeiding tussen die Algemene Beskaafde Nederlands en die natuurlike spreektaal van die verskillende streke (die dialekte) ontstaan het. Hierdie taalsituasie is ook so aan die Kaapse nedersetting oorgedra. Volgens Stoops (1995:20) was daar gevolglik 'n kloof tussen die offisiële Nederlands (van die amptenare) en die bevolkingsgebruik van Nedersettingsnederlands. 'n Tipiese situasie van **diglossie** het dus bestaan, dit wil sê die gebruik van twee verskillende variëteite van 'n taal vir verskillende funksies (vgl. Raidt 1989:116).

### 2.2.2 Teorieë oor die ontstaan van Afrikaans

Du Plessis (1994:120) voer aan dat daar **drie** basiese teorieë oor die ontstaan van Afrikaans bestaan:

1. Taalverandering as gevolg van **vreemde invloed** (bv. Platduits, Frans of Koi) wat inwerk op die sewentiende-eeuse Nederlands wat algemeen deur die Nederlandse amptenary en seelui aan die vroeë Kaap gebruik is.
2. Verandering as gevolg van die Kreools-vriendelike situasie aan die Kaap wat ontstaan tussen die Nederlandsprekende setlaars en hul vreemdsprekende slawe, wat 'n gedeeltelike soort **kreolisering** meebring. Met kreoolse tale word bedoel "*pidgins which have become native languages for their speakers. At this point the pidgin has creolised and the resultant language is called a creole*" (Sebba 1997:15).
3. Verandering te wyte aan die spontane, ononderbroke en natuurlike ontwikkeling van spesifiek **Noord-Hollandse dialektiese kenmerke** en inherente neigings in die grammatiese struktuur van Nederlands.

Tog was daar meer teorieë wat losweg by bogenoemde aansluit. Roodt & Venter (1984:225) noem in hulle artikel dat die eerste spore van 'n diachroniese taalbelangstelling te vinde is by sekere reisigers wat gedurende die vroeë jare aan die Kaap hulself onder andere ook uitgelaat het oor die Kaapse taal. Hierdie opmerkings was meestal van 'n verbygaande aard en van wisselende betroubaarheid; nietemin is dit veral deur 'n groep vroeë taalkundiges aangegryp ter stawing van hul sogenaamde *teorieë oor die ontstaan van Afrikaans*. Hierdie eerste tydperk wat vanaf die laat negentiende eeu tot en met die Tweede Wêreldoorlog dateer, is gekenmerk deur 'n polemiese stryd tussen verskillende aanhangers van mededingende teorieë. Taalkundiges soos Hesseling (1923), Bosman (1916, 1923), Boshoff (1921, 1923) en Smith (1923) word in dié verband as die *ontstaansteoretici* onderskei. (Vergelyk ook Van der Merwe 1964: 135-155.)

Die teorieëstryd neem veral 'n aanvang met die verskyning van Hesseling se *Het Afrikaans* (1923; na 'n eerste uitgawe in 1899), waarin hy beweer dat Afrikaans 'n semi-gekreoliseerde taal is wat as gevolg van kontak tussen Nederlands en Maleis-Portugees

aan die Kaap ontstaan het. Naas hierdie sogenaamde Maleis-Portugese teorie word ook die Hottentotsteorie, die Frans-teorie, die Duits-teorie, die Kreools-Nederlands-teorie, die seemantaalteorie, die vreemdelinge-Nederlands-teorie en die spontane ontwikkelingsteorie (almal rondom 1921 tot 1923) aangetref. Inderdaad 'n indrukwekkende veelheid, waarvan elkeen dieselfde basiese uitgangspunt gehad het, naamlik **die idee dat die vervorming van Nederlands tot Afrikaans tot 'n enkele faktor soos die invloed van Frans of Duits of Khoikhoi gereduseer kan word** (Roodt & Venter 1986:226).

Thomason & Kaufman (1988:251) is weer van mening dat "*controversy about the development of Afrikaans has been sharper than for any other putative creole, largely (apparently) for political reasons.*" Dié navorsers sien die posisie van Afrikaans as uiteenlopend ten opsigte van die volgende twee pole:

- (1) Afrikaans het uit Nederlands ontwikkel uitsluitlik as gevolg van **intern-gemotiveerde veranderinge** soos tipies aangetref is in die Nederlandse dialekte van Europa en/ of in ander Germaanse tale, en
- (2) Afrikaans is 'n **Kreoolse taal**, "*the result of relexification*" van 'n Portugees-gebaseerde Kreoolse taal met miskien 'n kleiner invloed van die Khoikhoi se taal, Maleis en ander tale wat in en rondom Kaapstad gepraat is gedurende die sewentiende en agtiende eeu.

Hierdie teorieë word vervolgens breedvoeriger bespreek met betrekking tot die verskillende invloede aan die Kaap wat sonder twyfel 'n bepalende rol gespeel het in die hele taalstryd rondom die ontwikkeling van Afrikaans.

### 2.2.3 Die invloed van die Europeërs : 'n Kort historiese oorsig

Saunders (1989:40 & 78) gee 'n bondige uiteensetting van die Europese invloed aan die Kaap. Aangesien hierdie studie nie fokus op geskiedkundige grondslae nie, maar wel op

die taalkundige ontwikkelingsaspekte van Afrikaans, word hier slegs 'n opsomming van die kardinale gebeure weergegee, wat soos volg daar uitsien:

**1652:** Jan van Riebeeck, die eerste aanvoerder van 'n permanente Kaapse nedersetting, arriveer. Hy erken nie die Khoikhoi se reg ten opsigte van grondbesit nie, maar handhaaf tog goeie handelsbetrekkinge met hulle.

Sy pleidooi vir die invoer van slawe vanuit Angola en Wes-Afrika (1658) word eers geïgnoreer, maar later moet daaraan gehoor gegee word vir die verrigting van noodsaaklike hande­arbeid.

**1657:** Doman, 'n Khoikhoi, word na Batavia gestuur ten einde as tolk opgelei te word. Sy ervaringe in dié land veroorsaak dat hy teen die Kompanjie in opstand kom wanneer hy na die Kaap terugkeer.

Die eerste nege vryburgers word van Kompanjiediens vrygeskeld om op Khoikhoi-grondgebied te begin boer.

**1658:** Slawe van Angola en Wes-Afrika arriveer in die Kaap.

**1659:** Van Riebeeck besit reeds 18 slawe.

Die eerste onderonsie tussen die Khoikhoi, onder aanvoering van Doman, en die Nederlanders vind plaas. Die Nederlanders gaan soek skuiling by die Kasteel, maar onenigheid in Khoikhoi-geledere bring 'n einde aan die konflik.

**1660:** Die vrede word herstel wat die einde van Khoikhoi-onafhanklikheid beteken. Die Nederlanders rig ook wagposte op vir beskerming teen die Khoikhoi.

Die eerste Nederlandse ekspedisies trek noordwaarts op soek na verdere handelsmoontlikhede en grondgebied.

**1660s:** Die eerste perde arriveer vanaf Batavia, wat die Nederlanders verdere superioriteit oor die Khoikhoi gee.

- 1663:** Doman sterf, en saam met hom die aanvanklike teenstand teen die Nederlanders. Die Nederlandse nedersetting brei uit en handelsposte word opgerig in Saldanhabaai en Hottentots-Holland.
- 1673:** Die tweede reeks gevegte tussen die nedersetters en die Khoikhoi vind plaas.
- 1675:** Slawe word grootskaals ingevoer vanuit Oos-Indië, Ceylon en Batavia.
- 1677:** Met die vrede wat weer herstel is, brei die Europese nedersetting verder uit.
- 1685:** Kommissaris Hendrik van Reede besoek die Kaap en stel die volgende bepaling in werking: dat manlike slawe op die ouderdom van 25 en vroulike slawe wat die ouderdom van 22 bereik het, hulself kan vrykoop.
- 1688:** Die Franse Hugenote wat as Protestante uit Frankryk vlug weens die Katolieke oorheersing, voeg hulle by die getalle van die nedersetters.
- 1690:** 'n Slawe-opstand vind in Stellenbosch plaas.
- 1713:** Die pokke-epidemie wat deur Nederlandse besoekers na die Kaap gebring word, veroorsaak dat baie van die Khoikhoi sterf aangesien hulle nie weerstand teen die vreemde siekte het nie. Dié wat na die binneland vlug ten einde die gevreesde siekte vry te spring, dra dit egter net verder oor aan die inheemse stamme met wie hulle in aanraking kom. Ook van die nedersetters sterf as gevolg van die pokke-epidemie.
- 1724:** 'n Slawekolonie word in Delagoabaai gestig wat 'n kortstondige bestaan daar het.
- 1730s:** Die Kompanjie begin weer met slawehandel in Mosambiek en Zanzibar.
- 1750s:** Die wêreldwye Nederlandse invloed neem af.

- 1795:* Die eerste Britse besetting van die Kaap neem 'n aanvang.
- 1798:* Die eerste moskee word in die Kaap opgerig.
- 1805:* Die Napoleontiese oorloë begin in Europa.
- 1806:* Brittanje neem weer die Kaap in besit.
- 1807:* Brittanje verbied verdere slawehandel en die invoer van slawe kom tot 'n einde.
- 1814:* Finale Britse anneksasie van die Kaap vind plaas.
- 1820:* Britse nedersetters arriveer in Algoabaai en word verbied om slawe aan te hou.
- 1834:* Slawe word amptelik vrygestel.
- 1836:* Die Khoikhoi beweeg die binneland in en vestig hulle aan die Oranjerivier. Die Groot Trek van die Voortrekkers begin.

#### **2.2.4 Verskillende invloede op Nederlands – Europees en Nie-Europees**

Reeds voor die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap was daar verskeie kontaksituasies waarin die inboorlinge van Afrika met handelsreisigers te doen gekry het. Bartolomias Dias bewerkstellig volgens Saunders (1989:32) reeds in 1488 die eerste kontak tussen die plaaslike bevolking en die Europeërs. In 1503 meer Francisco de Almeida, op pad terug na Portugal, ook in die Kaap vas vir 'n kortstondige besoek. Op 25 Maart 1647 gaan die Nederlander, Leendert Jansz, egter vir 'n geruime tyd aan wal wanneer die kaptein van die *Haerlem* hom beveel om saam met ander matrose naby Rietvlei agter te bly en eers saam met die volgende jaar se ekspedisie terug te keer. In

hierdie tyd word hy gevra om 'n verslag op te stel oor die geskiktheid van die Kaap as permanente handelspos.

Die inheemse stamme het dus reeds kortstondig met die Nederlandse taal in aanraking gekom vóór die vestiging van 'n VOC-kolonie. Volgens Stoops (1995:12, 13) het die bemanning van die skepe wat in 1652 onder aanvoering van Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het, bestaan uit **Nederlanders, Belge, Duitsers en Skandinawiërs**.

Na die stigting van die nedersetting was daar volgens Stoops (1995:13) vroeg reeds kontak met die inheemse **Hottentotte (of Khoikhoi)** en die **Boesmans (of San)** en die eerste skermutseling vind eers in 1659 plaas, aangesien Jan van Riebeeck streng opdrag ontvang het om die vrede met die plaaslike stamme te bewaar (Saunders 1989). Vanaf 1658 word **slawe** vanuit verskillende wêrelddele ingevoer - veral Wes-Afrika (Guinea en Angola), Oos-Afrika (Mosambiek), Madagaskar en die Ooste (Bengale en Ceylon) - vir die verrigting van noodsaaklike handeareid in en om die Kasteel. Die slawe is nie in Portugees, die oorwegende omgangstaal, aangespreek nie - Nederlands was die amptelike voertaal tussen meester en slaaf. Reeds so vroeg as 1658 kon 'n gebroke taal wat van Nederlands afwyk, gehoor word onder die slawebevolking aan die Kaap.

Vanaf 1667 is die bevolking ook aangevul met bannelinge en vlugteling vanuit veral **Oos-Indië** en vrygelate slawe wat hulle tussen die vryburgers op plase gevestig het. Besoekers wat selfs net vir kort tydies die Kaap besoek het, het ook bygedra tot die diversiteit en vermenging van invloede. In hierdie tyd het ook die **Franse Hugenote** via die Nederlande na die Kaap gevlug as gevolg van vervolging onder die herroeping van die Edik van Nantes in hul geboorteland. Dit is duidelik dat 'n magdom kulturele en veral talegroepe toe op een plek byeen was (vgl. Ponelis 1994:218). Na anderhalwe eeu, met die finale oorname van die Kaap deur **Groot Brittanje** in 1814, het die situasie aan die Kaap binne 'n kort tydjie verander (Scholtz 1980:3).



### 2.3 'n Los samelewing

Ponelis (1993:3) som die situasie aan die Kaap soos volg op:

*Cape society reconstituted itself beyond the purview of the VOC: new, extended families crystallised from what was at first a motley crowd of men with only a few women, and a speech community came into being where Dutch was in competition with other languages.*

Soos afgelei kan word, het die Kaapse samelewing en die Afrikaanse taalgemeenskap sy beslag veral aan een instelling te danke: die VOC, wat die administrasie, kerksake, regspraak en onderwys beheer het en die ekonomie gemonopoliseer het. Tog is die verbintenis met die Nederlandse taalgebied nadelig beïnvloed deur die stadige immigrasietempo vanuit 'n welvarende Nederland. Daar is veel eerder voorrang gegee aan die invoer van slawe vir die verrigting van handearbeid (Ponelis 1994:219).

Deur die vrymaking van VOC-personeel ten einde geld te bespaar of met hulle ampsverstryking, het 'n groter heterogeniteit in die nedersetting na vore getree. Hierdie amptenare het hulle op plase in die omgewing van Stellenbosch gevestig en is deur die Kompanjie voorsien van die nodige implemente vir die aanbou van gewasse wat aan verbygaande skepe verkoop is (Saunders 1989:36). Hulle getalle is versterk deur immigrante wat nooit by die VOC werksaam was nie, sowel as Khoikhoi, weglopers en ander nie-Europeërs wat nie by die vryburgers self in diens getree het nie. Hierdie vrye populاسie het 'n **Nederlandse basis** gehad, met sterk Duitse en Franse konnotasies.

#### GETALLE 1679 en 1701

	1679	1701
<i>Vryliede</i>		
Mans	81	418
Vroue	50	242
Kinders	101	605
<b>TOTAAL</b>	<b>232</b>	<b>1 265</b>

<i>Knegte</i>	30	69
<i>Private slawe</i>		
Mans	133	702
Vroue	38	109
Kinders	20	80
<b>TOTAAL</b>	<b>191</b>	<b>891</b>
<i>VOC-slawe</i>		
	280	600
<i>VOC-amptenare</i>	450	550

(Tabel verkry uit Ponelis 1994:219).

As gevolg van die invloed van immigrante was daar heelwat onstabiliteit in die gemeenskap van die vryburgers te bespeur: die meeste was enkelopende mans en baie het nie oor 'n voldoende kennis van Nederlands beskik nie. Volgens Ponelis (1994:220) was daar ook 'n tekort aan vrouens wat heelwat saamwonery en "oop" gesinne tot gevolg gehad het. Nederlanders het eksogene verbintenisse aangegaan met slawe, Khoikhoi, Duitsers en Franse. Verbintenisse tussen slawe en Khoikhoi het in die agtiende eeu sterk toegeneem. Die gesin het die uiteenlopendheid van die samelewing in die breë weerspieël en het ook sprekers van verskillende moedertale in noue kontak met mekaar gebring.

#### VROUE/MANS ONDER DIE VRYLIEDE

1657	0/14
1658	3/52
1661	12/73
1665	20/72
1670	28/87
1685	61/137
1692	158/363
1718	286/517

**MANLIKE VRYLIEDE 1657 – 1707**

*Nederlandssprekendes*

Immigrante	473	45%
Kaapsgeborenes	73	7%
<b>Subtotaal</b>	<b>546</b>	<b>52%</b>
<i>Duitsers</i>	357	34%
<i>Franse</i>	90	8%
<i>Ander</i>	66	6%
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>1 059</b>	

(Tabelle verkry uit Ponelis 1994:220 & 221)

Die taalkundige rol van die vrou binne die nedersetting moet ook nie onderskat word nie. Raidt (1998:285) het gevind dat vroue in die ietwat primitiewe koloniale gemeenskap van die agtiende-eeuse Kaapse nedersetting 'n konserwatiewe en uitbouende invloed op die evolusie van die *nuwe* taal gehad het. Aan die een kant was hulle spraak meer “*neutraal*” as dié van die mans omdat hulle minder vertrouwd was met amptelike Nederlands. Aan die ander kant het hulle onwetend vereenvoudigde vorme van die vreemdelinge (immigrante, slawe en plaaslike Khoikhoi) se taal opgetel, aangesien hulle weens huweliksbande en familiepatrone reg in **die middel van taalkundige kontak en variasie** was. Die vrou was op 'n daaglikse basis blootgestel aan die uiteenlopende kulture, moedertale en wisselende Nederlandse taalvaardigheid van die bediendes en slawe van die koloniale huishoudings.

Die **Khoikhoi** aan die Kaap het in die laat sewentiende eeu as arbeiders by boere in die omgewing van Stellenbosch en Drakenstein in diens getree, veral omdat die intensiewe handel in *koper-vir-vee* hul van al hul vee ontnem het. Aanvanklik is hulle aangestel in los werkies soos byvoorbeeld as tolke op ekspedisies dieper die binneland in. Soos die wantroue teenoor hulle verminder het, is hulle aangestel as veewagters. 'n Paar Khoikhoi-vrouens het ook as kinderoppassers by VOC-amptenare gewerk. Van Riebeeck self het 'n jong Khoikhoi-meisie in sy huis grootgemaak en haar Eva gedoop. Sy is in die Nederlandse taal onderrig en het die Christelike geloof aangeneem (Saunders 1989:44).

Soos reeds genoem, is die Kaapse slawegemeenskap in Maart 1658 gevestig. 'n Wye verskeidenheid (diversiteit) van afkomste en kulture was aan die orde van die dag (Ponelis 1993:12). Kulturele ooreenkomste ten opsigte van taal – **Portugees en Maleis** – en godsdiens – veral die Moslems – teenoor dié van die slawe afkomstig vanaf Wes-Afrika, was skaars. Al wat hulle gemeen gehad het, was hulle gemeenskaplike lot in die lewe. Die krag van die Oosterse element was nie voldoende vir 'n bindingsfaktor gedurende die sewentiende eeu nie, maar dit het in die agtiende eeu tog belangrik geword met die opbloeï in die slawehandel (sien ook hoofstuk vier, punt 4.3.1.2, in dié verband). Die uiteenlopendheid van die herkoms van die slawe word in die volgende tabel weerspieël (Ponelis 1994:221):

<b>SLAWE 1658 – 1700</b>		
Indië	653	50%
Madagaskar	310	24%
Indonesië	189	15%
Afrika	87	
Ander	57	
<b>TOTAAL:</b>	<b>1 296</b>	

Privaat slawe en VOC-slawe is aan huishoudings toegeken en hierdie proses van gelyke verspreiding onder die vryburgers het bygedra tot die slawe se integrasie in die gemeenskap, sowel as die opkoms van 'n slawekultuur. Die voortdurende toestroming het tot gevolg gehad dat hulle 'n aansienlike deel van die bevolking uitgemaak het. Ponelis (1994:222) stel dit duidelik dat die getal slawe uiteindelik die getal koloniste gedurende die agtiende eeu verbygesteek het (sien Ponelis se vergelykende tabel rakende die getalle van 1679 en 1701 op **bl. 15, 16**).

## 2.4 Die verdwyning van Frans aan die Kaap

Scholtz (1980:226) is van mening dat die **Franse Hugenote** nie deur die VOC na die Kaap laat kom is ten einde 'n *aparte gemeenskap met 'n eie taal* te vorm nie. Volgens Stoops (1995:14) is immigrasie slegs aangemoedig om die getalle van die koloniste aan te vul.

Ten einde te verseker dat hulle in die bestaande gemeenskap opgeneem word, is plase aan hulle toegeken wat tussen dié van die Hollandse koloniste geleë was. Dit het egter nie byval gevind by die Hugenote nie en verskeie versoekskrifte en briewe is aan die goewerneur voorgelê. Alhoewel hulle toestemming verkry het om 'n eie gemeente te stig, is daar nie gehoor gegee aan hulle versoek rakende Franse onderwys en 'n aparte gemeenskap nie. Hulle trou en lojaliteit aan die Hollandse Kompanjie is met laasgenoemde versoeke in twyfel getrek en die kinders was verplig om voortaan **slegs Hollands** te leer lees en skryf.

Bogenoemde verpligting ten opsigte van die onderwys, sowel as die noue kontak met hul Hollandse bure het gou bygedra tot die verdwyning van die Franse taal. Met hul aankoms aan die Kaap was verskeie Hugenote egter ook Nederlands magtig. Volgens Scholtz (1981:230) was Frans reeds kort na 1700 *langs natuurlike weg aan die uitsterwe*.

## 2.5 Die Kaap onder Britse gesag

“Die Kaap bly Hollands” tot aan die einde van die agtiende eeu, maar kom in 1795 onder Britse gesag. Tussen 1803 en 1806 ry die heerskappy wipplank - gedurende 1803 word dit teruggegee aan die Bataafse Republiek, maar in 1806 eis Brittanje dit weer op (vgl. Stoops 1995:18).

Gedurende bogenoemde tydperk het Engels geen noemenswaardige invloed op die taal van die Kapenaars uitgeoefen nie. Volgens Raidt (1980:208) was dit die geval aangesien die Kaap toe net tydelik onder Engeland geressorteer het en geen drastiese stappe gedoen is om Engels as offisiële taal in te voer nie. Dit het egter ná **1814** verander toe die Kaap 'n **permanente Britse kolonie** geword het.

Met die aankoms van die Britse nedersetters het die getalle van die Europeërs reeds op ongeveer 43 000 gestaan. Tog was dit die kleiner Britse gemeenskap wat die grootste impak gehad het aangesien hulle gretig was om deel te hê aan die nuwe ekonomiese stelsel wat deur die Kroon in die Kaap ingelei is. Alhoewel baie van die koloniste gekant was teen die Britse okkupasie, het die Britse nedersetters volgens Saunders (1989:94) egter vinnig seker gemaak dat hulle die Nederlandse nedersetters se vertroue wen: taalregte en vryheid van geloof is gewaarborg, die monetêre en regsstelsel is vir eers behou en etlike van die Nederlandse sleutelfigure is in die nuwe administratiewe stelsel opgeneem.

Die situasie het egter vinnig verander. In 1812 het goewerneur John Cradock planne bekend gemaak vir die daarstelling van blanke Engelsmediumskole regdeur die kolonie (Saunders 1989:95). Deur die proklamasie van lord Charles Somerset in 1822 is Nederlands as bestuurstaal en taal van die regspleging deur Engels vervang. In 1853, toe die Kaapkolonie verteenwoordigende regering kry, is dit ook uit die verrigtinge van die parlement uitgesluit (Scholtz 1980:3). Raidt (1980:208) stel dit dat die uitwerking van die verengelsingsbeleid op die gebiede van die openbare lewe, die skool en die Kerk uiters insiggewend met betrekking tot die gesindheid van die Kaapse bevolking was. Tot en met daardie tyd is Nederlands vanselfsprekend as die enigste kultuurtaal aan die Kaap beskou – selfs al was die meeste Kapenaars dit nie heeltemal magtig nie. Deur die **geforseerde invoer** van Engels het baie Kapenaars besef watter simboliese waarde en betekenis Nederlands vir hulle gehad het:

*Dit was die taal van hulle Kerk en die simbool van hulle kultuur en geskiedenis wat oor twee eeue heen steeds nou met die stamland verbonde gebly het ondanks die geweldige geografiese isolasie. As sodanig was die Nederlandse taal die skakel met Europa en met die eie verlede (Raidt 1980:208, 209).*

Tog was daar heelwat individue wat nie veel verset teen die verengelsingsbeleid gebied het nie. Dit is veral hier waar die stand van Afrikaans bepalend beïnvloed is. Volgens Scholtz (1980:3) was die huistaal en alledaagse omgangstaal van die volksplanters nie meer Hollands nie, maar wel Afrikaans – dit wil sê, ‘n vorm van Hollands wat aan die Kaap sedert 1652 in uitspraak en vormleer en in minder mate ook in sinsbou en woordeskat sterk van Nederlands afgewyk het. Afrikaans was dus die spreektaal, terwyl Nederlands steeds as kultuurtaal en dus ook lees- en skryftaal erken is.

In 1875 stig enkele intellektuele voorlopers die Genootskap van Regte Afrikaners (Stoops 1995:21). Hier het dit aanvanklik gegaan om die uitbouing van Afrikaans tot volwaardige taal – met ‘n eie volkslied, ‘n eie grammatika, ‘n eie woordeboek en veral belangrik, ‘n eie Afrikaanse vertaling van die Bybel. Dit wil dus voorkom of die afdwinging van Engels uiteindelik die amptelike aanvaarding en totstandkoming van Afrikaans tot gevolg gehad het, aangesien die eng Nedersettingsnederlands van 1652 alreeds soveel vervorming ondergaan het en nie werklik meer deur die Kapenaars gebruik is nie. Dit lei uiteindelik tot die Eerste Taalbeweging in 1875 en die daaropvolgende Tweede Taalbeweging ná die Tweede Anglo-Boereoorlog. Met die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1933 is Nederlands uiteindelik volledig verdring (sien **hoofstuk vyf** vir ‘n volledige beskrywing van die standaardisering van Afrikaans).

Die Engelse invloed op die Nederlandse taal kon egter ook nie uitbly nie. Heelparty Engelse woorde is vroeg reeds in die Nederlands van die Kapenaars opgeneem (Raidt 1980:210) bv. *convict*, *dandy*, *fair* en *hint*. Dit spreek vanself dat hierdie woorde ook in die Afrikaans van die Kapenaars gebruiklik geraak het. Met die toenemende verengelsing van die Kaap is ondanks baie suiweringsprosesse nie net woorde oorgeneem nie, maar die uitspraak van woorde is soms aangetas en in sekere gevalle het Engels ook die sintaktiese

patroon van Afrikaans beïnvloed. Volgens Conradie (1986:102) was Engels die sleutel tot bevordering in die beroepslewe en die Engelse kultuur en lewenswyse was 'n groot trekkrag in die dorpe en stede. Tog is daar heelwat teenkanting téén Engels gebied – veral as gevolg van die afdwingingsbeleid daarvan.

Dit is veral danksy die twee genoemde Taalbewegings dat Afrikaans (vgl. *Die Jaarvergadering van die Akademie vir Wetenskap en Kuns – Afrikaans: Dit is ons erns*. 1975) sterk na vore tree. Gedurende 1925 word Afrikaans en Engels die amptelike tale in die staatsdiens, onderwys en administrasie van Suid-Afrika. Maar na buite word Engels steeds in die ekonomiese en finansiële kringe as 'n belangriker “mag” gesien.

## 2.6 Slot

Dit is duidelik dat verskeie invloede en kulture tot die totstandkoming van Afrikaans bygedra het. Europese, sowel as nie-Europese en veral dan inheemse tale, speel 'n belangrike rol in die vorming van 'n taal wat eie aan die suidpunt van Afrika is.

Die proses van taalverandering is hier van kardinale belang, veral aangesien Nederlands in die vreemdetaalspreker se mond deur sy eie moedertaal en die invloede van die nuwe vasteland beïnvloed word. Dit gee uiteindelik aanleiding tot die prosesse van **versnelde normale taalverandering** en **radikale taalversteuring** wat in die volgende hoofstuk bespreek word.



## HOOFSTUK 3

*DIE PROSESSE VAN NORMALE TAALVERANDERING EN  
RADIKALE TAALVERSTEURING*

## HOOFSTUK 3

### DIE PROSESSE VAN NORMALE TAALVERANDERING EN RADIKALE TAALVERSTEURING

#### 3.1 Inleiding

Waar die prosesse van normale taalverandering en radikale taalversteuring ter sprake kom, is dit logies om af te lei dat dit binne 'n spesifieke taalgemeenskap geskied. In hoofstuk twee is 'n oorsigtelike beskrywing van die taalgemeenskap aan die Kaap gegee. Wat nou van belang is, is die **prosesse** wat hier aan die werk was.

Die begrip **taalverandering** staan hier sentraal. Volgens Stander (1990:117) kan taalverandering 'n interne proses wees wat so geleidelik plaasvind dat dit amper nie waargeneem kan word nie. In gevalle waar dit die produk van taalkontak is (soos in die geval van Afrikaans), is dit egter makliker waarneembaar. Van Rensburg (1994:170) stel dit duidelik dat daar eerder van 'n *normverplasing* sprake is – die tipiese geval hier is waar 'n nuwe groep sprekers, wat anders as die voorafgaande toonaangewende groep praat, in 'n bepaalde maatskappy die botoon begin voer. Die taal wat nie meer aan die nuwe norm voldoen nie – die taal (Nederlands) van die vorige sosiaal-dominerende groep – *verdwyn* nie, maar word net gaandeweg op die agtergrond geskuif.

Vervolgens word daar gelet op die verskillende prosesse van taalverandering. Wat **normale taalverandering** betref, val die fokus op die *diachroniese en sinchroniese ontleding* van die ontwikkeling van Afrikaans. By die proses van **radikale taalversteuring**, word daar indringend gekyk na die proses van taalbeïnvloeding wat veral getipeer word in die prosesse van *pidginisering en kreolisering*.

## 3.2 Taalverandering

Die taalveranderinge wat op Nedersettingsnederlands ingewerk het en Afrikaans tot gevolg gehad het, kan verdeel word in die volgende twee prosesse:

### 3.2.1 Taalverandering van binne en van buite

Volgens Ponelis (1989:10) is taalverandering van **binne** 'n spontane verandering wat ontstaan sonder enige beïnvloeding deur 'n ander taal. Alle tale is egter te alle tye aan taalverandering onderhewig, selfs in die mees stabiele en gevestigde taalgemeenskappe. Die moedertaalsprekers in só 'n situasie is verantwoordelik vir veranderinge, bv. die vorming van neologismes of nuutskeppinge wat in nuwe situasies of omstandighede gebruik word.

In taalverandering van **buite** is die stimulus egter 'n bepaalde taalkontaksituasie waar twee verskillende tipes onderskei kan word, nl. **beïnvloeding (ontlening)** en **versteuring**. By **ontlening** word daar verwys na die begrippe wat uit 'n ander taal oorgeneem en gebruik word, bv. *familie* (uit Frans), *dealer*, *service* (uit Engels) (vgl. Raidt 1980:76, 77). **Versteuring** daarenteen, is 'n vinnige en ingrypende verandering wat toegeskryf word aan gebrekkige (doel)taalverwerwing.

### 3.2.2 Taalverandering van onder en van bo

Taalverandering van **onder** begin op die informele omgangstaalvlak (die algemene spreektaal) van die laer sosio-ekonomiese klasse van die spraakgemeenskap en beïnvloed gevolglik die formele stylvlak van die kultuur- of skryftaal. Dit neem 'n aanvang wanneer daar variasie ontstaan tussen die reeds bestaande (dikwels *aanvaarde*) vorm en die nuutskepping of innovasie van die *nuwe* vorm.

Vergelyk bv. Ponelis (1989:11):

Ou vorm: *Ons het gehoor dat julle 'n nuwe motor wil koop.*

Nuwe vorm: *Ons het gehoor dat julle wil 'n nuwe motor koop.*

Mettertyd word die ou vorm deur die nuwe vorm verdring en dan is die taalverandering afgeloop.

Taalverandering van **bo** (kultivering) begin op die formele stylvlak van die kultuurtaal en brei uit na die informele spreektaal of omgangstaal (Ponelis 1989:12). Twee prosesse is hier van belang, nl. *gebruiksuitbreiding* en *standaardisering*. Onder eersgenoemde proses word daar verwys na die “groter aanwending” van Afrikaans – waar Afrikaans tot diep in die negentiende eeu slegs as die taal van die “laer” klasse gesien is, word dit later uitgebrei na die hoër kringe: die kultuur, kerk en onderwys met die sogenaamde verdringing van Nederlands deur Afrikaans. Verskrifteliking, met ander woorde die aanwending van die Afrikaanse taal vir die Bybelvertaling is dus hier van kardinale belang. Dit gaan verder gepaard met leksikale uitbreiding (woordeskatverryking) aangesien nuwe terme voortdurend benodig word.

By *standaardisering* is sleutel terme soos **veralgemening** en **verdefdiging** belangrik. Die taal wat nou die skryftaal geword het, word dus al hoe meer algemeen deur al die lede van die taalgemeenskap gebruik en sekere variante word as die norm aanvaar, terwyl ander as minder aanvaarbaar gesien word. Indien die minder aanvaarbare variante doelbewus of onbewus sosiaal gestigmatiseer word, is die kans goed dat hulle deur die sprekers vermy sal word en sal verdwyn.

Van Rensburg (1983:138) verwys na King wanneer hy op taalverandering fokus: Volgens King, wat binne ‘n TG-raamwerk opereer, is primêre taalverandering gebaseer op vier soorte reëlverandering, te wete: **toevoeging**, **weglating**, **herordening** en **vereenvoudiging**.

Op die taalteoretiese vlak maak Lubbe (1980:9) van vier teorieë melding. King se aannames hoort dus by die tweede teorie hieronder:

1. Die neo-grammatiese beginsel van die uitsonderingloosheid van klankwette (die tradisionele metode),
2. Die transformasionele teorie van reëlverandering,
3. Die sosiolinguistiese teorie van variabele reëls soos voorgestaan deur Labov, en
4. Die teorie van die tydsvariabele en leksikale diffusie soos voorgestel deur Wang, Chen en Hsieh – in 'n poging om “uitsonderings” te verklaar.

Tog lê die observasie dat tale gedurig verander onderliggend aan al die pogings om taalverandering te verklaar, met ander woorde: *taalvorme uit verskillende stadia (van lewende tale) lyk net nie eenders nie, en die gevolgtrekking word dan gemaak dat 'n vorm A verander het na 'n vorm B.*


### 3.3 Intertale

Wanneer 'n volwasse moedertaalspreker 'n ander taal aanleer aangesien hy dit as doeltaal in die oog het, praat hy op 'n gevorderde aanleerstadium 'n taal wat nie meer baie moedertaalkenmerke (brontaalinvloed) vertoon nie, maar wat ook nie presies aan die doeltaal gelyk gestel kan word nie. Die intertaal wat só ontstaan, is inderdaad 'n taal iewers op 'n graderingskaal *tussen* die doelwittaal en die tweedetaalspreker se moedertaal (Van Rensburg 1994:167).

Volgens Van Rensburg (1994:168) bestaan daar nie altyd begrip vir die natuurlike oorsake wat aanleiding gee tot die ontstaan van intertale nie. Die feit dat die meeste tale van die wêreld tans intertaalkenmerke vertoon, asook dat die voorkoms van dié kenmerke tot op groot hoogte sistematies en voorspelbaar is, word misgekyk wanneer hulle verkeerdelik as *foutiewe* vorme van die doelwittaal gekarakteriseer word.

Aanleedersvariëteite behoort as taalvorme in eie reg geïdentifiseer te word, vandaar dat hulle sinvol as **intertale** benader kan word.

Die aanvanklike gebroke vorm (*gebroke pidgin*) kan in 'n uitgebreide taalvorm (*akrolek*) ontwikkel. Dit behels dat die leerders op 'n kontinuum vorder namate hulle die doeltaal beter bemeester. In klassieke gevalle ontstaan 'n intertaal wanneer 'n **nedersettingstaal** en variëteite daarvan naas een of meer lokale tale voorkom. Tussen die pidginfase en die kreoolse fase lê 'n verskeidenheid ander fases of **doeltaalverwerwingsvlakke** wat met die volgende skema voorgestel word (De Wet 1996:103):



Volgens De Wet (1996:104) vertoon die skema die volgende drie taalvlakke:

1. bokant die boonste streep lê die **volwaardige tale** en beide die moedertaal van die leerder en die doeltaal lê op hierdie vlak;
2. bokant die middelste lyn lê die **Kreoolse vorme** (die moedertaal van die sprekers);
3. onder die middelste lyn word die **pidginstadia** aangedui.

Die volgende aspekte word ook deur De Wet (1996:104) uit die skema afgelei:

1. die gebroke pidgin stadium vertoon **grammatiese kenmerke** van die **moedertaal en leksikonitems van die doeltaal**;
2. die gebroke pidgin kan ontwikkel tot 'n **stabiele pidgin** en verder in 'n Kreoolse vorm;
3. die Kreoolse vorm (**akrolek**) kan ontwikkel tot 'n volwaardige taal met al die funksies van 'n natuurlike taal en met 'n uitgebreide grammatika;
4. die taalverwerwing van sprekers kan tot byna **algehele bemeestering** van die doeltaal ontwikkel (hoewel dit uitsonderlik is);
5. **fossilering** kan op enige stadium plaasvind sodat daar nie verdere ontwikkeling op die kontinuum is nie (soos in gevalle waar die pidginspreker nie die motief het om die doeltaal te bemeester nie, maar slegs 'n **beperkte, funksionele kommunikasiemiddel** nastreef);
6. indien die maatskaplike, sosiale en politieke omstandighede sodanig verander dat die aanvanklike doeltaal sy posisie vir die leerders verloor, sodat die leerders die maghebbers word (vergelyk ook Van Rensburg 1994:170, 171), kan die Kreoolse vorm ook in 'n **ander taal** ontwikkel soos aangedui deur **taal X** op die boonste lyn.

### 3.4 Standaardtaalvorm en Niestandaardtaalvorme

Van Rensburg (1997:49) stel dit duidelik dat die standaardisering van 'n taal en die verkryging van ampstaalstatus hand aan hand gaan met die geskiedenis van baie tale. 'n Nuwe amptelike taal moet in die eerste plek geskryf en gespel kan word. Die taal se woordeskat moet verryk word en sodoende bruikbaar word vir almal en op alle vlakke van die samelewing – in die onderwys, die hof, by studies, waar geles, geluister en ontspan word. Dit word uitgebrei deur die gedrukte en elektroniese media, woordeboeke, vakterme, 'n Bybelvertaling en dies meer. Maar net een van die verskillende variëteite van 'n taal word in die reël **gestandaardiseer**.

Standaardiseer beteken dat daar voorgeskryf word *hóé* die taal korrek gebruik kan word. Elke spreker se eiesoortige manier van praat (*idiolek*) kan nie as korrek aanvaar word in hierdie betekenis nie – ‘n gestandaardiseerde status word dikwels verkry op grond van ‘n taal se geskrewe literatuur.

As daar weer na taalverandering binne die konteks van die standaardvorm/niestandaardvorm van ‘n taal gekyk word, is dit volgens Van Rensburg (1994:170) belangrik dat taalverandering nie as ‘n proses beskryf kan word nie – waardeur morfeme byvoorbeeld aan woordeindes weggelaat word nie (vgl. Standaardnederlands *werken* naas Afrikaans *werk*). Die slot *-t* by naamwoorde het nie verval met die oorgaan van die Nederlandse woorde soos *kast*, *last* en *macht* na die Afrikaans *kas*, *las* en *mag* nie. Die variëteitgebaseerde siening wentel nie om ‘n proses van reëlverandering in taal nie, maar om die *verplasing* van ou norme in ‘n standaardtaal deur nuwes uit ‘n ander variëteit. Eerder as ‘n taalveranderingproses, vind daar **normverplasing** in ‘n veranderende taalgemeenskap plaas. Uit hierdie normverplasing tree die nuwe standaard- en niestandaardvorme (variëteite wat nie gestandaardiseer word nie) na vore.

Volgens Ponelis (1992:71) is Standaardafrikaans op grond van sy stylvlak meer formeel en versorg as die omgangstaal. Daar is ook ‘n kanaalverskil tussen die standaard- en omgangstaal: die standaardvariëteit word veral as skryftaal aangewend, terwyl die omgangstaal in ‘n groot mate die spreektaal is. Teenoor die ander variëteite van Afrikaans is Standaardafrikaans die algemene, bo-dialektiese of oorkoepelende variëteit.

### 3.4.1 Standaardtaalvorm

Die standaardtaal word as die norm vir ‘n spesifieke taalgemeenskap beskryf. Variante kan nie bestudeer word sonder verwysing na die **norm** waarvan hulle variante sou wees nie (Van Rensburg 1983:15). Niestandaardtaalvorme is gevolglik die variante van ‘n standaardtaalvorm. Dit impliseer egter geen linguistiese oordeel ten opsigte van die waarde van die afwykende vorm nie – dit veronderstel slegs dat daar afgewyk word van



die standaardvorm of die geïnstusionaliseerde vorm. Die ander vorme kan egter sosiaal gestigmatiseer word.

Volgens Du Plessis (1988:34) word die standaardtaal egter deur baie taalkundiges as 'n abstraksie beskou – 'n **geïdealiseerde vorm van taal**. Daar is volgens hierdie siening niemand wat die standaardtaal as 'n *omgangstaal* gebruik nie, waar omgangstaal dui op die onderlinge sosiale informele taalgebruik van 'n spraakgemeenskap.

Volgens Van Eeden (1998:2, 3) stel sommige geleerdes in Europa egter die verskil tussen 'n *taal* en *dialek* meer konkreet teenoor mekaar – by **taal** word die standaardtaal bedoel, en by **dialek** die omgangstaal van 'n bepaalde streek. In die taalkunde is die begrippe egter moeiliker definieerbaar. Hoppenbouwers (1990:13) laat hom soos volg oor dié begrippe uit:

*“In Taalkundig opzicht blijkt dit een weinig verhelderende tegenstelling te zijn, die bovendien aanleiding geeft tot allerlei misverstanden. Nemen wij een bekend voorbeeld: terwijl het Fries een taal word genoemd, is het Gronings voor veel mensen ‘maar’ een dialect. Vraag ze overigens niet om een min of meer samenhangende toelichting te geven bij dit verschil. Felle emoties zijn eerder te verwachten dan een evenwichtig betoog.”*

Carstens (1994:237, 238) stel duidelike riglyne waaraan 'n taal moet voldoen ten einde die karakter van 'n standaardtaal te verwerf:

1. **Status:** In elke taalgemeenskap onderskei die gebruikers van die besondere taal 'n *bepaalde taalvorm* wat hulle as *navolgenswaardig* beskou of as 'n *prestigevorm* sien. Dit hang nou saam met die feit dat die sprekers van 'n taal dikwels geneig is om op te sien na die taalgebruik van mense wat hulle as leiers op ekonomiese, kulturele, godsdienstige, politieke en ander gebiede ag. Die taalgebruik van hierdie leierfigure word dan mettertyd die norm wat nagestreef word.

2. **Vorm:** Die standaardtaal het dikwels in die loop van die tyd sekere veranderinge ondergaan: talle nuwe woorde is bygevoeg, ander woorde het in onbruik verval, sintaktiese aanpassings is gemaak, 'n eie spellingstelsel het ontwikkel en dies meer. Odendal (1989:167) stel dit duidelik dat wanneer die standaardtaal reeds 'n leidende posisie verwerf het, dit verfyning en 'n uitbreiding in die woordeskat ondergaan waarin die niestandaardvorme nie deel nie.
3. **Funksies:** Daar is wel 'n variëteit van Afrikaans wat gebruik word in die hoër funksie as die breër, bo-dialektiese kommunikasiemedium. Volgens Webb (1989:427, 428) is 'n standaardtaal 'n "bowestreekse variëteit" van 'n taal wat sprekers gebruik wanneer hulle die hoë kulturele funksies van die gemeenskap wil verrig, soos byvoorbeeld in die onderwys, die howe en algemene regsproses, die beoefening van godsdiens, in die wetenskap, ens. Dit is die vorm van die taal wat die sprekers daarvan tot nasionale eenheid saambind en as simbool van hulle nasionale trots dien.

### 3.4.2 Niestandaardtaalvorme

Soos reeds genoem, impliseer die begrip *standaardtaal* dat daar noodwendig ander taalvorme is wat *nie standaard* is nie. Hierdie vorme veronderstel egter nie taalgebruik wat van 'n "mindere" gehalte is nie. Volgens Carstens (1994:242) is dié vorme niestandaard omdat hulle NIE

- (a) algemeen oor die hele spraakgebied en
- (b) onder alle taalgebruikers voorkom NIE, maar wel beperk is in hulle gebruik tot byvoorbeeld 'n sekere geografiese gebied (streektale) of 'n spesifieke groep mense (groeptale).

Niestandaardtale kom in verskeie gedaantes voor en in terme van sprekers en hul doelwittale is daar dan drie kategorieë waarin niestandaardvorme ingedeel kan word (vgl. Van Rensburg 1983:16, 17):

- Sprekers kan '**n ander taal as hul moedertaal** in die oog hê, of selfs 'n ander variëteit van 'n moedertaal. Daar ontstaan gevolglik '**n gebroke taal** of 'n gebrekkige navolging van die een of ander taalmodel as gevolg van versteuring deur die moedertaal. So 'n gebroke taal is 'n niestandaardvariëteit van die doelwittaal.
- Die moedertaalspreker kan **aanpassings** in sy taal maak wanneer hy met sprekers praat wat nie sy taal goed magtig is nie, of wanneer hy só by bepaalde omstandighede aanpas dat sy taal hierdie aanpassings op verskeie maniere reflekteer, met ander woorde, in 'n bepaalde **register**. Hier kan byvoorbeeld genoem word die gepidginiseerde Afrikaans wat moedertaalsprekers met swart mense praat.
- Soms kan niestandaardvorme die resultaat wees van sowel die **pogings van vreemdetaalsprekers** om 'n ander taal te praat, as die pogings van die sprekers van daardie ander taal wat hulle weer op hulle beurt **meer verstaanbaar** wil maak vir die vreemdetaalsprekers.

Vir 'n leek is dialektiese taalgebruik dikwels **verkeerde** of **foutiewe** taal. Dit word dikwels as bloot afwykende taal van die standaardtaal beskou (Van Eeden 1998:3). Volgens Daan (1991:565) het Nederlanders tot onlangs toe nog dialekte as '**leg uitgesproke Hollands**' beskou. Dit is egter nie waar nie. 'n Dialek is 'n volwaardige taalsisteem en volgens Hoppenbouwers (1990:15) was dialekte dikwels eeue lank volwaardige en selfstandige taalsisteme, waarvan die gebruik beperk was tot die mondelinge kommunikasie van die geslote groep. Die dialek is dus die **taal (moedertaal) van die betrokke gemeenskap**.

Met die verbetering van kommunikasie en vervoer het al meer dialeksprekers met mekaar in aanraking gekom en het die dialekte mekaar onderling begin beïnvloed. Met die toename in welvaart en die opkoms van nasionale state het dialekte onder meer druk te

staan gekom. Die welvarendste dialekgroepe (die Hollandse taal van die welvarende provinsies Holland, Suid en Noord, gedurende die 17de eeu in Nederland) het aansien in bepaalde gebiede begin kry, wat veroorsaak het dat die naasliggende dialekgroepe hul eie dialek daarmee laat assimileer het, en die dialek van die welvarende groep oorgeneem het. Nie net welvaart alleen nie, maar ook politieke en militêre mag het die assimilasiëproses aangehelp. Hierdie aanvaarding van een dialek, wat later kultuurtaal van die hele gemeenskap word, is 'n ontwikkelingsproses wat oor 'n tydperk van eeue kan strek. Die skerpste verskille tussen dialekte is die duidelikste waar geografiese hindernisse kommunikasiebuffers gevorm het tussen bepaalde taalgemeenskappe (vgl. Van Eeden 1998:4, 5).

Du Plessis (1988:9) verwys na 'n variëteit as 'n oorkoepelende term om al die moontlike vorme van sistematiese variasie wat daar tussen tale en binne tale bestaan, in te sluit. 'n **Variëteit** van 'n taal is gevolglik 'n patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese verspreiding. Dit sluit hiervolgens eenhede groter as dialekte (byvoorbeeld verskillende tale) en kleiner as dialekte (byvoorbeeld registers) in.

Du Plessis (1988:9) onderskei verder tussen twee hoofsoorte variëteite. Aan die een kant is daar die **omgangsvariëteite** – die variëteite waarin mense hulself die natuurlikste uitdruk en wat ook iets oor die spreker reflekteer, bv. die streek van herkoms. Aan die ander kant bestaan die **registervariëteite** – die variëteite waarin mense binne groepsverband hulle besondere belangstelling of aktiwiteit uitleef, bv. godsdiens en stokperdjies.

Die variëteite van 'n taal kan aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf word:

- (i) *streeksverskille* (daar word talle geografiese gebiede in Suid-Afrika onderskei);
- (ii) *sosiale verskille* (sosio-ekonomiese faktore bepaal in 'n groot mate tot watter sosiale groep 'n mens behoort);
- (iii) *opvoedings- en opleidingsverskille* (met betrekking tot opleiding op skool, technikon, universiteit);

- (iv) *beroepsverskille* (volgens individuele aanleg en belangstelling);
- (v) *geslagsverskille* (mans en vroue se taalgebruik varieer);
- (vi) *ouderdomsverskille* (die taalgebruik van kleuters verskil byvoorbeeld van dié van tieners);
- (vii) *etniese verskille* (die Suid-Afrikaanse gemeenskap is saamgestel uit 'n verskeidenheid etniese groeperings waarvan die Maleiers, Griekwas, Indiërs, bruin mense en blankes deel uitmaak);
- (viii) *geloofsverskille* (hier word onderskei tussen godsdienstige groeperings soos die Moslems, Rooms-Katolieke, Hervormers, Gereformeerdes en nog baie ander); en
- (ix) *formeelheid van taalsituasies* (stylverskille wissel van intiem – tussen vriende en familie - tot bevrore – in die teenwoordigheid van vreemdelinge) (Carstens 1994:234).

Die tydstop waarop 'n dialek 'n taal word, is op linguistiese vlak nie aantoonbaar nie. Volgens Van Eeden (1998:5) is die enigste manier om so 'n tydstop aan te dui, 'n sosio-politieke besluit wat op 'n spesifieke datum van krag geword het. Die definisie volgens die sosiolinguistiek is dus 'n onlogiese definisie, maar hierdie onlogiese definisie is juis die harde werklikheid.

### 3.5 Normale taalverandering

Normale taalverandering verwys volgens Raidt (1989:98) na die **geleidelike verskuiwingsprosesse en die uitskakeling van oorbodige vorme** wat in 'n taal voorkom. Die resultaat van normale taalverandering in Indo-Europese tale is deurgaans *grammatikale vereenvoudiging en regularisering*, meestal met verlies van fleksie- en vervoegingsuitgange. Dié aanname is in ooreenstemming met De Klerk (1978:7) waar hy aanvoer dat dit uit die histories-vergelykende studie van tale blyk dat taalverandering in die rigting van die uitskakeling van redundansie beweeg. Redundansie verhoog die betroubaarheid en die transmissiekoste, terwyl 'n gebrek aan redundansie meer ekonomies is, maar die betroubaarheid van die stelsel verlaag.

Bogenoemde verskynsel of reëlverandering word soos volg deur Dik & Kooij (1973:208) aangespreek:

*Vaak heeft regelverandering op één niveau van de taalsystematiek gevolgen op een ander niveau. Wanneer bv. een sterk flekterende taal met een overvloed aan suffixen tevens een woordaccent heeft of krijgt dat regelmatig vóór de laatste lettergreep van het woord valt, dan zullen de suffixen gaandeweg minder duidelijk geartikuleerd worden en daardoor een zekere slijtage gaan vertonen. Dit zuiver fonologische feit heeft belangrijke grammatische konsekwenties, want het verlies van de in de suffixen vervatte informatie zal op andere wijze gekompenseerd moeten worden, hetzij door een strengere woordvolgorde, hetzij door nieuwe grammatische partikels.*

Raidt laat val ook die klem op Sapir se drie “drifts” wat aansluit by die beginsel van die uitskakeling van redundansie, nl.

- a. Die verlies van **kasusuitgange** (deflektering),
- b. die stabilisering van **woordvolgorde** (gewoonlik SVX), en
- c. die opkoms van die **onveranderlike woord** (die woord sonder affikse) of anders gestel, die inherente neiging om in die rigting van ‘n analitiese taal te verander (vgl. Lakoff 1972:178).

Volgens Steyn (1987:222) is fonetiese verandering wat tot reduksie en verlies lei ‘n proses wat te alle tye in alle tale aan die gang is. Die ontwikkeling van perifrastiese hulpwerkwoorde in die werkwoordsisteen is ‘n “drift”-neiging wat in baie of al die Indo-Europese tale aanwesig is. Daar is ‘n neiging – miskien nie so duidelik waarneembaar as by die “drift” in ander woordsoorte nie – dat sulke uitgange vervang word deur werkwoorde wat ook onafhanklik voorkom. In Afrikaans is daar, naas die sterk voltooide deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde funksioneer, blykbaar ook al hoe meer van hul swak ekwivalente, soos “*gevrieste* vleis”, “in *gebinde* vorm”, “dis ‘n *geskryfte/geskryfde* weergawe daarvan”, ensovoorts.

Die prosesse van diachroniese taalverandering en sinchroniese variasie is dus hier van belang, aangesien die genoemde veranderinge veral in hierdie twee beskrywings van 'n taal waarneembaar is.

### 3.5.1 Diachroniese Taalverandering en Sinchroniese Variasie

Die terme *sinchronie* en *diachronie* kan aan twee aspekte van die taalstudie gekoppel word nl. dat taal enersyds bestudeer moet word soos dit op 'n gegewe tydstip daar uitsien of funksioneer, en andersyds volgens die verandering wat oor 'n sekere tydperk plaasgevind het. Die **sinchronie** word op grond van die taalspreker se taal bestudeer. Data uit die spreker se taalgebruik word binne 'n *spesifieke tydperk* nagevors. Die **diachronie**, met ander woorde die historiese verloop, daarenteen, word uit twee perspektiewe bestudeer – prospektief = met verloop van tyd, en retrospektief = met teruggaan in tyd (Stander 1990:84).

Van Rensburg (1983:9) stel dit duidelik dat die onderskeidinge *sinchronie* en *diachronie* in gedrang gebring word uit die beskrywing van taalvariante in taalgebruik. Elemente uit diverse taalstadia kom vrylik in die daaglikse omgangstaal voor. Deur gelyktydig van sulke feite kennis te neem, kom die ondersoeker tot 'n **panchroniese** beskrywingsmetode waar daar eerder van 'n kontinuum sprake is – teenoor die praktyk om sinchroniese feite diachronies te verklaar.

#### 3.5.1.1 Diachronie

'n Diachroniese beskrywing van taal spoor die historiese ontwikkeling van die taal na en beskryf die **veranderinge** wat plaasgevind het tussen sekere sosiale strata van die taal op bepaalde stadiums in die tyd. *Diachronies* is dus ekwivalent aan *histories*. 'n

Diachroniese vergelyking dek dus al die vlakke van analise. Die ontwikkeling van Afrikaans vanuit die Nederlandse idioom is dus hier aan die bod.

### 3.5.1.2 Sinchronie

Terwyl die diachronie fokus op die historiese verandering van een idioom of taal na 'n ander, fokus die sinchroniese studie op die **spesifieke veranderinge** soos gemanifesteer in die verskillende taalkundige vlakke, bv. stylveranderinge, ontlenings van bepaalde terme, fonologiese veranderinge en verdere woordeskatverryking, fleksie- en verbuigingsveranderinge en veral vereenvoudiging op die algemene vlak.

## 3.5.2 Die rol van sewentiende-eeuse Nederlands

### 3.5.2.1 Diachroniese veranderinge

Aan die einde van die agtiende eeu het Afrikaans alreeds aansien as gebruikstaal geniet. Raidt (1980:50) stel dit duidelik dat Afrikaans uit die **Nederlands van die sewentiende eeu** ontwikkel het, aangesien dit die vorm van Nederlands was wat saam met die VOC-amptenare na die Kaap gekom het. Verskille wat tussen Afrikaans en Nederlands ontstaan het, kan teruggevoer word na veranderinge wat aan die Kaap deurgemaak is. De Villiers (1969:10) sluit hierby aan wanneer hy aanvoer dat Afrikaans 'n voortsetting of vertakking is van sewentiende-eeuse Nederlands wat in die sewentiende en agtiende eeu sy wesenlike trekke gekry het, maar eers in die jare 1914-1925 deur al sy sprekers as selfstandige taal aanvaar is en toe as kultuurtaal in sy mondelinge en skriftelike vorme gestandaardiseer en ontwikkel is. Die verhouding van beide die huidige Algemeen Beskaafde Nederlands en van Afrikaans tot die sewentiende-eeuse Nederlands is egter 'n gekompliseerde saak, omdat daar geen algemene eenvormige Nederlands in die sewentiende eeu in Europa gebruik is nie.



Volgens Hesseling (1923:4), een van die belangrikste ontstaansteoretici, vorm die “gouwspraak” van “Zuid-Holland” die basis van die Nederlandse dialekte waaruit Afrikaans ontwikkel het. Roodt & Venter (1984:226) fokus ook op Hesseling se teorie waarin hy beweer dat Afrikaans ‘n **semi-gekreoliseerde taal** is wat as gevolg van kontak tussen Nederlands en Maleis-Portugees aan die Kaap ontstaan het. Hy het baie klem gelê op die meertalige samelewing aan die vroeë Kaap en die gevolglike taalkontaksituasie. ‘n Uiteensetting van sy werk en beskouings volg later onder punt 3.6.2.

Die ontwikkelingspektrum van Afrikaans kan in drie dele uiteengesit word (Raidt 1980):

- Vorme wat kant en klaar **uit sewentiende-eeuse dialektiese Hollands** oorgeneem is en ander wat **meer algemeen** in Nederlands voorkom;
- Verskynsels waarvan die **eerste spore** of tendense **in die sewentiende-eeuse Hollandse volkstaal** aanwesig is; en
- **Jonger ontwikkelings** wat **eie is aan die Kaapse taal** en wat nie teruggevoer kan word tot die Nederlands van die sewentiende eeu nie.

### 3.5.2.2 Sinchroniese variasie

By sinchroniese variasie word daar veral gelet op die veranderings, ontwikkelinge en ook ooreenkomste op leksikale, sintaktiese, morfologiese en fonologiese gebied (vgl. Scholtz 1980 & Raidt 1980:50 – 56, soos hierna volledig in punte uiteengesit).

Wat die **leksikale vlak** aanbetref, verdeel Raidt (1980) woorde wat vanuit Nederlands in Afrikaans oorgeneem is en vandag nog gebruik word, soos volg:

- **Dialektiese Nederlands** – *dennebol, runnik, beeste*.
- Nederlandse woorde wat ‘n **betekenisverandering in Afrikaans** ondergaan het – *dom, drif, skof, pad, vlei, meid*.

Bogenoemde kry 'n nuwe betekenis aan die Kaap, maar behou tog ooreenkomste met die verwysings van die stamland.

- **Ou woorde** wat in Nederlands uitgesterf het – *bloeisel, altemit, bult, fontein, plaas*.
- **Neologismes in Afrikaans** waar aanpassing in 'n nuwe vaderland, die opkoms van die koloniste en die uitbreiding na die binneland dit genoodsaak het -  
*bontbok, erdvark, buffelgras* (plante en diere)  
*karoogronde, blomtyd, velskoen, biltong* (boerdery)  
*boorling, kleinnoi, kleinneef, sononder* (ander).
- **Seemans- en handelstaal**, aangesien die Kaap 'n belangrike verversingspos was. Die invloed van die Nederlandse skeepsterme is dus groot – *kombuis, spens, kombers, afslag, baken, kardoos*.

Vervolgens word daar ook gekyk na ander belangrike sinchroniese verskille tussen Afrikaans en Nederlands:

#### Op Sintaktiese vlak –

Die algemene grondslae van Afrikaans se sinsbou is dieselfde as dié van Nederlands. Afrikaans behou die oorspronklike Germaanse karakter en dan spesifiek, die Dietse karakter. Tog word daar ook enkele verskille aangetref (Raidt 1980):

#### *\*Dubbele ontkenning:*

In Afrikaans is die *nie* aan die einde van 'n enkelvoudige sin verpligtend. Dit ontwikkel uit die agtiende-eeuse Nederlands. In Afrikaans is daar besondere kenmerke, nl. die twee ontkenningpartikels is dieselfde en in sommige konstruksies is die tweede *nie* verpligtend, terwyl dit by ander vorme weggelaat word –

*Ek kan NIE kla NIE.* [...kan niet klagen]

*Hy weet glad NIE.*

**\*Reduplikasie:**

Dit veronderstel die **herhaling** van selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde onmiddellik na mekaar –

*Sy loop **sing-sing** deur die woud.* [werkwoord-werkwoord]

*Hulle kom **nou-nou**.* [bywoord-bywoord]

*Hulle word **een-een** na binne gestuur.* [telwoord-telwoord]

Hierdie verskynsel word wel in sommige Nederlandse dialekte aangetref, alhoewel die invloed van Maleis 'n groter rol speel.

**\*Werkwoordkonstruksies:**

In Afrikaans tref mens die volgende **verbonde eenhede** aan, terwyl dit in Nederlands nie 'n vaste onskeibare eenheid vorm nie –

*Sy **sit en lees**.* [...zit te lezen]

*Hy **lê en slaap**.* [...lag te slapen]

Hierdie verskynsel het vermoedelik uit sewentiende-eeuse volkstaal of Middelnederlands ontstaan. Waarskynlik was dit nog 'n oorblyfsel wat aan die Kaapse gemeenskap oorgedra is. In Nederlands is dit verdring deur die *te + infinitief*.

Op **Morfologiese vlak** (Raidt 1980) –

**\*Die bepaalde lidwoord:**

*de,het/een ----- die/'n*

Dit kan toegeskryf word aan die **invloed van vreemdelinge** wat aan die einde van die sewentiende eeu die oorspronklike vorme “foutief”/ anders gebruik het.

**\*Aanwysende voornaamwoord:**

*dit,dat* en *deze,die* word na aanleiding van dieselfde proses as in bogenoemde, ontvorm tot *hierdie, daardie*, alhoewel die proses eers na 1850 afgehoop is.

**\*Persoonlike voornaamwoord:**

In Afrikaans is daar **sterk vereenvoudiging** veral ten opsigte van **meervoudsonderskeidinge** –

Onderwerp	Voorwerp
1. wij (we) [ons]	ons [ons]
2. jullie [julle]	jullie [julle]
u [u]	u [u]
3. zij (ze) [hulle]	hun, ze [hulle]

Die aanwending van *ons* in die onderwerpsposisie is reeds teen 1795 tipies van Afrikaans. Dit ontwikkel na aanleiding van 'n dialek van Seeland uit die sewentiende eeu.

**\*Woordvorming: samestellings en afleidings:**

Volgens Raidt (1989:102) is normale taalverandering besonder opvallend op die gebied van die **woordvorming** waar Afrikaans die Germaanse sisteem van woordvorming feitlik onveranderd uit Nederlands oorgeërf het. Nuwe woorde word hoofsaaklik deur middel van **samestellings en afleidings** gevorm. Sekere aspekte van woordvorming is egter nuut, nl. meerfunksionaliteit van woorde, funksiewisseling, woordsoortverandering en die vorming van spesifieke geredupliseerde komposita wat eerder die gevolg van taalversteuring en vereenvoudiging is.

In Afrikaans – soos in Nederlands – is die volgende **samestellings** gebruiklik –

- Substantief as woordkern – *huisvrou, badkamer, mannekrag*
- Adjektief as woordkern – *vuurwarm, domastrant, doodsbлек*
- Werkwoord as woordkern – *agterkom, baasraak, boekevat*

Op **Fonologiese vlak** (Raidt 1980) –

In 'n vergelyking van Nederlands met Afrikaans wat die klankstelsel betref, is daar opvallende verskille sowel as ooreenkomste. Afrikaans het 'n kenmerkende fonologiese struktuur wat geleidelik as gevolg van verskeie prosesse van **klankverandering** ontstaan

het – sommige het vroeg begin en tot 'n vaste norm in die omgangstaal ontwikkel, terwyl ander eers later 'n duidelike patroon aangeneem het. Die meeste prosesse het egter op die gebied van die (i) **konsonante** voorgekom en het in (ii) die **Hollandse dialek** hul oorsprong (Raidt 1989:104, 105).

*\*Wegval van slot-/t/:*

*nag < nacht*

*vernuf < vernuft*

*bors < borst*

Bogenoemde was reeds rondom 1700 'n vaste kenmerk van die Kaapse omgangstaal. Hierdie klankverlies het ook 'n **vaste fonologiese reël** in Afrikaans geword. In die meervoudsvorm van die selfstandige naamwoorde het dié *-t* egter behoue gebly.

*\*Sinkopee van intervokaliëse /d/:*

Hierdie verskynsel was reeds in Oud-Nederlands bekend –

*ouers < ouders*

*blye < blijde*

*ry < rijden*

*gebooie < geboden*

*\*Sinkopee van intervokaliëse /x/:*

Hierdie verskynsel het reeds vroeg in die 18de eeu in Kaaps-Nederlands voorgekom –

*hael < hagel, spieël < spiegel, vroeër < vroeger, lê < leggen, vra < vragen*

### 3.5.3 Ander Europese invloede

**Duits** en **Frans** speel in vergelyking met Nederlands 'n minder belangrike rol. Die Franse het, soos in hoofstuk twee aangedui, vinnig die taal aangeleer. Reeds kort na 1700 was Frans aan die uitsterf aan die Kaap. Die invloed van hierdie taal is dus beperk tot **enkele leenwoorde**, bv. *garage, advertensie, agent, bril, domein, kasteel, sertifikaat, tert,*

*prakseer, outoriteit, décor, humeur, pendule* (vgl. Raidt 1980 & Scholtz 1980 & 1981:259). Aangesien Nederlands self ook sterk deur Frans beïnvloed is, is die meeste vorme via Nederlands in Afrikaans opgeneem.

Die invloed van Duits is ook nie werklik noemenswaardig nie. Dit is hoofsaaklik ook tot enkele leenwoorde beperk. Duitse huursoldate het na die Kaap gekom in die diens van die VOC. Hulle het hul eie taal egter vinnig verruil vir die Kaapse taal. **Ontlenings** uit Duits is ook via Nederlands in Afrikaans opgeneem: *baanbreker, eensaam, grens, kroeg, morsdood, omgewing*. Direkte leenwoorde sluit in *laer, stewel, swaap, swernoot, sweis, waks, kamaste* (Scholtz 1981:259 & vgl. Scholtz 1980).

#### 3.5.4 Nie-Europese invloede

Die **Portugese** het oorspronklik oor die monopolie van die seehandel beskik. Dit het hulle in kontak met inboorlinge van die Kaap gebring nog voor die Nederlandse VOC 'n verversingspos as halfwegstasie vir dié handelsroete ingestel het (vgl. hoofstuk twee in die verband). Met die oornome van die monopolie deur Nederland het baie van die skeepsterme behoue gebly en is dit in Nederlands opgeneem. Saam met die ontwikkeling van Afrikaans is hierdie terme ook oorgedra (Scholtz 1980:35).

'n Verdere invloed was die **Oosterse slawe** wat na die Kaap ingevoer is aan die einde van die sewentiende eeu. Op dié wyse het Maleis en Portugees ook 'n bydrae met betrekking tot leenwoorde verskaf:

Maleis – *baadjie, baie, baklei, katel, kabaai, nôi, piering, piesang, sambok*

Portugees – *aia, bredie, kiepersol, kraal, ramkie, tronk* (vgl. Raidt 1989:112).

Die **Khoikhoi** het heelwat bygedra tot die uitbreiding van plant-, plek- en diername. Aangesien hulle in noue kontak met die vryburgers was in veral 'n werkgewer-

werknemer-situasie, is verskeie van dié woorde in die Kaapse woordeskat opgeneem – veral wat dinge en plekke, onbekend aan die Europese mense, betref:

- *Goudini, Hantam, Karoo, Gamka, Kango, Garies, Prieska* (plekname)
  - *koedoe, kwagga, geitjie, karee, kanna, boegoe* (plant- en diername)
- (Raidt 1989:111)

### 3.6 Radikale Taalversteuring

Versteuring is volgens Ponelis (1989:11) 'n **vinnige en ingrypende verandering** wat toegeskryf word aan gebrekkige taalverwerwing. Dit het in die 17de en 18de eeu op Hollands aan die Kaap ingewerk om daarvan Afrikaans-Hollands en uiteindelik Afrikaans te maak. Die veranderinge in Afrikaans was vinnig in dié sin dat hulle teen 1750 óf afgeloop óf goed aan die gang was.

Ingrypend was hierdie veranderinge ook vir sover hulle die grammatiese kern van Hollands aangetas het: die werkwoordstelsel (werkwoordelike vervoeging), tempus en die genusstelsel van die substantief.

Langdurige taalkontak, volgens Raidt (1989:117), gaan gewoonlik gepaard met beïnvloeding en dikwels ook taalversteuring. In 'n meertalige gemeenskap is grootskaalse ontlening en/of gebrekkige aanleer byna onvermydelik, en dit kan tot taalversteuring lei óf deur 'n bespoediging van normale taalverandering óf deur 'n drastiese uitwerking van vereenvoudiging binne die raam van die oorspronklike grammatika.

Gewoonlik word taalversteuring deur 'n duidelike patroonmatigheid gekenmerk, dit wil sê die sprekers maak gereeld dieselfde tipe foute. In die geval van 'n uiters gebrekkige taalgebruik, wat populêr *gebroke taal* genoem word, is juis **onstabieleit** en **onpatroonmatigheid** van die foute die opvallendste kenmerke (vgl. Pfeiffer 1980). In die geskiedenis van Afrikaans behoort taalversteuringsprosesse tot die hoofkategorie wat

taalverandering veroorsaak het. Pidgin- en Kreoolse tale is gevolglik die grammatiese strukture wat uit die vereenvoudigingsprosesse ontstaan.

### 3.6.1 Pidgin- en Kreoolse tale

*Pidgins en Kreoolse tale* is grammaties beperkte tale, dus tale wat in vergelyking met die tale waaruit hulle spruit, 'n sterk gereduseerde grammatika het (Ponelis 1989:21).

'n Ingrypend beperkte taal is 'n *pidgin*. Dit is 'n erg gereduseerde taal wat suiwer as verkeerstaal aangewend word en geen primêre gebruikers (moedertaalsprekers) het nie, 'n taal dus sonder taalgemeenskap.

Romaine (1990:117) bied 'n uiteensetting van die verskillende stadia van 'n pidgin. Sy beskryf die *jargonstadia* as gekenmerk deur groot individuele variasie, 'n eenvoudige klanksisteem, een- of tweewoordsinne en 'n baie klein leksikon. Dit word gebruik in 'n beperkte kommunikasieomgewing, byvoorbeeld vir handelsdoeleindes of vir nuwe werkers. Die *stabiele pidgin*, daarenteen, het beide eenvoudige en komplekse sinne. Daar bestaan gevolglik in hierdie ontwikkelingsstadium sekere sosiale norme en konsensus omtrent linguistiese korrektheid. Die *uitgebreide pidgin* het 'n komplekse grammatika, 'n ontwikkelde formele komponent en 'n toename in taaltempo. Dit word ook in byna alle domeine van die alledaagse samelewing gebruik.

'n *Kreoolse taal*, daarenteen, kan beskou word as 'n voormalige pidgin wat intussen 'n primêre taalgemeenskap verwerf het en in dié proses gekultiveer en verryk is, maar wat steeds die tekens van sy geskiedenis dra.

Markey onderskei tussen elf verskynsels vir die klassifikasie van grammatiese gereduseerde tale (**Kreoolse tale**) (*in* Ponelis 1989:22):



1. **Genus** (bv. die onderskeid tussen *de-* en *het-*woorde in Nederlands.). Dit ontbreek in 'n Kreoolse taal, en ook in Afrikaans en Engels het dit verlore gegaan.
2. **Meervoudsaanduiding**. In 'n tipiese Kreoolse taal word meervoud deur 'n verbinding tussen 'n substantief en 'n pronominale vorm aangedui, bv. *kindhulle* (kinders).
3. **Volgorde**: konsekwent SVX is kenmerkend van 'n Kreoolse volgorde (In Afrikaans is die hoofsinne SVX, terwyl die bysinne 'n SXV-volgorde vertoon. Engels vertoon slegs 'n SVX-volgorde.)
4. **Geslagsonderskeid** by derdepersoonspronomina ontbreek in 'n Kreoolse taal.
5. Kreoolse tale het geen **naamvalsisteem** nie.
6. In Kreoolse tale kom gegrammatiseerde **vergelykingskonstruksies**, soos bv. *Piet is groter as Klaas NIE* voor nie.
7. Kreoolse tale het drie **tempus-aspekmerkers** wat vooraan die werkwoord geplaas word.
8. In Kreoolse tale kom nie-finiete **werkwoordfleksie nie voor nie** (dus fleksie van die infinitief en die voltooide deelwoord).
9. Die **passief** kom nie in tipiese Kreools voor nie.
10. Kreoolse tale herstruktureer **besitskonstruksies** na analogie van lokatiewe uitdrukkings.
11. In tipiese Kreools staan die **ontkenningsvorm** voor die werkwoord.

Raidt (1989:118 - 122) is van mening dat die situasie rondom die vereenvoudiging in die Kaapse taal die resultaat is van taalversteuring, maar dat die latere regularisering as *normale taalverandering* gesien moet word – as 'n interne proses binne 'n relatief geslote spraakgemeenskap. Roberge (1994:20) sluit hierby aan deur aan te voer dat Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands op 'n vreemde vasteland is nie – die Kreoolse kenmerke, soos byvoorbeeld *defleksie*, kan toegeskryf word aan die invloed van die niemoedertaalsprekers van Nederlands, met ander woorde die **verskillende kultuur- en rassegroepe** wat aan die Kaap teenwoordig was. Volgens Raidt (1989) was van die volgende prosesse in die nedersetting aan die werk in die konteks van radikale

taalversteuring wat uiteindelik sou lei tot die ontwikkeling van 'n Kreoolse taal met kenmerke soos hierbo deur Markey weergegee:

- a. **Defleksie:** Waar Nederlands vervoegingsuitgange vir die persone van die enkelvoud en meervoud het (ik *loop*, je *loopt*, hij *loopt*, wij, jullie, zij *lopen*), ken Afrikaans net die werkwoordstam sonder uitgang (ek, jy, hy, ons, julle, hulle, ens. *loop*),
- b. **Tempusverlies:** Ewe drasties is die totale verlies van twee *tempora*, nl. Die preteritum (baie belangrik) en die plusquamperfectum, waar Afrikaans slegs een gemerkte verledetydsvorm het, wat die oorspronklike perfektum is. Vergelyk bv. *Hij werkte/ Hij heeft gewerkt/ Hy had gewerkt*, teenoor – *Hy het gewerk*.
- c. **Regularisering van voltooide deelwoorde:** Waar Nederlands twee soorte voltooide deelwoorde onderskei, dié van die sterk en die swak werkwoorde, ken Afrikaans slegs die vorm *ge* + werkwoord, bv. *gewerk, gehoor*, ens.
- d. **Verlies van die infinitief:** Afgesien van *hê* en *wees*, besit Afrikaans geen formeel kenbare infinitiefvorm nie. Die vroegste voorbeelde van die infinitief sonder die uitgang *-en* kom in die gebroke of foutiewe Nederlands van vreemdelinge, veral Franse Hugenote, voor.

Tog is daar heelwat bespreking en verdeeldheid oor die presiese aard van **Afrikaans** as Kreoolse taal. Die dispuut hieroor spruit veral uit die feit dat daar aangetoon is dat Kreoolse tale min, indien enige, eksklusiewe kenmerke besit.

### 3.6.2 Die Kreoolse aard van Afrikaans

Volgens Kotzé (1994:130 - 131) is daar reeds aangetoon dat eienskappe soos taalvereenvoudiging, -aanpassing en -vermenging, wat as diachroniese veranderingsmeganismes deurslaggewende maatstawwe was by die klassifikasie van

Kreoolse tale van onlangse oorsprong, by ouer tale soos Engels en Frans 'n vergelykbare rol gespeel het. 'n Klaarblyklike verskil is die tempo van verandering by die moderne Kreoolse tale, asook die feit dat die strukturele wysigings binne die raamwerk van die kreolistiek gedokumenteer en geïnterpreteer is.

Volgens Hall in Winford (1996:313),

*“are (there) no structural criteria which, in themselves, will identify a creole as such, in the absence of historical evidence.”*

Tog stel Winford dit duidelik dat in hierdie debat 'n ander belangrike siening na vore gekom het, nl. die aanname waarvolgens Kreoolse tale en pidgins binne 'n **tipologie van kontaktale** geplaas word. Binne hierdie siening is Kreoolse tale nog steeds as belangrik beskou, alhoewel hulle nie as 'n *absolute tipe* onderskei word nie, maar gereleveer word tot 'n tipe binne die kontaktaaltipologie.

Volgens Van Rensburg (1995:117) sluit die problematiek van Kreoolse tale nou aan by ander vraagstukke en kan dit nie in isolasie bestudeer word nie. Kreoolse studies vertoon byvoorbeeld belangrike raakpunte met die sosio-politiese en sosio-ekonomiese omstandighede van mense in die kontaktsituasies van koloniale gebiede. Hulle taalvermoë maak een van die hoekstene van hulle bestaan uit. Maatskaplike toestande en sosiale onderstrominge kan op geen stadium geskei word van die taalkundige bestudering van die Kreolistiek nie. Raidt (1994:50) daarenteen, stel dit duidelik dat die veelvuldige invloed van vreemde sprekers en vreemde tale aan die Kaap aanleiding gegee het tot 'n interessante situasie van *“language interference”*. By so 'n bestudering kan geen bewyse vir 'n Kreools-Portugese substraat gevind word nie en nog minder vir 'n skielike vereenvoudiging.

In hierdie verband is dit veral belangrik om kennis te neem van Hesseling se teorie, soos weergegee deur Ponelis (1999:4 – 6): Hesseling het hom bepaal by die dinamika van taalkontak in die vroeë Kaapse samelewing: taalkontak, so het Hesseling reeds in 1897 beweer, het 'n ingrypende impak op Afrikaans gehad. Volgens Hesseling het sowel Frans

as Duits en Koi weinig invloed op wordende Afrikaans gehad. Verreweg die grootste deel van sy studie word gewy aan die rol van Maleis-Portugees in die vroeë Kaapse samelewing. Onder die term Maleis-Portugees verstaan Hesseling 'n gebroke of Kreoolse Portugees met sterk Maleise invloed wat in Oos-Indië naas Maleis as verkeerstaal gebruik is. Hierdie vorm van Portugees is volgens Hesseling gevestig as maritieme verkeerstaal in die Portugese koloniale ryk wat deur die VOC oorgeneem is. Uit hierdie koloniale ryk is Maleis-Portugees na Kaapstad ingevoer en is die posisie daarvan versterk deur slawe uit Portugese koloniale gebiede soos Guineë en Angola. Hesseling het gevolglik die ontstaan van Afrikaans ten volle aan die hand van **beïnvloeding** probeer verklaar.

Afrikaans het volgens Raidt (1994:50) nóg uit 'n pidgin nóg uit 'n vorm van Kreools-Portugees ontwikkel. In 'n **vereenvoudigingsproses** van omtrent 150 jaar het daar 'n *reduksie van morfologiese vorme* plaasgevind, veral op die gebied van die nominale en verbale vormstelsels. Maar die kernwoordeskat, woordvorming, woordafleiding en sinsbou het in hierdie proses Germaans gebly. Die invloed van vreemde tale en sprekers kan nie altyd direk aangetoon word nie.

Holm (1988:9) onderskei verder tussen –

1. *Post-kreoolse tale*, waar Kreoolse kenmerke by 'n kontinuum van sosiolekte geleidelik deur kenmerke van die brontaal by wyse van releksifisering vervang is; en
2. *Semi-kreoolse tale*, wat die resultaat is van die ontlening van Kreoolse kenmerke, sonder dat die betrokke taal self 'n Kreoolstadium deurgemaak het.

Volgens bogenoemde kenmerke klassifiseer hy Afrikaans gevolglik as 'n **Semi-kreoolse taal**.

Hancock (1974: 519) definieer **Afrikaans** in sy lys van pidgins en Kreoolse tale as:

*Afrikaans, "Taal" or "Cape Dutch", sometimes referred to in colloquial Dutch as "Baby Hollands". May be said to be a rudimentary creole, its formation involving only semi-creolization away from the metropolitan language.*

Thomason & Kaufman (1988:256) sien Afrikaans weer as:

*Historically a descendant of Dutch, as the Afrikaners claim, because it preserves a significant portion of Dutch structures in all its grammatical subsystems, even (though much reduced) in the morphology. But its development into a separate language was in fact heavily conditioned by nonwhites who learned Dutch imperfectly as a second language.*

Bogenoemde sienings oor die kreoolse aard van Afrikaans word ook deur Sebba (1997:161) aangespreek as hy beweer dat 'n debat al lank gevoer word oor die vraag of Afrikaans 'n Kreoolse taal genoem kan word. Volgens Sebba is die vereenvoudiging wat in Afrikaans se grammatiese struktuur aangetref word, tiperend van 'n Kreoolse taal. Dit is egter weer kompleks op ander gebiede, waar dit ooreenstem met Nederlands. Laasgenoemde is nie tiperend van ander Kreoolse tale nie. So byvoorbeeld verskil die woordvolgorde van hoofsinne (SVO) van dié van bysinne (SOV). Dit is ook die geval by Duits en Nederlands. Die verskille tussen Afrikaans en Nederlands is dus nie so groot nie. Daar is selfs 'n mate van ooreenstemmende verstaanbaarheid tussen die twee tale – veral op die gebied van die geskrewe taal. Om hierdie rede voer Sebba aan, is dit duidelik dat Afrikaans eerder **gedeeltelik (semi-)gekreoliseerd** is.

Daar is egter 'n verdere taalvorm wat in “*Kreoolvriendelike*” omstandighede kan ontwikkel, naamlik die **koine**, en waarvoor drie vereistes gestel word (Kotzé 1994:132):

1. 'n Koine is die resultaat van **vermenging tussen taalsubsteme** wat óf onderling verstaanbaar is, óf dieselfde gesuperponeerde standaardtaal deel.
2. Koineïsering, anders as pidginisering, is tipies 'n **stadige en geleidelike** proses en drastiese reduksie is nie teenwoordig nie.
3. Die sosiale korrelaat van koine-ontwikkeling is **volgehoue intensiewe kontak** en geleidelike assimilasië van sosiale groepe.

Veral die eerste vereiste weerspieël die feitelike situasie van vroeë Afrikaans, deurdat die stedelike Nederlands van die hoërklas in die Hollandse stede Amsterdam en Den Haag tot

1795 as norm vir Kaaps-Hollands gedien het (Kotzé 1994:133). Soos deur Raidt (1994:50) aangetoon, was die taalkundige verandering 'n geleidelike proses wat oor bykans 150 jaar gestrek het. En laastens is dit duidelik dat die vernakulêre Kaapse norm 'n baie sterk invloed uitgeoefen het en minderheidsgroepe is gevolglik binne 'n kort tydperk in die taalgemeenskap geassimileer. Die informeel gestandaardiseerde Afrikaans in sy vroeë vorm was dus oorwegend die resultaat van **koineïsering**.

### 3.7 Slot

Die onderskeie aspekte van taalverandering en taalversteuring is in hierdie hoofstuk uiteengesit – veral met inagneming van die Kaapse situasie en prosesse wat spesifiek hier aan die werk was.

In die volgende hoofstuk word daar veral gelet op die oorkoepelende hipotese dat daar drie tipes Afrikaans uit hierdie situasie ontwikkel het, te wete Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans. Hierdie drie tipes het ontstaan as gevolg van verskillende invloede aan die Kaap wat veroorsaak dat die koloniste óf in die Kaap aangebly het óf terreine dieper die binneland in verken het.

115706746

U.O.V.S. BIBLIOTEK

HOOFSTUK 4

*DRIE SOORTE AFRIKAANS*

## HOOFSTUK 4

### DRIE SOORTE AFRIKAANS

#### 4.1 Inleiding

Volgens Van Rensburg (1983:12) is dit 'n algemene siening dat die sosiale verskille tussen mense gereflekteer word in taalverskille. Die verband tussen taal en sosiale stande kom duidelik na vore onder *natuurlike* omstandighede. Wanneer sosiale grense afgedwing word (byvoorbeeld in die ontstaan van kultuur- of taalbewegings), reflekteer taal ook die *onnatuurlike* onderskeiding. Hierdie aspekte is belangrik binne die domein van die sosiolinguistiek. By die sosiolinguistiese benadering gaan dit hoofsaaklik oor taalvariasie binne bepaalde **kultuurverbande of sosiale stratifikasies**.

Binne die sosiolinguistiek staan die begrip *taalgemeenskap* veral sentraal. Vir Bloomfield (*in Van Rensburg* 1983:22) was 'n taalgemeenskap 'n groep mense wat **dieselfde stelsel van taaltekens** gebruik, terwyl dit volgens die Chomsky-siening 'n **homogene groep sprekers** moet wees. Hymes (*in Van Rensburg* 1983:22) sien weer die taalgemeenskap as 'n sosiale, eerder as 'n taalkundig-begrensde eenheid, terwyl dit vir die taalgeograaf 'n groep sprekers binne 'n geografiese afgebakende gebied is. Volgens Du Plessis (1988:17) sluit 'n taalgemeenskap **al dié sprekers in wat in onderlinge verkeer van dieselfde taal gebruik maak**. Hoewel sodanige sprekers dieselfde taal praat, praat nie twee sprekers presies dieselfde nie. Al hierdie sienings in ag genome, gaan dit egter in wese oor 'n *groep mense* met 'n bepaalde *tipe taalgebruik*.

Dit is belangrik om te kyk na die verskillende tipes of *stratifikasies* van taalgemeenskappe soos wat ontstaan het uit die kerngemeenskap aan die Kaap. Die gemeenskap aan die Kaap het nie geografies begrens gebly nie en verskeie ekspedisies is dieper die binneland in onderneem op soek na meer grondgebied en verdere



handelsmoontlikhede (vgl. hoofstuk twee). Gevolglik het heterogene gemeenskappe hulle op verskillende geografiese gebiede gevestig en 'n eie kultuur en taalgebruik het sodoende ontstaan. In wese gaan dit hier oor die ontwikkeling van **Kaapse Afrikaans, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans (Griekwa-Afrikaans en Richtersveldafrikaans)**.

#### 4.2 Taalbewegings of kultuurbewegings

As die verdeling van Afrikaans in ag geneem word, is dit belangrik om ook te let op die kenmerke van taal- of kultuurbewegings. Vervolgens word daar dus gekyk na verskillende navorsers se sienings rondom hierdie verskynsel, alhoewel taal en kultuur in die setlaarsgemeenskappe eers veel later aan die bod gekom het.

Steyn (*in Du Plessis* 1986:3) identifiseer ooreenstemmende elemente waarop hy uiteindelik sy tweeledige definisie van 'n *geslaagde* taalbeweging baseer. Só 'n taalbeweging word gekenmerk deur:

- (a) die *noodsaaklike voorwaardes* waaraan dit moet beantwoord, en
- (b) die *verskillende fases* waarvolgens dit verloop.

Volgens dié stel voorwaardes

moet 'n volk **sy taal** behou,

moet daar **taalgetroue leiers** wees en

moet daar 'n **prikkel** wees wat die intellektueles, en uiteindelik die massa, tot optrede beweeg.

Steyn (1980) identifiseer die verskillende fases van 'n taalbeweging as:

1. 'n bewusmakingsfase
2. 'n strydfase en
3. 'n handhaaffase.

Van Rensburg (*in Du Plessis 1986:3*) suggereer dat bogenoemde definisie die kardinale aspekte van 'n taalbeweging nie verreken nie, naamlik die **dryfvere** daaragter en die spesifieke rol wat **taal** speel. Die dryfvere agter 'n taalbeweging is van kardinale belang. Taal is gevolglik die middel tot 'n politieke en/ of godsdienstige doel. So gesien is 'n taalbeweging eintlik '**n politieke en/ of godsdienstige beweging** (Du Plessis 1986:4).

Twee kategorieë van taalbewegings is dus van belang, nl.

Taalbewegings wat uiteindelik uitloop op die *vestiging van 'n standaardtaal* en bewegings wat die *hervestiging van 'n standaardtaal* tot gevolg het.

'n Geslaagde taalbeweging kan dus getipeer word na gelang van die soort **taalbeplanning** wat as resultaat daaruit voortvloei (Du Plessis 1986:6, 7).

Tradisioneel word die begrip "Afrikaanse taalbeweging" in verband gebring met 'n stryd om die **erkenning van Afrikaans**, wat veral gewentel het rondom die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Hierdie twee taalbewegings het egter eers later in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans ter sprake gekom. Tog dien dit ook as voorbeelde van *noodsaaklike verskuiwings* gebaseer op verskillende omstandighede. Die volgende taalbewegings kan ook onderskei word, alhoewel nie almal in hierdie studie bespreek word nie: drie **politeikgeïnspireerde bewegings**, te wete die Oosgrenstaalbeweging, die Afrikanerbondbeweging en die Na-oorlogse Taalbeweging, en twee **godsdiensteïnspireerde taalbewegings**, te wete die Maleier-Afrikaanse Taalbeweging en die Bybelvertalingsbeweging (vgl. Du Plessis 1986).

Die vraag kan dus gevra word of 'n mens hier te make het met taalbewegings of kultuurbewegings wat uiteindelik die veranderde taal, **Afrikaans**, dieper die binneland ingedra het, en of ander, meer basiese faktore, uiteindelik 'n rol gespeel het.

Dit is duidelik dat die bewegings dieper die binneland in, aangehelp is deur verskeie faktore – die pokke-epidemie (soos beskryf in hoofstuk twee) wat die Khoikhoi dieper die binneland ingedwing het en die vryburgers wat veral onder die Kompanjie se reëls en

later die Britse heerskappy probeer uitkom het. Vir die veeboere en trekkers het dit in wese ook gegaan oor die beskikbaarheid van weiveld en die oorlewing van hul vee. Die begrippe **taal** en **kultuur**, soos reeds genoem, het dus veel later eers 'n belangrike faktor geword. Vir eers was *oorlewing* in 'n vreemde binneland van belang.

### 4.3 Verskillende soorte Afrikaans en Afrikaanse Taalbewegings

Wat die verskillende variëteite van Afrikaans betref, tref Van Rensburg (1989:436 - 437) die volgende onderskeid (punt (1) tot (7)):

(1) 'n Variëteit wat **in Suid-Afrika** ontstaan het deurdat *inheemse sprekers* van vroeg af al die taal van die Nederlanders probeer aanleer het, en hier word veral lede van die Khoikhoi-groep in gedagte gehou.

(2) 'n Variëteit wat **gedeeltelik in Suid-Afrika** ontstaan het en gepraat is deur *slawe* wat *van buite* Suid-Afrika ingebring is en hier Nederlands aangeleer het. Dit het egter ook gebeur dat sommige slawe, vanweë vroeëre kontak met Nederlands, alreeds 'n vorm van Nederlands buite Suid-Afrika gepraat het.

(3) Variëteite van **verskeie Europese immigrante**, soos die *Franse*, wat Nederlands probeer aanleer het. Die groot groep *Duitse immigrante* kon ook hieronder ingedeel word. *Portugees* was aan die beginjare van die Kaapse nedersetting en later in die omliggende binneland goed bekend en het 'n belangrike rol gespeel onder die variëteite wat deur die Europeërs hier gepraat is. Die sprekers van hierdie variëteite is geografies as taalgemeenskappe nie maklik af te baken nie (vgl. die tabel op **bl. 17 van hoofstuk twee** in dié verband).

Meer resent, en geografies moeilik af te baken (binne die twintigste eeu), kan

(4) 'n variëteit van Afrikaans onderskei word wat al van die **einde van die 18de eeu** deur *swart sprekers* (wat sommige van die groepe betref) gepraat is, asook

(5) 'n vorm van Afrikaans wat sedert die **begin van die 19de eeu** deur *Engelssprekendes* gepraat is, en

(6) die variëteite van Afrikaans wat deur **latere immigrante** gepraat is. (Verskillende tale uit die *Oosbloklande, Skandinawië, Sentraal-Wes-Europa, Griekeland, Portugal*, ensovoorts is hierdie immigrante se moedertale.)

(7) Naas die Afrikaans van anderstaliges wat Afrikaans as 'n doelwittaal gepraat het, kan daar ook

'n variëteit onderskei word wat **Afrikaanssprekendes** gebruik wanneer hulle Afrikaans *met anderstaliges* praat wat Afrikaans nog nie goed beheers nie - die sogenaamde *gepidginiseerde Afrikaans*; en

verskillende soorte *swartvoorstad-variëteite* waarin elemente van Afrikaans 'n groter of kleiner rol speel (hierdie meer resente variëteite word in hoofstuk vyf breedvoeriger behandel).

Wanneer die historiese verdeling van die variëteite van Afrikaans van nader bekyk word, val dit uiteen in twee hoofgroepe, naamlik die taalvorm wat van **buite** Suid-Afrika (*die Europese brontaal*) hierheen gebring is, en die taalvorme wat **in** Suid-Afrika ontstaan het (*kontakvariëteite of intertale*) deurdat sprekers van ander tale gepoog het om Nederlands aan te leer. Die klem val dan uiteindelik op die driedeling van Oosgrens-, Oranjerivier- en Kaapse Afrikaans waarvan spore vandag nog duidelik in die Suid-Afrikaanse talesituasie te bemerk is.


Volgens Van Rensburg (1989:439) het 'n skakering van Nederlands, wat as *Niestandaardnederlands* geïdentifiseer kan word en nie noodwendig tot spesifieke Nederlandse dialekgebiede beperk is nie, 'n veel groter rol gespeel in die talesituasie in Suid-Afrika. Hierdie taalvorm is as moedertaal gepraat deur mense soos die vryburgers en deur die latere landelike niestandaardsprekers van Nederlands wat vir die uitbreiding uit die Kaap verantwoordelik was en dit het vir 'n kort periode aan die Oosgrens van die vroeë 19de eeu gestabiliseer. Vanuit die Oosgrensgebied het hierdie variëteit versprei na

die binneland, hoofsaaklik na die eertydse Vrystaat en Transvaal. Die veronderstelling is dus dat Oosgrensafrikaans die **norm van Standaardafrikaans** geword het, met ander woorde dat die toonaangewende variëteit wat gestandaardiseer is, oorwegend op Oosgrensafrikaans gebaseer is.

Du Plessis (1986:13) gee 'n definisie van Standaardafrikaans, wat uiteindelik die verskillende soorte Afrikaans insluit:

*Standaardafrikaans is 'n twintigste-eeuse ontwikkeling, gebaseer op die noordelike variëteit van Oosgrensafrikaans, ontwikkel na die model van Nederlands, met etlike toegewings van Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans.*

Vervolgens word 'n geografiese voorstelling van hierdie tipes Afrikaans gegee. Dié kaart gee die grense van die vroeë variëteite van Afrikaans weer (**Figuur 1**) – 'n duidelike onderskeiding word gehandhaaf tussen die verskillende groeperings van **Kaapse Afrikaans**, **Oranjerivierafrikaans** en **Oosgrensafrikaans**. (Bron: 'n Aangepaste voorstelling van Bergh, J.S. & Visagie, J.C. 1985. *The Eastern Cape Frontier Zone* soos weergegee in Van Rensburg, Davids, Ferreira, Links & Prinsloo 1997:38.)



Vervolgens word hierdie variëteite van Afrikaans bespreek en daarna volg kritiek op die uiteensetting, veral wat die geografiese grense daarvan betref.

### 4.3.1 Kaapse Afrikaans: 'n aanleedersvariëteit van Nedersettingsnederlands

#### 4.3.1.1 Die slawegemeenskap van die nedersetting aan die Kaap

Soos reeds vroeër in hoofstuk twee bespreek, was daar 'n groot verskeidenheid van taalgemeenskappe teenwoordig aan die Kaap, waarvan die *slawegemeenskap* 'n belangrike deel gevorm het.

Eers was daar net klein groepies slawe aanwesig, maar sedert 1658 is daar groter groepe ingevoer vanuit **verskillende dele van Afrika** en die **eilande rondom Afrika**, asook verskillende **gebiede uit die Ooste** (vgl. die tabel op **bl.18 van hoofstuk twee** in dié verband). Al die slawe het nie in die Kaap agtergebly nie en sommige is weer verder geneem. Die slawe het die tale van hulle verskillende herkomsgebiede gepraat wat van die begin af 'n onmiskenbare rol in die lewe aan die Kaap gespeel het.

Volgens Van Rensburg *et al.* (1997:10) het die meeste slawe uit die Ooste een van die **Maleis-Polinesiese** tale gepraat. Een van die tale wat die meeste slawe ook op 'n manier kon praat en verstaan, was die taal van die **Portugese** seevaarders wat uit die vyftiende en sestiende eeu oorgebly het. Hierdie Portugees was in die Ooste goed bekend. Dit was 'n soort Aanleedersportugees wat later **Maleis-Portugees** genoem is. Maleis-Portugees was die taal wat met die Portugese handelaars, soldate en matrose op die skepe en ook op land gepraat is. Sommige van die slawe wat na die Kaap gebring is, asook die Nederlandse matrose, kon die taal goed praat. Die vroeë Kaapstad was ook 'n rusplek en bymekaarkomplek van matrose, en derhalwe het dié Aanleedersportugees die vroeë Afrikaans aan die Kaap ook beïnvloed.

Aangesien die eenaars van die slawe nie maklik uit die Kaap uit weggetrek het nie, het die grootste aantal slawe *in en om Kaapstad* bly woon en werk. Na die vrylating van die slawe was dit nog steeds die geval.

Die slawe was genoodsaak om Nederlands te leer. Dit was in wese die begin van Kaapse Afrikaans. Baie slawe het nie die nuwe taal net by die moedertaalsprekers daarvan geleer nie, maar ook by hulle **medeslawe**. Die taal wat hulle gevolglik gepraat het, was 'n soort Aanleerdersnederlands. Hierdie aanleerderstaal het ook tekens getoon van die slawe se kontak met die Khoikhoi en die wyse waarop die Khoikhoi Nederlands gepraat het. Op hulle beurt het die slawe ook weer die taal van die Khoikhoi beïnvloed (Vgl. Van Rensburg *et al.* 1997:11).

Die slawe aan die Kaap moes noodwendig 'n soort Nedersettingsnederlands aanleer. Party het in Nederlandssprekende huishoudings gewerk en op hierdie manier met die taal in aanraking gekom (vgl. hoofstuk twee ook in hierdie verband). Ander het weer 'n aantal verskillende tale gehoor in gemeenskaplike verblyfplekke soos die slawelosie waar die meeste slawe snags geslaap het. In hierdie leerproses het die slawe selde hulle doelwit, naamlik Nederlands, bereik.

Slawerny is in 1834 afgeskaf en voormalige slawe is as vry mense in die Kaapse samelewing opgeneem. Talle van die vrygestelde slawe en hul nakomelinge het later 'n blyplek in die Kaapse woonbuurte gevind, waar hul nakomelinge vandag nog woonagtig is (vgl. Van Rensburg *et al.* 1997:13).

#### **4.3.1.2 Die Taalgemeenskap**

Van Rensburg (1989:449) stel dit duidelik dat Kaapse Afrikaans, soos reeds genoem, gepraat word deur die nakomelinge van veral die vroeë slawegemeenskap aan die Kaap. Hierdie groep sprekers bestaan onderling uit verskeie hegte en minder heg gestruktureerde groepe en vorm geensins 'n *homogene* taalgroep nie.

Klopper (1983:88) sluit by bogenoemde aan deur sy studie oor die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans te rig op die volgende respondente, te wete:

*Christen-Kleurlinge (as afstammeling van die algemene slawegemeenskap/  
Khoikhoi/Nederlandse koloniste)*

*Moslem-Kleurlinge (as afstammeling van die algemene slawegemeenskap/  
Khoikhoi/Nederlandse koloniste)*

*Maleiers (as afstammeling van die Oosterse slawe)*

*Blankes (as afstammeling van die Nederlandse koloniste)* Eie afleidings is in kursief, sonder vetdruk, weergegee.

Genoemde respondentklasse is verteenwoordigend van die werkers-, middel- en hoë klasse soos wat tans aan die Kaap gevind kan word – almal is sprekers behorende tot die Kaapse taalgemeenskap, alhoewel die invloed van die slawegemeenskap (Kleurling en Maleiers) deurslaggewend was. Dreyer (1986) se studie, **Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans**, laat die klem veral val op Kleurling-Afrikaans binne die breër studieveld van Kaapse Afrikaans, aangesien sy hierdie groep as een van die belangrikste groepe beskou – veral as die sprekerstal van hierdie subgroep in ag geneem word (in 1984 was daar reeds 9800 Kleurling-matrikulante).

Davids (1994:113) stel dit duidelik dat Afrikaans ontwikkel het uit die **gekreoliseerde Hollands** van die vryswartes, die slawe en die laer Kaapse klasse en van die boere, slawe en Khoikhoi in die binneland aan die begin van die negentiende eeu. Hierdie gekreoliseerde Hollands het op sy beurt ontwikkel uit die **sosiale verhoudings** tussen slawe en meesters, koloniste en vryswartes, tussen slawe onderling en tussen die Khoikhoi en koloniste gedurende die sewentiende en vroeë agtiende eeu.

**Akkulturasie**, volgens Davids (1994:113), is *die fenomeen wat ontstaan wanneer groepe of individue uit verskillende kulture in voortdurende direkte kontak met mekaar kom, met die gevolg dat veranderinge in die oorspronklike kultuurpatrone van al die groepe*



*plaasvind* – soos wel op feitlik elke gebied in die Suid-Afrikaanse samelewing gebeur het, en nog gebeur. Dit verklaar die verskil tussen die Kaapse argitektuur en dié in Holland, die kenmerkende aard van die Suid-Afrikaanse kookkuns met sy Oosterse geur van *sosaties*, *bredie* en *bobotie*, en die insluiting van *vel(d)skoene* by die nasionale kleredrag.

Kaapse Afrikaans het 'n mondelinge en skriftelike tradisie. Die skriftelike tradisie is sterk gekoppel aan die Moslemgeloof, en van die oudste Afrikaanse geskrifte is in dié vorm van Afrikaans geskryf. Omdat die Arabiese skrif wat deel van die Moslemtradisie aan die Kaap uitmaak, nie maklik leesbaar was nie, en om ander redes ook, het Abu Bakr, wat uit Turkye afkomstig was, in 1862 'n **Moslemskool** aan die Kaap opgerig waar kinders in die weë van Islam onderrig kon word. Afrikaans was die voertaal van daardie skool – na alle waarskynlikheid die variëteit Kaapse Afrikaans (vgl. Van Rensburg 1989:450, 451).

#### 4.3.1.3 Kaapse Afrikaans teenoor Standaardafrikaans

Alle variëteite van Afrikaanssprekendes, ook Kaapse Afrikaans, word teen die standaardvariëteit as norm gemeet, veral waar onderwys ter sprake kom. Die omstandighede waaronder die verskillende soorte Afrikaans gepraat word en waaronder ander tale en hul dialekte gepraat word, verskil egter baie.

Die manier waarop sprekers hul taal of 'n dialek praat, hang ook nou saam met die doel waarvoor dit gebruik word. Die taal van 'n formele gesprek is byvoorbeeld anders as die taal van 'n informele gesprek (Van Rensburg *et al.* 1997:20, 21).

Hendrikz (*in* Van Rensburg *et al.* 1997:21) wys op die volgende kenmerke van Kaapse Afrikaans in vergelyking met Standaardafrikaans:

\**sukke* vir **sulke**; *pampier* en *lakent* vir **papier** en **laken**; *diwwel* vir **dubbel**; *gaat*, *siet* en *seg* vir **gaan**, **sien** en **sê**; *aldou* en *bêd* vir Engels **although** en **bad**; *loep* en

wiet vir loop en weet; kêk en wêk vir kerk en werk; dij en djulle vir jy en julle; gasê en mirrag vir gesê en middag; deer en hys vir deur en huis.

\*Die gebruik van daai as aanwysende woord; gevaarlik in die betekenis van baie (Die kos is gevaarlik lekker); afsak in die betekenis van sê, en vertel in die betekenis van slegsê (Djy like om 'n man te vertel soos djy wil).

\*In plaas van se word sy of haar gebruik (die Here sy genade; Ma haar kombuis). Die kom voor 'n straat- of pleknaam, byvoorbeeld, Hy bly in die Sky Road.

\*Herhalings val op, soos Ma het 'n nog 'n brood gekoop en Die skêr lê in die laai in.

\*Engelse woordorde word ook gehoor: Hy het gesteel my fiets.

Uit die materiaal wat Klopper (1983) bestudeer het, blyk dit dat, naas talle ander wisselinge, hoeis naas heis voorkom, vaar naas vaa (ook eers naas ees), djakals naas jakkals en fooltjisi naas foolki. Hierdie wisseling is van besondere belang omdat die statistiese verwerking van die voorkoms van dié variasie interessante patrone blootlê. Dit lyk naamlik dat die gebruik van /r/ en /ui/ die sosiale strata (hoog, middel en werkers) van die groep Christen-Kleurlinge duideliker van mekaar onderskei deur middel van hierdie merkers as wat dit die geval is by die drie sosiale lae van die groepe wat omskryf is as Moslem-Kleurlinge, Blankes en Maleiers.

Volgens Van Rensburg (1989:453, 454) kom daar op sintaktiese vlak ook opvallende taalvariante in Kaapse Afrikaans voor (vgl. Dreyer (1986) in 'n ondersoek van 'n omvattende groep respondente):

*Het geonthou x het onthou, Het gebegin x het begin*

*Wil gekom het x wou gekom het, Sal gehelp het x sou gehelp het*

Die woordvolgorde van bysinne wissel ook deurdát bysinne sowel bysin- as hoofsinvolgorde vertoon.

Graadtrapvariasie kom voor by woorde soos opper (Toe dan, skuif 'n bietjie opper, man.), affer, inner, en ook by syntoeër, hiernatoeër, diekantoeër en annerkantoeër. Sinne soos die volgende word ook gehoor: Gebruik maar die entste kamer.

Die Aanleedersafrikaans van die slawe is nie die enigste soort vroeë Afrikaans wat in Suid-Afrika ontstaan het nie. Die Aanleedersafrikaans (Griekwa-Afrikaans) van die volwasse Khoikhoi is nog 'n soort Afrikaans wat só ontstaan het, alhoewel die twee variëteite tog 'n onderlinge invloed op mekaar uitgeoefen het in die kontak tussen die twee groepe – soos reeds genoem in die bespreking van die slawegemeenskap.

Vervolgens meer oor hierdie Oranjeriviervariëteit van Afrikaans.

### 4.3.2 Oranjerivierafrikaans: 'n aanleedersvariëteit van Nedersettingsnederlands

#### 4.3.2.1 Die aanvanklike talesituasie

Nienaber (1994:144) gee 'n uiteensetting van die aard van die Khoikhoi-taal soos wat die eerste koloniste dit ondervind het in hul eerste kontak met die inboorlinge vir die ruil van handelsware ten einde vars vleis te bekom.

Volgens Nienaber (1994), is die algemene “*kragbron*” in die uitspraak van die Khoikhoi-taal, natuurlik die **uitstromende asem en stem** wat in die gang van die stembande of geartikuleerd of gelid kan word, foukaal, oraal of labiaal, met die resonansie wat deur die kake en wange bewerkstellig word of nasaal aangevul kan word. Daarbenewens kan hulle 'n besondere stelsel van **suigkonsonante** ook effektief gebruik. Die gevolg is dus 'n reeks ingewikkelde kort klap- of klikgeluide. Hierdie sistematiek is blykbaar net beperk tot die Koisan- en die Afrikatale wat dit van hulle oorgeneem het.

Die eerste nedersetters was gevolglik gekonfronteer met 'n taal wat totaal van die Europese standaard afgeveyk het. Die kans dus dat die koloniste hierdie vreemde taal sou aanleer, was uiters gering. Gevolglik moes daar van tolke gebruik gemaak word (Vgl. hoofstuk twee vir die geval van Doman) vir die suksesvolle deurvoer van transaksies. Van Rensburg *et al.* (1997:23) sluit hierby aan wanneer hy dit duidelik stel dat die Nederlanders en ander immigrante nie die Khoikhoi-tale maklik aangeleer het nie.

As gevolg van die handelsbehoefes van die Nederlanders was *volgehoue kontak* tussen die nedersetters en die Khoikhoi noodsaaklik in die vroeë dekades van die Kaapse geskiedenis, selfs al het hierdie kontak teen die wil van die meeste Khoikhoi geskied. Openlike vyandighede, wedersydse wantroue en selfs oorloë was die gevolg hiervan (Van Rensburg *et al.* 1997:24). Vergelyk ook hoofstuk twee vir die geskiedkundige opsomming van enkele onderonsies in hierdie verband.

Die kontak met die Nederlanders het nog belangriker gevolge vir die Khoikhoi gehad en het uiteindelik 'n hoë prys van die Khoikhoi gevra. Deur die kontak met die Nederlanders is hulle sosiale stelsel vernietig. Nuwe, meer lojale kapteins is deur die Nederlanders aangestel, siektes wat hier vreemd was, het dodelike gevolge vir hulle gehad, hulle het op groot skaal die Nederlanders se taal begin praat, hulle kon nie meer so vry met hulle vee beweeg soos vroeër nie en het mettertyd hulle tradisionele grondgebiede verloor. Dit was die begin van die einde van die selfstandige Khoikhoistamme in Suid-Afrika (Van Rensburg *et al.* 1997). Tog het die Nederlanders baie by die Khoikhoi geleer oor die **Suid-Afrikaanse binneland en die plante en diere** van die omgewing. Benaminge is vertaal en oorgeneem en het in die Nederlanders se taalgebruik 'n algemene verskynsel geword. Op hulle beurt het die Khoikhoi gou 'n vorm van Nedersettingsnederlands begin praat wat as **Griekwa-Afrikaans** bekend staan.

Met die uitbreek van die pokke-epidemies, tydens meer as een geleentheid in die eerste helfte van die agtiende eeu, het groot getalle Khoikhoi gesterf. Daarna het hulle die Kaap en omstreke in groot getalle verlaat en die binneland ingetrek – veral na gebiede rondom die Oranjerivier (vgl. Van Rensburg *et al.* 1997:24, 25). Baie het by die vryburgers op plase begin werk en sodoende het hulle status as *veeverskaffers* verander na dié van *veewagters*.

#### 4.3.2.2 Die taalgemeenskap in Griekwaland-Oos en -Wes en omstreke

Teen die einde van die agtiende eeu het baie van die Khoikhoi onder taamlik gevestigde omstandighede in die toenmalige Griekwaland-Wes gebly (Van Rensburg 1989:454). Hulle getalle is versterk deur matrose, soldate en slawe wat meestal uit die Kaap weggeloop het, terwyl veeboere hulle ook in die omgewing gevestig het.

Nieteenstaande verhuisings in die loop van die 19de eeu, onder andere na Griekwaland-Oos, kan daar vandag nog in die omgewing van die **Oranjerivier** 'n beduidende aantal sprekers gevind word wat die een of ander variëteit van Oranjerivierafrikaans praat. In die loop van die negentiende en twintigste eeu was dit egter oor 'n groter gebied versprei as enige ander soort Afrikaans – dit is gehoor in **Namibië, dele van Zimbabwe**, en in die **huidige Noord-Kaap, Noordwes** en die sentrale dele van **Gauteng** (Van Rensburg *et al.* 1997:26). As gevolg van politieke druk wat veral deur die destydse Kaapse regering uitgeoefen is, moes die Griekwas die diamantgronde verlaat waarop hulle gewoon het. Dit het tot gevolg gehad dat 'n groot groep sprekers ná een van die grootste trekke van die negentiende eeu oor die Drakensberge getrek het en later in **Kokstad en omgewing** (Griekwaland-Oos) gaan woon het.

Volgens Van Rensburg (1989:455) was Oranjerivierafrikaans baie bekend op die vroeë sendingstasies. Op Genadendal is daar byvoorbeeld sedert 1859 'n maandblad gedruk, ***De Bode van Genadendal***, wat gou die spreekbuis van bruin Afrikaanse talent geword het. Een van die eerste Afrikaanse kleuterskole is hier begin (1831), asook een van die eerste skole (1814) en een van die eerste onderwyskolleges (1838) (Van Rensburg *et al.* 1997:28).

Die Oranjerivierafrikaans wat in die Oranjeriviergebied (Griekwaland-Wes) gepraat word, kan op grond van sosiale oorwegings in 'n **oostelike** (ook bekend as die *Griekwas*) en 'n **westelike** groep (in die *Richtersveld*) onderskei word. Die oostelike groep lewe, in sy geheel gesien, volgens norme wat baie nader aan algemeen geldende Westerse

waardes staan as die westelike groep. Die belangrike onderskeidende kenmerk vir hierdie verdeling is die kennis van en die gebruik van Khoikhoi-woorde en -gebruike. Op grond van dié soort kennis kan daar ook onderling tussen verskeie westelike groepe onderskei word (Van Rensburg 1989:455).

#### 4.3.2.3 Oranjerivierafrikaans teenoor Standaardafrikaans

Oranjerivierafrikaans het 'n groot invloed op gesproke Afrikaans regdeur Suid-Afrika uitgeoefen (Verhoef 1989 in **Van Rensburg** 1989:455). Die invloed is die sterkste waar te neem in die Oranjeriviergebied waar baie vorme van dié variëteit in die daaglikse geselskap van sprekers wat tot hoë sosiale kringe behoort, aangetref word. In talle ander gevalle het die invloed van Oranjerivierafrikaans ook deurgedring tot op die vlak van Standaardafrikaans.

Baie **plekname** in Afrikaans kom van die oorspronklike Khoikhoi-sprekers af. Die Khoikhoi het die name in hulle eie taal geken asook in hulle soort Afrikaans. Op grond van hulle kennis van Oranjerivierafrikaans tesame met die natuurlike kennis van hul moedertaal, het hulle die plekname letterlik *uit Koi in Afrikaans* vertaal. Deur hierdie vertalings kon die nuwe intrekke van die gebied wat nie Koi verstaan het nie, darem iets van die naamgewing verstaan.

Van Rensburg (1989:456) sluit hierby aan wanneer hy dit stel dat die proses waardeur die *beïnvloeding* plaasgevind het, nie altyd duidelik is nie. Daar bestaan verskillende moontlikhede: dat die doeltaalsprekers dié elemente van die intertaalspreker (Khoikhoi) oorgeneem het wat dit vir die kommunikasiegeerief van die doeltaalsprekers vertaal het, of dat die doeltaalsprekers wat enigsins Koi magtig was, self vir die vertalings verantwoordelik was. Die rol van die *gepidginiseerde taalvorm* wat die doeltaalsprekers gebruik het in hul kontak met die Khoikhoi, moet nie hier buite rekening gelaat word nie.

Die volgende **leenwoorde** het op hierdie wyse waarskynlik bekend geword in Afrikaans (Nienaber 1953:144):

*Boegoe, dagga, kiere, karos, ghaap (plant), kambro(e), koekemranka, ghwarrie, noem-noem, dwa (gras), ganna, tsamma, dawee (boom), karee, koedoe, kwagga, oribi of oorbietjie, graatjie (meerkat), gogga, geetjie, gorra, ghoera (musiekinstrument), aits(a), êtse, arrie, eina, soe (hitte), sie (koue), ga (afkeurend), h'n-h'n (deur die neus, ontkennd), abba, nam-nam, hoeka/toeke, kammakastag, Namakwa, Koranna, Griekwa, Dwyka (renoster), Gamka (leeu), Keiskamma (jakkalspoort), Tradouw (vrouepoort), Kamdebo (groen hoogte), Kango (landskap tussen heuwels), Karoo (droog), Prieska (verlore bokooi), Gariep (rivier). Ook Swartrivier, Buffelsrivier, Steenboksrivier, bontbok, bontkwagga, kraaibos, rooihaas is aan Khoikhoi ontleen as letterlike vertalings.*

#### 4.3.2.4 Voorbeelde en kenmerke van Oranjerivierafrikaans

Oranjerivierafrikaans kan getipeer word deur die volgende kenmerke (vgl. In hierdie verband die omvattende studie van Van Rensburg, nl. Finale verslag van 'n ondersoek van die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare, wat kortliks in 1989 se verwysing soos volg uiteengesit word):

##### a) Die klankleer of fonetiek

Die voorkoms van palatalisasie val op in hierdie variëteit:

[çɛlt], [çɛrk], [çe:]

Vokale met 'n onvaste lengte kom voor - soms kort, soms lank:

*Seet (sit), see (se), gaseeg (gesig), geester (gister)*

Besondere vokaalvariante kom voor :

*Skeuldig (skuldig), supery (suipery), reug (rug), suug (suig), moelband (muilband)*

### b) Die morfologie of woordleer

Baie interessante patrone word op hierdie vlak in Oranjerivierafrikaans aangetref.

Nominale konstruksies:	<i>die hout se ry</i>
Anafoorpatrone:	die kontrak <i>die</i> het ons nie
Persoonsname:	<i>spaarter, ouwersiener</i>
Ongewone samestellings:	<i>voormense (voorouers), Griekwapraters (Griekwasprekers)</i>
Soortname: (veral met <i>-ing</i> )	<i>bieswaring (beswaar), bestaning (bestaan)</i>
Reduksievorme:	<i>djaarliks (jaarlikse fees), ongelukkig (ongelukkigheid)</i>
Substantivering van werkwoorde:	<i>maa hulle se lyking is half eners (hulle lyk half eenders)</i>

Ander meervoudspatrone as in Standaardafrikaans, kom voor:

*Ouerse, blankese, skottelse, garingse, Kokse, woordes, menses, korings, vroues, baste, leeraarte, velte, sante, waterse, bloete*

In 'n sin soos die volgende word enkelvoudsvorme gevind waar mens meervoudsvorme sou verwag:

*Nou die botterblompie het so 'n twee blaartjie, drie blaartjie*

Die volgende gesubstantiveerde voornaamwoorde kom dikwels voor:

*Hieries, daardies, anners, partys*

Verkleinwoorde kom teen 'n hoë frekwensie in die Richtersveld voor:

*Besietjie, hekkietjie, vissietjies, plekkietjie, miesietjie (mis), deeliertjie (deeltjie), ook by massaname: kapokkie, watertjie, kassietjie, en by voornaamwoorde: daariertjie, die annertjies*

Voornaamwoorde word dikwels substantiwies gebruik:

*Hierdieste deel van die grond, dies wat nie nou huur betaal nie*



Een van die besondere kenmerke van Oranjerivierafrikaans is die voorkoms van die **goed**-konstruksie – as selfstandige eenheid of as deel van 'n samestelling:

*Houtwerk is die klasgoed, tekeninge en goed, beddegoed, skottelgoed, gebruikgoed, moutergoed, slaggoed, meneergoed, Pagoed*

'n Moontlike kontaminasievorm met **goed** en **hulle** kom ook voor:

*oupagoed-hulle, ou Jan Karelgoed-hulle*

### c) Die sintaksis of sinsleer

Enkele konstruksies is hier veral kenmerkend -

Die gebruik van **vir** is kenmerkend:

*Jy moet vir hulle kan los, ek het 17 jaar gewerk vir hulle*

Konstruksies met **met-saam** kom baie voor:

*Hy gaan met die pad saam*

Skakelwerkwoordkonstruksies is ook kenmerkend:

*(hy) sit kyk, (hy) lê slaap*

Ongewone infinitiefkonstruksies kom voor:

*Om te werk soek, om te daar kom, om te die mense af te maai, om te hier te kom, om te die deeng lōp vōrlê (Van Rensburg 1995:127)*

Voorsetsels word maklik herhaal:

*In die verdrukking in, in die tyd in, die opvoeding in die huis in*

Die betreklike voornaamwoord word in baie gevalle soos volg gebruik:

*Daarsō wat hulle nou die pompetjie opgesit het, die eerste man wat hy by gekom het*

Die volgende gebruik van die besitlike konstruksie is ook kenmerkend:

*Ons se eie, ons se kinnere, hulle se goed, hulle se eie mense, nou later se jare*

Besitting word ook dikwels aangedui deur **van**:

*Die grootvader van my, die wortel van hom*

Die voorwerpvorm **hom** word soms ook as besitlike voornaamwoord gebruik:

*Lat hy nie kan hom verstand hou nie*

Die volgende bywoordgebruik val op:

*Thomas had geheel nie ien nie (hy het geen kinders nie), somskeer (sommige kere), hy't nou kortliks gelui (vir 'n kort rukkie)*

Byvoeglike naamwoorde soos die volgende kom voor:

*Dis 'n ongemaklike werk, jy moet engawekkeld wees (weet wat aangaan), hy's seker ontuis (nie tuis nie)*

Afleidingsmorfeme word op die volgende manier gebruik:

*'n gewoonlike (gewone) swart taal, gewôntlike "tyre", dis 'n seerlike punt, bêjâârige ou vrou, aangenimde kjint*

Die adjektief kom in die attributiewe posisie met of sonder 'n verbugins *-e* voor:

*'n sleg ding, dourie vroe jare, 'n kleine foutjie, 'n sware taal*

Die volgende trappe van vergelyking kom voor:

*Vinnagser, beterder, annerster, meer siekliker*

Werkwoordsvorme wat voorkom, is:

*Siet, gaat, gegeniet, gebegrawe, gebeginne*

Omdat gebruikers van Oranjerivierafrikaans 'n sterk verbale tradisie het, speel mondelinge oorlewering 'n groot rol in die bewaar van hulle verhaalskat. Die volgende gedeelte van 'n vertelling omsluit al die tipiese kenmerke van hierdie variëteit van Afrikaans en is opgeteken in die verslag oor die Afrikaans van die Griekwas (Van Rensburg 1984):

**“Willem, wat sê die mense watse diere was daar toentertyd gewees?”**

*“Dit was die kamele, die olifante, an e ... die kwaggas an die volstruise, an die beerlou, anie louens en als, die beerlou an die louens. Is anner soort ding.”*

**“Wat is 'n beerlou?”**

*“Die beerlou is die ... ek hoor hulle sê. Ek het die nie gesien nie mar ek het gehoor hulle sê die beerlou, hy grou sy gaat so regaf, regaf net soos jy kan sien. Regaf. Diep oenner inie grond in. En daar oenner loop maak hy nou 'n kamer. Oener loop kawwel hy hom yt lat hy grôot is oener. Mar hier bo by sy bek is hy regaf soos 'n puts. So het die beerlou sy gaat gemaak.*

*Nou jaa, vroëjare se jongmanne die kôstienaspelers in die dinge het altyd innie aand in. Dan het die man sy kôstiena-aande. Da draf hy sommer hier regdeer die veld. Daar waar hy vanaand lop speel. Hy't sy kôstiena in so 'n rooi bontdoek het hy.*

*Nou ja dis donker. Hy draf so deerie veld. Hy draf so toe verloor hy. Hy somme hie innie gaat se bek in. In hy's hier af. Tjierr ... Toe hy so kyk jeere daar sit die sterretjie da bo. Wat is hier? Hy hoor hier oenner hartloop. Hier oenner hartloop goete ront. Hy vat sy vierietjies hy mak lig. Hy sien jeere mar dit is mos die klein beerloutjie die. Die groot beerlou's al iet.*

*Jeere, hy voel so hier na die gaat se bek toe. Hier wa ek nou. Nee waat sy hanne komie eers da by nie. Hanne komie da by nie. Hy sta mar so en kyk. Hy sê 'O magtag vanaand is ek opgevreet. Is die ding hier kom, dans ek dood.'*

*Staan mar daar. Staan in dink. Hoe sal dit tog gan lat ik hie yt kom. Traai weer so oem te kyk of hy nie kan da by die gaat se bek kan innie hanne kry nie. Nee, sy vingers pinte raak net so êfins daso. Is hy op sy tone staan.*

*An, hier na die dag se kant toe staan, hy staan mar daar stan in kyk hy. Die klein beerloutjies lê hier innie hoeke rond. Hy staan net daa by die gaat. Daar sta in kyk hy.*

*Hier na die dag se kant toe sien hy. Daar woor die gaat donker. Daar kom die ding nou. In toet hy sien die gaat woor daar donker, da kom die ding. Hy sê gelukkig die ding kom annerster in. Die ding kom met sy stertkant in. Hy kom nie mit sy kop af nie.*

*Hy sê 'n hy staan toe mar sommer so. Hy staat toe mar sommer soe moet sy hanne anie ding hier. Miet, hy wilie ding sommer mar hier net lat die ding mar an hom komrak.*

*Ant toet hy hoor, toe hoor hy hier gat die ding se stert hier deer sy hanne. An hy klou sommer anie stert. Inie ding skrik inie ding vlie terig. Inie ding rik hom bo yt die gaat se bek.*

*Toet sy bo kom die ding is die kant toe hy's ok sommer hier dié kant toe. Anie ding weet mosie wat het hier gebeer nie.*

*In sy korstiena hit daar agter inie gaat gebly, mar solank soos hy net weg is. Hy sê op die manier is hy da ytdie gaat yt verlos.*

*Hy sê hyt nie geweet nie. Lat die ding met stertkant afkom nie. Want toet die ding daar aaf kom innie gaat toe's die gaat donker. Toe sien hy hy moet mar sommer so staat moet sy hanne. Lat die ding hom mar tog kry die eerste. Die korstiena lê, die rooibontdoek lê."*

Vervolgens word daar gekyk na die laaste variëteit volgens die driedeling, naamlik Oosgrensafrikaans. Klem word veral ook geplaas op die Oosgrenstaalbeweging as 'n Afrikaanse taalbeweging.

### 4.3.3 Oosgrensafrikaans: 'n voortsettingsvariëteit van Nedersettingsnederlands

#### 4.3.3.1 Die taal van die veeboere

Teen die einde van die agtiende eeu het 'n groep grensboere wat nóg 'n ander soort Nedersettingsnederlands gepraat het aan die ooskus van Suider Afrika bymekaargekom. Hierdie mense was hoofsaaklik veeboere in hul soeke na beter weiveld wat die gebied van die Visrivier aan die Kaapse ooskus bereik het. Dié soort Afrikaans was volgens Van Rensburg *et al.* (1997:31) 'n voortsetting van die taal wat die *eerste vryburgers* gepraat het. Hierdie soort Afrikaans is steeds verder van die Kaap af op die voorposte gepraat waar 'n hele aantal ander sprekers dit aangeleer het.

Hierdie taal was nooit die taal van die hoë Kompanjie-amptenare nie. Dié taalvorm laat 'n mens eerder dink aan die soort Nederlands wat die **laer sosiale groeperings** in Nederland in die sewentiende eeu gepraat het. Die Nedersettingsnederlands van die eerste boere aan die buitewyke van die nedersetting aan die Kaap het enersyds kenmerke getoon van die taalinvloed van die lewendige Kaapstadse taalgemeenskap. Die vryburgers en die latere veeboere het egter ook baie anders en **eenvoudiger** geleef as die goewerneur en die hoër amptenare. Hulle taal het van die begin af verskil van die Nederlands van die Kompanjie-amptenare.

Mense uit alle lae van die samelewing het hulle later by die *trekboergemeenskap* gevoeg wat al hoe verder van Kaapstad af gewoon het. Hulle het min kontak met die Kaap en met amptelike Nederlands gehad. Reisigers en historici berig dat min skoling plaasgevind het en lees kennis skaars bestaan het (Van Rensburg *et al.* 1997).

Die trek van hierdie groepe vanuit Kaapstad het teen die einde van die agtiende eeu aan die Oosgrens tydelik tot stilstand gekom. Daar het hulle tot na die eerste paar dekades van die negentiende eeu taamlik afgesonderd gewoon en het hulle soort Afrikaans, **Oosgrensafrikaans**, onder hierdie omstandighede goed gevestig geraak. Voorbeelde van Oosgrensafrikaans kan vandag ver buite die oorspronklike grensdistrikte aan die Oosgrens gevind word.

#### 4.3.3.2 Nederlands of Afrikaans

Toe Engeland die Kaap in 1806 by Nederland oorgeneem het, het Nederlands as enigste taal van die amptenare vir goed uit die Kaap begin verdwyn. Nederlands was egter nog lank die taal wat die Afrikaanssprekendes probeer praat en skryf het, veral as hulle **deftig** wou wees, en as hulle hul taalgebruik **formeel** wou hê. Nederlands was ook die voertaal in skole in die latere boererepublieke van *die Transvaal en die Vrystaat*.

Die korrektheid van die Nederlands wat die grensboere soms vir spesiale geleenthede gebruik het, het nie net afgehang van die Nederlandse voorbeelde nie, maar het ook saamgehang met die sprekers se vlak van geleerdheid. Die meeste Oosgrensboere het, soos reeds genoem, baie min geleerdheid gehad en die Hollandse reisigers na hierdie dele het ook heelwat kommentaar gelewer oor hierdie feit. Goeie en korrekte Nederlands het gou nie meer 'n groot invloed op Oosgrensafrikaans gehad nie, soos ook die geval was met Kaapse en Oranjerivierafrikaans (vgl. Van Rensburg *et al.* 1997).

Die taal van die nuwe regering aan die begin van die negentiende eeu aan die Kaap was Engels. Ten spyte hiervan het Afrikaans 'n goeie vastrapplek gekry. Engels het eers later 'n groot invloed op al die verskillende soorte Afrikaans gehad, waaronder ook die bogenoemde drie vroeë Afrikaanse dialekte. Hierdie drie soorte Afrikaans het as verkeerstale en omgangstale byna ongestoord bly funksioneer. Die Engelssprekendes was bewus van Nederlands, maar het hulle nie veel gesteur aan die onderlinge verdeling van Afrikaans nie. Vir hulle was dit belangrik dat **Nederlands** nie **Engels** moes verdring nie.

Die bewoners van die grensdistrikte wou so min moontlik met die owerhede in die Kaap te doen hê. Selfs toe hulle nader aan die Kaap gebly het, het hulle 'n reputasie gehad dat hulle maklik met goewerneys en regeringsamptenare onenig kon raak oor grondkwessies. Die gevolg was dat kontak met amptelike Nederlands beperk was tot die lees van die Statebybel – en dan ook net deur dié wat wel kon lees (Van Rensburg *et al.* 1997:34).

Volgens Van Rensburg (1989:441) val die navolging van die Nederlandse model in die skryftaal van geskrifte uit dié tyd (vgl. byvoorbeeld Scholtz (1965) se *'n Afrikaanse brief van 1851*) wel op. Die Nederlandse vorme kom egter *nie konsekwent* voor nie, sodat die werklike Afrikaanse spreektaal tog tot op sekere hoogte rekonstrueerbaar is.

Die beste data van Oosgrensafrikaans kom egter voor uit latere tydvlakke van **Vrystaatse** en **Transvaalse Afrikaans**. Die verwarrende Nederlandse skryftaalinvloed is in die latere stadium tot 'n minimum beperk, terwyl die kenmerkende Oosgrensafrikaanse eienskappe behoue gebly het. Dit blyk veral in die volgende brief in Transvaalse Afrikaans uit *De Transvaalsche Argus*(11):2/3 Jul 17 van 1866 (Vgl. Van Rensburg 1989:442):

**WAARE NEEF KRANTSCHRYVER!** – *Ik heb gehoor, dat U een wonderdochter in u krant bekend maakt, die alle kwade vrouwens reg maak. Myn liefse neef schryf my tog of dat waar is. Ik mot U melden, maar praat er tog as jou blief niet van, dat ik een daanig kwaade vrouw heb die my erg plaagt. Myn neef dikwils verliest ik die gedult, als sy haar kwaai beu heft, dan is het amper niet uit te houden. Zy gooy niet alleen met scempwoorde maar ook met koppies en pierikes na myn kop, als ik een soupie wil drink, vat zy de bottel voor myn neus weg, en dikwels kreeg ik daaglang geen kos te eten. Ik hoor van meester die dochter heet Otto, myn neef as jou blief koop voor myn van zyn medezyn, en stuur met de pos. Ik zal het U voldoen zodra ik myn melies afgeoest heft, en na Mooirifir kom. Maar ik hoob toch niet, dat het smeergoed is, ik zal het nooit kan doen nie om haar te smeer nie, zy is al te kwaai kan de kerel niet zyn medezyn maak, dat ik het in haar koffy kan doen, zy drink de hellen dag koffy, maar het mot nie sleg smaak nie.*

*Lieve neef help my toch met de medezyn, ik zal U weer en vriendschap doen. Nu zal ik maar eindig, beste groetnis van ons alle. U neef*

*P.Z.Z. Meijeraan*

#### 4.3.3.3 Kenmerke van Oosgrensafrikaans

Die opvallendste kenmerke (Van Rensburg 1989:447 - 448 en vergelyk Bezuidenhout (1991) se Studie van hedendaagse Oosgrensafrikaans, bl. 41 - 58, vir 'n uitgebreide uiteensetting van tipiese patrone) is **klankkenmerke** en kan gevind word in:

die aan- of afwesigheid van **intervokaliëse konsonante** – *over* x *oor*

die voorkoms of nie van die slot **-t** – *pligt* en *eers*

en van die slot **-n** – bv. in *leven*

die gebruik van **-oo-** of **-eu-** : *door* x *deur*

van **vir/ver** of **voor** as voorsetsel

**-e-** of **-a-** : *perd* x *paard*

*ken* en *kan* word afgewissel

asook **-í-** of **-e-** word gebruik – *dink* x *denk*, *set* x *sit*, *mot* x *met*

**-p-** kom ook voor in *petaal*

en word **tweekonsonantklusters** òf vervang òf afgewissel deur enkelkonsonante

– *duis* x **duits**, *komadant* x **komandant**

Wat die morfologie betref, kom die volgende verskynsels voor:

Die gebruik van **voornaamwoorde** – *Deze* word *nie* volgens Nederlandse norme gebruik *nie*, *dit* kom *nie* voor *nie* en *dat* of *die* word gebruik,

**Lidwoorde** – *het*, *de* en *die* word naas mekaar gebruik,

Die **byvoeglike naamwoord** se verboë vorm kom wel voor – *baie* word op talle maniere gespél, maar *nie* soos dit vandag gebruik word *nie*,

By die gebruik van **werkwoorde** kom die meervoudsvorme teen 1750 nie meer in geskrewe stukke voor nie – die **nie-nie** van die ontkenning, indien dit gebruik word, stem ooreen met die huidige gebruike in Afrikaans, en **Vir** kom toenemend voor ‘n **persoonlike voorwerp** voor.

#### 4.3.3.4 Die Afskeidingstryd van die Oosgrenstaalbeweging

Teen 1840 was daar aan die Oosgrens ‘n ernstige beweging aan die gang om ‘n onafhanklike gebied te word. Dit het beteken dat die Oosgrens sy eie regering moes saamstel, heeltemal los van die Kaapse regering (Van Rensburg *et al.* 1997:35).

Du Plessis (1986:15) sluit hierby aan en stel dit duidelik dat die identifikasie van hierdie Oosgrensbeweging as ‘n Afrikaanse taalbeweging berus op die waarneming dat Afrikaans (Oosgrensafrikaans) ‘n sentrale rol gespeel het in die politieke Afskeidingsbeweging van die jare 1860. **Afrikaans** is aangewend as die *propagandamiddel* om die ideaal van politieke afskeiding van die Westelike Provinsie onder die Afrikaanssprekende meerderheid aan die Oosgrens te bevorder. Die ekonomiese dominasie vanuit die Weste word beskou as een van die hoofredes waarom daar van tyd tot tyd agitاسie voorgekom het.

Meurant het ‘n groot rol in die veldtog vir ‘n selfstandige regering aan die Oosgrens gespeel. In ‘n poging om hierdie doel te bereik, het hy al meer op die **Afrikaanssprekende boere** begin steun. Hy het in sy Hollandse koerant, *Het Kaapsche Grensblad*, ruimte aan die boere afgestaan om hul menings oor die moontlike onafhanklikheidswording uit te spreek. Die boere het die kans aangegryp en in hulle taal, Oosgrensafrikaans, oor dié saak begin skryf.

Afrikaans sou uiteindelik die wapen word waarmee die Afrikaanse deel van die gemeenskap oorgehaal moes word om die Afskeidingsbeweging te steun – volgens Du Plessis (1986:18), net **die middel tot die doel**. Afrikaans het dus nie net aan die Kaap




waar dit aangeland het nie, maar ook aan die Oosgrens sy stem vir die eerste keer werklik dik gemaak – en dit onder omstandighede waar dit allermens om die taal gegaan het.

Uiteindelik het die Oosgrenstaalbeweging misluk – hoofsaaklik omdat die **politiek** van die beweging misluk het. Du Plessis (1986:25) is van mening dat die reaksie meer voorspelbaar sou wees indien Meurant Afrikaans *per se* probeer propageer het.

Vervolgens word 'n kaart ingesluit wat die verspreiding van die verskillende woorde of *dialekterme* vir *duisendpoot* oor Suid-Afrika weerspieël, met inagneming van die beskrywing van die verskillende soorte Afrikaans. (Die bron is: “*Afrikaanse spraakgebiede*” (S.A. Louw) in *Taalkundige opstelle*, soos weergegee in Van Rensburg *et al.* 1997:39).

**Figuur 2: Verskillende woorde vir *duisendpoot* oor Suid-Afrika**



#### 4.4 Kritiek op die vroeë driedeling van Afrikaans

Soos omvattend in die voorafgaande afdelings bespreek, onderskei Van Rensburg (1984, 1989 & 1997), op grond van linguisties-geografiese asook sosiale gronde tussen die drie historiese variëteite van Afrikaans. Hierdie driedeling word ook deur ander navorsers soos Du Plessis en Ponelis toegelig:

*\*Kaapse Afrikaans/ Suidwestelike Afrikaans*

*\*Oranjerivierafrikaans/ Noordwestelike Afrikaans, en*

*\*Oosgrensafrikaans/ Oostelike Afrikaans*

Grebe (1999:52) wys daarop dat gegewens volgens Van Rensburg (1984, 1989 & 1997) aandui dat Oosgrensafrikaans ontwikkel het uit niestandaardvorme van Nederlands wat gepraat is deur die vryburgers en veeboere wat later die binneland ingetrek het. Hierdie variëteit het vir 'n kort periode aan die Oosgrens van die vroeë negentiende eeu gestabiliseer en is grootliks as gevolg van die Groot Trek daarvandaan in die binneland versprei. **Dit vorm gevolglik die basis vir moderne Standaardafrikaans.** Teenoor hierdie voorsettingsvariëteit is daar Kaapse Afrikaans wat teruggaan op intertaalvorme, en wat gepraat is deur die vroeë slawegemeenskap en hulle nakomelinge aan die Kaap. Ook Oranjerivierafrikaans is 'n kontakvariëteit en gaan terug op vreemdetaalverwerwing van 'n vorm van Niestandaardnederlands deur Khoikhoi-sprekers. Dit word tans gepraat deur hoofsaaklik die bruin mense van die Kaapse noordwestelike binneland, die Suid-Vrystaat asook dele van Suidwes-Natal en Griekwaland-Oos.

Volgens Grebe (1999:52) word Van Rensburg se beskouing, dat Oosgrensafrikaans as die brondialek van Standaardafrikaans beskou kan word, deur baie min navorsing ondersteun. Hy opper dan ook die volgende kritiese besware: kan die blote verspreiding van dié variëteit die aanname dat dit die norm van Standaardafrikaans is, gevolglik regverdig? Die vraag is in hoe 'n mate 'n term soos Oosgrensafrikaans asook die definisie van hierdie begrip in vakliteratuur die werklike aard van die destydse taalopset weerspieël. Rus die hipotese dat Oosgrensafrikaans (die latere Transvaalse Afrikaans) die

grondslag vorm van Standaardafrikaans – **sonder dat die Afrikaans van die bewoners elders in die destydse Kaapkolonie dus vermeld word** – op stewige teoretiese en empiriese gronde?

Is elke variëteit dus 'n **standaardtaal op sy eie** (met eie kenmerke) of het net **een soort** uiteindelik die norm geword? Indien laasgenoemde wel die geval is – op grond waarvan word hierdie *spesifieke* vorm dan in wese *geregverdig* as die bepaalde standaardtaal? Hierdie vraag word egter in hoofstuk vyf verder gevoer en bespreek.

Ten einde antwoorde op hierdie vraag te verskaf, is dit dus noodsaaklik om groter helderheid te verkry oor die onderlinge verhouding tussen veral **Kaapse Afrikaans** en **Oosgrensafrikaans**. Grebe (1999:53) merk op dat 'n ander moontlikheid bestaan as dié dat Standaardafrikaans gebaseer is op Oosgrensafrikaans (soos wat tans in die vakliteratuur gedefinieer is). Dit is naamlik moontlik dat Standaardafrikaans kon gegroei het uit 'n betreklike *homogene* variëteit wat gepraat is in die destydse trekboergebiede van die Overberg en die gebiede onmiddellik noord en wes van die Boland tot aan die grense van die kolonie in die ooste.

So 'n inklusiewer siening maak dit makliker om op 'n geïntegreerde wyse verantwoording te doen van die onteenseglik belangrike invloed wat moes uitgegaan het van **intertaalvariëteite** soos Kaapse Afrikaans omdat 'n natuurlike *osmoseproses* dan veel waarskynliker en gemakliker sou kon verloop het as wanneer die basis van Standaardafrikaans ver in die *oostelike Trekboergebiede* (en die Transvaal) *afgesonder* word. Belangrike kultuurhaarde soos **Genadendal** (*bl. 65*) kon dan ook meegespeel het in die standaardiseringsproses van Afrikaans. Soos ook vroeër in die hoofstuk genoem, het Oranjerivierafrikaans oor 'n baie groter gebied versprei as enige een van die ander twee variëteite en is tekens daarvan tot in Gauteng waargeneem.

'n Groot probleem wat ook weer opduik, is dié van die *tussengebied* – die taalvorm van die burgers en ander lede van hulle taalkring ten ooste en noorde van die eerste Kaapse bergreekse (dit is die destydse Land van Waveren en verder wes, die Breëriviervallei, die

Overberg, die Suid-Kaap en aangrensende binneland) en die begin van die verre Oosgrensgebied met Graaff-Reinet en Grahamstad as sentrums. Volgens Grebe (1999:53) belig hierdie gebied probleme wat ernstige implikasies het vir die plek van Oosgrensafrikaans binne die groter geheel van Afrikaans.

#### 4.4.1 Die onderskeiding deur ander navorsers

Grebe (1999:54) stel dit duidelik dat C.J. van Rijn (1914, *in Grebe*) tussen *drie vorme van Kaaps-Hollands* onderskei:

**Burgerhollands,**  
**Kleurlinghollands,** en  
**Boerehollands**

**Burgerhollands** is veral gepraat in Kaapstad, die Paarl en Stellenbosch en dit was ook die “fijner” Hollands met duidelike Nederlandse paradigma-onderskeidinge (*de/het*). Die kwaliteit van hierdie vorm neem egter af onder invloed van die taal van die kleurlinge. Teenoor hierdie betreklik Nederlandse Hollands was daar dus volgens Van Rijn (1914) ook die **Kleurlinghollands** wat as *krom en arm* getipeer word. Du Plessis (1987 *in Grebe* 1999) verwys na hierdie vorm as Griekwa-Afrikaans en stel dit gelyk aan Van Rensburg se term *Oranjerivierafrikaans*. Na 1806 het Kleurlinghollands nader beweeg aan Burgerhollands, maar Du Plessis is van mening dat hierdie verbeterde Kleurlinghollands egter net ‘n *versmelting* is tussen Burgerhollands en die Kleurlinghollands van voor 1806 en dus dieselfde as Van Rensburg se Kaapse Afrikaans.

**Boerehollands** was volgens Van Rijn iets anders as Burgerhollands of Kleurlinghollands en dus ‘n vorm van Hollands wat deur afsondering op die grensplase ‘n natuurlike proses van *vereenvoudiging* ondergaan het. Dit is in 1745 deur die Trekboere na die destydse Oosgrensgebied versprei en later deur die Groot Trek na die binneland. Hierdie Boerehollands word deur Van Rijn (1914) beskou as vry van enige invloed van

Kleurlinghollands en hy stel dit gelyk aan die soort Afrikaans wat later in Standaardafrikaans sou *ontwikkel* – in wese is dit gevolglik dieselfde soort Afrikaans as Van Rensburg se Oosgrensafrikaans.

Ponelis (*in Grebe 1999:54 & 55*) se siening kan vlugtig soos volg opgesom word in aansluiting by die sienings van Van Rensburg en Van Rijn:

Daar word onderskei tussen **Suidwestelike, Noordwestelike en Oostelike Afrikaans**.

**Suidwestelike Afrikaans**, ook genoem Kaapse Afrikaans, word gepraat in die Kaapse Skiereiland, die Boland en Noord-Boland, die Sandveld, die Swartland, die Overberg en die Klein-Karoo. Volgens Ponelis kom daar in die gebied van Suidwestelike Afrikaans die grootste mate van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans voor.

Die gebied van **Noordwestelike Afrikaans** is Namakwaland, westelike Boesmanland, die Richtersveld en die suide van Namibië.

Die gebied van **Oostelike Afrikaans** beslaan die grootste gedeelte van die Kaapse binneland, die Vrystaat, die voormalige Transvaal en KwaZulu-Natal. Verder beweer Ponelis ook dat Standaardafrikaans op die basis van Oostelike Afrikaans gestandaardiseer is.

Van Rensburg, volgens Grebe (1999) beskou Oosgrensafrikaans as 'n hoofsaaklik landelike variëteit van Afrikaans wat tussen 1770 en 1840 aan die destydse Oosgrens gepraat is. Dit beslaan ongeveer die gebied tussen die Groot-Brakrivier en die Groot-Visrivier. Kaapse Afrikaans beslaan 'n gebied wat strek van Kaapstad tot by die eerste bergreekse.

Bogenoemde geografiese situering laat 'n groot en belangrike spraakgebied heeltemal buite rekening – die taalgebruik van die Afrikaanstaliges van die Noord-Boland, Sandveld, Swartland, Overberg en Klein-Karoo word dus wesenlik geïgnoreer. Voorts

laat die definisie van Kaapse Afrikaans as hoofsaaklik gebesig deur die nakomelinge van veral die vroeë slawegemeenskap aan die Kaap, saangelees met die geografiese definiëring van Oosgrensafrikaans 'n verdere onduidelikheid ontstaan – **“watter soort Afrikaans is deur die blanke nie-slawebevolking van die Kaapse gebied gepraat?”** (Grebe 1999:54, 55)

As daar dus deur Grebe (1999:55) aanvaar word dat die burgerbevolking in die gebied van Kaapse Afrikaans nie sprekers van Kaapse Afrikaans was nie, en dat die burgerbevolking en ander lede van die spraakgemeenskap van die tussengebied nie Oosgrensafrikaans gepraat het nie, word 'n beduidende gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking rondom die tyd van die Groot Trek nie deur die driedialekhipotese van Van Rensburg verdiskonteer nie. Anders gestel: *hierdie siening laat hom in hierdie stadium nie uit oor die aard van die taalgebruik van hierdie deel van die Afrikaanssprekende bevolking nie* (Grebe 1999:58).

Von Wielligh (*in* Grebe 1999:59) onderskei 'n spraakgebied genaamd **Suidelike Distrikte** wat strek van die distrik Swellendam in die weste tot by die begin van die distrik Port Elizabeth in die ooste. Oor die spraak van dié gebied beweer hy dat dit as gevolg van aansluiting by die Overbergse spraak nader staan aan Bolands as wat die Karoo-spraak aan Bolands is. Dit was trouens tot aan die begin van die negentiende eeu dieselfde as Bolands as gevolg van immigrasie uit dié streek. Verder stel hy dit ook dat die Maleierinvloed nie meer so sterk in hierdie gebied teenwoordig is nie. En dan maak hy die volgende belangrike opmerking: *vanuit hierdie Suidelike Distrikte versprei Afrikaans volgens hom dan na die noorde.*

Volgens Von Wielligh (*in* Grebe 1999:59, 60) sluit die spraak van hierdie gebied nou aan by die spraak van die Boland, en uit sy opmerkings ten opsigte van die verspreiding van Afrikaans vanuit dié gebied na die noorde, sou afgelei kon word dat die spraak van die genoemde gebied (*die tussengebied*) wesenlik dieselfde moet gewees het as die sogenaamde Oosgrensafrikaans. Indien dit wel die geval was, gee die begrip *Oosgrensafrikaans* 'n onvolledige beeld van die taaltoestande in die middel van die

negentiende eeu. 'n Term soos *Burgerafrikaans* stel die taaltoestande in die negentiende eeu miskien juister, naamlik dat daar *naas die twee kontakvariëteite van Afrikaans 'n behoudender voortsettingsvariëteit was wat in 'n hoër mate onderlinge ooreenkomste as verskille getoon het.*

Hier gaan dit in wese oor die **linguale subjekte** (die sprekers van die taal, vgl. Burgerafrikaans) wat **taalkontinuiteit** met Nedersettingsnederlands verseker het deur die gebruik van hulle voorsettingsvariëteit (die linguale objek) en wel binne 'n oorwegend blanke gemeenskap. Dié gemeenskap het die sosio-ekonomiese en kulturele imperatief in 'n groter mate besit as die ander twee groepe intertaalsprekers (die Khoikhoi, wie se kultuur sosiaal en ekonomies verbrokkel het en die slawe wat ontwortel, heterogeen en statusloos is tot 1834) – twee agtergestelde groepe met twee aanleedersvariëteite wat dus intertale is.

Le Roux se opmerkings (*in Grebe 1999:60*) oor dialektiese verskille in Afrikaans bied ondersteuning vir die siening:

\*Dit is oor die algemeen moeilik om vir die waargenome variante grense aan te dui, alhoewel sekere klankverskynsels, byvoorbeeld laag *ie* en *oe* vir *ee* en *oo* tog streeksgebonde is.

\*Hierdie verskille is hoofsaaklik daarin geleë dat sekere vorme in sekere gebiede sosiaal anders beoordeel word: wat dus in een gebied as *onbeskaafd* (ongepas) beskou word, geld elders as *beskaafd* (gepas).

\*Hierdie verskille moes reeds vóór die Groot Trek bestaan het. Baie insiggewend is die Westelike Provinsie en veral die distrikte Paarl en Stellenbosch af te skei van die res van die taalgebied.

Ook Ponelis (*in Grebe 1999:60, 61*) beskou Standaardafrikaans as gebaseer op Oostelike Afrikaans. Indien die tipiese kenmerke van Suidwestelike (Kaapse) Afrikaans deel

uitmaak van algemene Standaardafrikaans, maar dié van Kaapse Vernakular-Afrikaans nie, laat dit twyfel ontstaan of Suidwestelike Afrikaans hoegenaamd 'n strukturele eenheid vorm en in sy geheel te onderskei is van Oostelike Afrikaans.

Volgens Grebe (1999:62) ontstaan die vraag dus of daar nie 'n verdeling regdeur Suidwestelike Afrikaans loop wat die twee uiterste dele verskillend laat uitval ten opsigte van Oostelike Afrikaans en dus ook van Standaardafrikaans nie. Indien dit wel die geval is, sou daar kwalik van 'n enkele, onderskeie Suidwestelike Afrikaanse dialekbundel sprake kon wees. Die verhouding tussen *Suidwestelike Afrikaans*, *Kaapse Afrikaans* en *Oostelike Afrikaans* is dus onduidelik gedefinieer. Die strukturele verwantskap tussen 'n Algemene Kaapse Afrikaans en Kaapse Vernakular-Afrikaans aan die een kant, en Oostelike Afrikaans en Standaardafrikaans aan die ander kant, moet waarskynlik eerder in terme van 'n **kontinuumperspektief** (dus nie 'n aanleedersperspektief nie) gesoek word wat sowel geografiese as sosiale determinante vertoon.

Steyn (*in Grebe* 1999:64) verklaar onomwonde dat Kaapstad 'n belangrike kommunikasiesentrum was en dat Kapenaars daarom soms die toon aangegee het in taalsake. Hieruit behoort dit duidelik te wees dat, ten minste in die beginjare, die standaardisering van Afrikaans in 'n hoë mate op die basis van 'n Bolandse variëteit van Afrikaans geskied het. Dat hierdie Bolandse variëteit groot ooreenkomste met Oosgrensafrikaans moes vertoon het, is hoogs waarskynlik, anders sou Van Rensburg nooit daarop aanspraak kon maak het dat Standaardafrikaans gebaseer is op 'n unieke Oosgrensvariëteit van Afrikaans nie.

#### 4.5 Slot

'n Omvattende omskrywing van die drie vroeë variëteite van Afrikaans is in hierdie hoofstuk weergegee. Hedendaagse kritiek en ander sienings op hierdie, amper eng, driedeling is ook bespreek ten einde 'n meer resente toeligting op die standaardisering van Afrikaans daar te stel.



Conradie (1986) wys daarop dat Afrikaans onder invloed van Nederlands *verdefstig* het sodat Afrikaans vandag 'n *tweeslagtige* karakter het. Die klem sal dus gevolglik moet val op die ander, meer hedendaagse, sienings rondom die taalverandering van Afrikaans in Suid-Afrika waar politieke besluite groot omwentelinge tot gevolg gehad het sedert 1994.

## HOOFSUK 5

### *DIE STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS*

## HOOFSTUK 5

### DIE STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS

#### 5.1 Inleiding

Wat taalverandering in die verlede en hede aanbetref, kan dit soos volg deur Milroy (1992:1) opgesom word:

*One of the most important facts about human language is that it is continuously changing. It can also be shown from close at hand that language is continuing to change in the present just as it did in the past. At this very moment changes are being implemented and diffused: old varieties are dying out and new varieties are springing up; pronunciations are changing, new words and constructions are being adopted and old ones adapted to new ones. Sometimes change is rapid, and sometimes it is slow, and at any given time some linguistic structures are changing while others remain stable. Indeed, change seems to be inherent in the nature of language: there is no such thing as a perfectly stable human language. It is also true that at any given time a language is variable. Languages are never uniform entities; they can be observed to vary geographically and socially, and according to the situational contexts in which they are used.*

Carstens (1994:233 - 234) sluit by bogenoemde aan deur dit duidelik te stel dat daar binne die Afrikaanse taalgemeenskap verskeie *forme* van Afrikaans voorkom. 'n Taal is selde *homogeen* (gelyksoortig), maar eerder *heterogeen* (ongelyksoortig). Dit beteken dat 'n taal verskeidenheid sal vertoon, want geen twee mense sal presies dieselfde vorm van 'n taal gebruik of praat nie. Daar moet binne 'n taalgemeenskap veral rekening gehou word met die sosiale onderskeidings binne so 'n gemeenskap.

‘n Taal moet gevolglik ook voldoen aan die hoogs gedifferensieerde behoeftes van sy gebruikers. Gesamentlik beskik al hierdie sprekers wel oor die *inherente vermoë* om Afrikaans te praat, maar duidelik nie dieselfde vorm van Afrikaans nie: *‘n Heterogene gemeenskap vereis dus ‘n homogene uitdrukkingsmiddel wat vir almal verstaanbaar is.*

Volgens Van Rensburg (1980 in Carstens 1994:234) voldoen Afrikaans aan bogenoemde vereiste, want dit kom nie net voor in *goedversorgde* koerante of boeke nie, en is ook nie net ‘n taal wat in skole, kerke, staatsinstellings, taalverenigings en op verhoë gebruik word nie. Dit het ook talle ander fasette, want dit word geopenbaar in talle vorme en in wisselende patrone in die mond van elke Afrikaanssprekende.

Vervolgens word daar gekyk na taalverandering in Afrikaans in die hedendaagse talesituasie in Suid-Afrika – die klem val gevolglik op die aanwending en sienings van Afrikaans in die tydperk ná die verkiesing van 1994, maar ook op die siening van Petrus Van Eeden (1998) wat duidelik aantoon dat die verskil tussen Nederlands en Afrikaans nie só groot is as wat aanvanklik voorgehou is nie. Volgens Steyn (1998:142) is Petrus van Eeden se boek (sien bronnelys) een van die opsienbarende boeke oor taalpolitiek en eksterne taalgeskiedenis wat in die laaste paar jaar in Suid-Afrika verskyn het. Die deurlopende tema is die feit dat dit die wysheid van die Afrikaanse taalbewegings in twyfel trek en betoog dat Afrikaanstaliges vandag sterker teen Engels sou gestaan het as Nederlands hulle kultuurtaal gebly het.

## 5.2 Afrikaans as ‘n kontaktaal

Du Plessis (1995:144 - 145) voer die hedendaagse variasie in Afrikaans terug na die kontakgeskiedenis daarvan. Die dialektiese verskeidenheid in moderne Afrikaans kan gevolglik teruggevoer word na die kontak wat daar veral was tussen Hollands en nie-Germaanse tale sedert 1652 (soos bespreek in hoofstuk twee). Kortom gestel: *moderne variasie in Afrikaans is lewende getuienis van die kontakevolusie van Afrikaans.*

In dieselfde teks dui Du Plessis (1995) aan dat dit nogal opvallend is hoe die eerste taalkundiges Afrikaans feitlik sonder uitsondering as variasieloos gesien het. Afrikaans was *van die Kaap tot by die Limpopo* een taal (van die blanke gemeenskap), sonder noemenswaardige verskeidenheid. Die hoofrede hiervoor lê volgens hom daarin dat dit teen die einde van die negentiende eeu om Afrikaans as kultuurtaal begin gaan het en dat dit vir baie van die taalkundiges (Changuion, Mansveldt, Viljoen en S.J. du Toit onder andere) om Afrikaans as nasionale taal gesentreer het. Dit was belangrik om Afrikaans van sy patios-etiket te bevry, want toe het dialek nog min of meer **onaanvaarbare afwyking** beteken. Dit is eers later dat Afrikaans se verskeidenheid aanvaar is.

Verder is dit belangrik dat daar meestal met Afrikaans net die *standaardtaal* bedoel is. Talle ondersoekers van Afrikaans het dus in gebreke gebly om te kan onderskei tussen Afrikaans wat 'n versamelnaam vir die Afrikaanse variëteite is en die onderskeie variëteite, waarvan Standaardafrikaans een is. Ook is daar tot onlangs met *variasie* spesifiek **geografiese variasie** bedoel en **nie sosiolinguistiese variasie** nie (Du Plessis 1995).

### 5.3 Die standaardisering van Afrikaans

#### 5.3.1 Die gemeenskap in die Paarl

Kortliks kan die bewusmaking van Afrikaans veral aan die werksaamhede van 'n spesifieke groep toegeskryf word, waarna dit oor die hele spraakgemeenskap in Suid-Afrika versprei het en gevolglik ontwikkel het in 'n **kultuurtaal**.

Op 14 Augustus 1875 het 'n groep mense in die Paarl bymekaargekom om 'n soort Afrikaans wat taamlik baie van Nederlands verskil het, wyer as die Paarl te probeer vestig (vgl. Van Rensburg *et al.* 1997). Hierdie groep het hulself die **Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)** genoem waarvan Arnoldus Pannevis 'n baie bekende lid was. Hy was aanvanklik bekommerd omdat die Bybel nie in 'n taal beskikbaar was wat ook deur die

*kleurlinge* gelees kon word nie. Die meeste het Kaapse Afrikaans gepraat en kon Bybelnederlands skaars verstaan.

Maar met die stigting van die GRA begin nie net die stryd om die erkenning van Afrikaans as kultuur- en landstaal nie, maar ook die strewe na **normering** (dit was ook die strewe van die Nederlande van die sewentiende eeu). Hoewel individuele normagente die voortou geneem het, het die Patriotbeweging die voordeel gehad dat dit die taalkwessie as 'n genootskap, 'n groep van taalbewuste manne, aangepak het en daar dus 'n eerste beheerliggaam tot stand gekom het (Raidt 1994:317). Botha (1989:136, 137) sluit hierby aan wanneer hy dit stel dat die stigting van die GRA 'n formele aanvang geneem het met georganiseerde aktiwiteite ter bevordering van Afrikaans – binne die raamwerk van 'n breë Afrikaner nasionale beweging. Met die **bevordering** van Afrikaans word bedoel: die stelselmatige verkryging van hoër gebruiksfunksies vir Afrikaans en die verhoging van die relatiewe status daarvan sodat dit op die duur tot kultuurtaal ontwikkel en tot amptelike taal verhef word. Die langtermynmerk was dus om *Nederlands deur Afrikaans te vervang* en gelykberegtiging vir Afrikaans naas Engels te bewerkstellig. Dié ideaal is eers in 1925 verwesenlik, vyftig jaar na die 1875-stigting van die GRA.

Van die GRA se mooi planne vir die vertaling van die Bybel en die erkenning van die soort Afrikaans van die Paarl het nie veel gekom nie. Na drie jaar is die GRA ontbind, maar hulle werk is egter op ander maniere voortgesit – soos deur die aksies van die Afrikanerbond in sy beginjare. S.J. du Toit wat veral die dryfkrag agter die GRA was, het aan die hoof van die Afrikanerbond gestaan en mense veral aangemoedig om in Afrikaans te skryf. Talle boeke en korter stukke is so gepubliseer, waarvan baie sy eie werke was. Hy formuleer volgens Raidt (1994:317, 318) in sy *Eerste beginsels fan dit Afrikaanse taal* (1876), wat ses jaar later al 'n tweede druk beleef het, die hoofreëls van Afrikaans. Al was dié Afrikaanse taalboek hoofsaaklik beskrywend van aard, het Du Toit daarmee tog die stoot gegee tot 'n eerste normering van Afrikaans in die vorm van 'n eie identiteit ten opsigte van Nederlands, *dit wil sê die beskrywing van Afrikaanse norme in teenstelling met Nederlandse norme*.

Die GRA, en later die Afrikanerbond, het veral een instrument tot hulle beskikking gehad waarmee hulle idees bekend gemaak is – die drukpers van D.F. du Toit. Hiermee is veral die koerant, *Di Afrikaanse Patriot*, uitgegee waarin hulle soort Afrikaans bekendgestel is. Positiewe ondersteuning in die persoon van onder andere C.J. Langenhoven, is op die manier ook bevorder, en Afrikaanssprekendes oor 'n wye front is hierdeur in staat gestel om 'n groot verskeidenheid geskrifte in Afrikaans te lees (Raidt 1994).

Volgens Van Rensburg (1997:48, 49) is die Afrikaans wat sedert die einde van die agtiende eeu aan die destydse Oosgrens gepraat is, met die Groot Trek deur 'n wye verskeidenheid sprekers na die binneland van Suid-Afrika gebring. Dié soort Afrikaans kon daarna veral in die voormalige Vrystaat en Transvaal gehoor word. Teen 1925 was daar genoeg verteenwoordigers van die Vrystaat en Transvaal in die parlement van die destydse Unie van Suid-Afrika om wetgewing deurgevoer te kry sodat Afrikaans (voorheen Nederlands) saam met Engels die ampstale van Suid-Afrika kon wees. Afrikaans moes gevolglik ná 1925 verander van '*n plaastaal na 'n staatstaal*. Die taal wat die Patriotters tot skryftaal wou verhef, was nie 'n eenheidstaal nie. Dit het nog nie oor 'n standaardvorm beskik nie, ook nie oor 'n literatuur nie. Afrikaans moes van meet af aan opgebou word (Botha 1989:137). Dit kon Afrikaans slegs vermag deur van ander tale te leen. Nederlands was aan die begin die bron vir die ontlenings, en later Engels. Talle eie Afrikaanse vorme soos *pad, hard, maag, vinnig* en *kaal* is aanvaar saam met deftiger Nederlandse vorme soos *weg, luid, buik, snel* en *naak*. Talle vakterme uit Nederlands het ook op dié manier in Afrikaans gekom.

In 'n sekere sin is die nasionale gevoel ook bevorder deur '**n verset teen die verengelsing** van die openbare lewe en veral die skole (vgl. ook hoofstuk twee in dié verband.) Die verband tussen Afrikaans en 'n pro-Afrikanergesindheid was vir lank 'n vanselfsprekendheid onder blanke Afrikaanssprekendes, wat deur politici en selfs geskiedskrywers aangewakker is.

### 5.3.2 Die Taalbewegings en die vertaling van die Bybel

In hoofstuk vier is daar reeds aandag gegee aan die beskrywing van die begrip *taalbeweging* (punt 4.2 op bladsy 53), die verskillende soorte taalbewegings (punt 4.3 op bladsy 55) en daar is veral ook gelet op die belangrikheid van die Oosgrenstaalbeweging (punt 4.3.3.4 op bladsy 76). In die punt hierbo (5.3.1) word daar aandag gegee aan die stigting van die GRA, wat tradisioneel verbind word met die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

Tog is dit ook belangrik om kennis te neem van nog twee taalbewegings, nl. **Die Bybelvertalingsbeweging** (wat alreeds in die studie genoem is) en **Die Na-Oorlogse Taalbeweging** (ook genoem die Tweede Taalbeweging).

Die Bybelvertalingsbeweging en die oprigting van die GRA gaan hand aan hand, aangesien Pannevis se pleidooie vir 'n Afrikaanse Bybel 'n briefveldtog in die pers ontlok het waaraan onder andere S.J. du Toit en C.P. Hoogenhout deelgeneem het. Omdat daar 'n behoefte aan samewerking ontstaan het, het hierdie voorstanders van 'n Afrikaanse Bybelvertaling bymekaar gekom en daaruit is die GRA gebore. Die motief van die Eerste Taalbeweging en die oprigting van die GRA was dus **godsdienst** (Du Plessis 1983:83). Dekker (1926 in Du Plessis 1983:83) stel dit ook duidelik dat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging 'n volksbeweging was – *'n oplewing wat nie alleen op taalgebied sig geopenbaar het nie*. **Politiek** was dus ook 'n belangrike dryfveer van dié Taalbeweging.

Soos reeds in punt 5.3.1 genoem, het Arnoldus Pannevis in 1872 die vertaling van die Bybel in Afrikaans as 'n middel tot die kerstening en beskawing van die Kleurlinge van die Kaapkolonie in die vooruitsig gestel. Sy briefveldtog in die pers ontlok reaksie uit verskillende oorde en in 1874 rig hy 'n pleidooi aan die **Britse en Buitelandse Bybelgenootskap** in dié verband. Die redelikheid van Pannevis se optrede lê daarin dat hy Afrikaans wou gebruik om sy doel te bereik. 'n Treffende illustrasie dat dit Pannevis se beweegrede was, lê in sy *geloof* in die toekoms van Engels in Suid-Afrika. Totdat Engels as taal van Suid-Afrika gevestig was, moes Afrikaans die middel wees waardeur die



Afrikaanssprekende bevolking tot die Christendom bekeer en beskaaf kon word. Pannevis en Hoogenhout het as Hollanders tot die besef gekom dat die mate van agterlikheid van 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolking toegeskryf kon word aan hulle onvermoë om die Hooghollandse en/of Engelse Bybel te verstaan en dat Afrikaans die enigste taal was wat hulle geken het. Die Afrikaans van die Bybelvertalingsbeweging kan as 'n vroeë vorm van **Kaapse Afrikaans** getipeer word. Dit is die vorm van Afrikaans wat deur die GRA in hulle geskifte gebruik is en as Bybeltaal bestendig moes word (Du Plessis 1983:96, 101 & 102).

Die verloop van die Bybelvertalingsbeweging word vanaf Pannevis se inisiële pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybel in 1872 tot by die ontbinding van die die GRA in 1878 in twee fases verdeel, naamlik:

- (a) 'n fase wat oorheers word deur die **briefveldtog** in die pers onder leiding van Pannevis en Hoogenhout, en
- (b) 'n fase wat deur die **GRA** oorheers word en waarin die saak van die Bybelvertaling agterweë gebly het. Daar was dus nie sprake van 'n taalstryd wat met 'n politieke veldtog gepaard gegaan het nie (Du Plessis 1983:107).

Volgens Du Plessis (1983:125) kan die fase na 1884 in die geskiedenis van die Bybelvertaling nie beskou word as 'n voortsetting van die Bybelvertalingsbeweging nie. Voor 1878 was die hoofdoel van die beweging om die Bybel in Afrikaans te vertaal – godsdienst was dus die dryfkrag agter die beweging. Na 1878 het die doel nie soseer verander nie, maar het 'n veel omvattender strewe weer stukrag aan die gedagte van 'n Afrikaanse Bybel verleen. Hierdie inspuiting is toegedien deur die stigting van die **Afrikanerbond** in 1880. Vanaf dié datum het die ideaal van die Afrikaanssprekende om hom as *politieke magsfaktor* te laat geld alle ander sake oorskadu. Dit verklaar waarom daar tussen die jare 1878 en 1883 nie veel tereg gekom het van 'n Afrikaanse Bybelvertaling nie – die mense, veral die oud-GRA-manne, was behep met die nuwe gedagte dat die Afrikaanssprekende politieke seggenskap moes verkry. Die politieke

ideaal het die verbeelding meer aangegryp as die gedagte aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling.

Volgens Posthumus (1976(b):70) het die eerste vertaling van die Bybel in 1933 verskyn. Dit is allerweë verwelkom as 'n goeie stuk werk, maar die kennis van die brontale en van die hele milieu van die Bybelse tyd, asook groot vordering op die gebied van die tekskritiek en van die vertaalwetenskap, het daarna 'n nuwe Bybelvertaling nodig gemaak. 'n Ander rede wat aangevoer is, was dat Afrikaans sedert 1933 baie verander het. Tog glo Posthumus (1976(b)) dat Afrikaans self nie so danig verander het nie, maar wel die gebruikers se kennis daarvan sowel as die stilistiese waardering van woorde en uitdrukkings. Daarby het die hele opvatting omtrent die weergawe van Gods Woord in die taal van die mens, meer bepaald die Afrikaanse mens, grondig verander.

Die Na-Oorlogse Taalbeweging word van sy ontstaan af (ongeveer vanaf Uniewording in 1910) gekoppel aan die aktiwiteite van die **Afrikaanse Taalgenootskap** in die Transvaal en die Vrystaat en die **Afrikaanse Taalvereniging (ATV)** in Kaapland. Pienaar (1926 in **Du Plessis** 1983:175) beweer dat die Tweede Taalbeweging in die Kaap 'n aanvang kon geneem het toe *De Goede Hoop* in 1903, onder redaksie van J.H.H. de Waal, propaganda in en oor Afrikaans begin publiseer het. Die ontwaking van Afrikanernasionalisme na die Tweede Vryheidsoorlog was 'n belangrike en stimulerende faktor in die Tweede Taalbeweging (Du Plessis 1983:175 & 181).

Die unifikasie van Suid-Afrika het die ontwaking van Afrikanernasionalisme gestimuleer wat uitgeloop het op die stigting van die Nasionale Party in 1914 – die politieke organisasie waarom die strydfase van die Na-Oorlogse Taalbeweging gesentreer het. Aan die voorpunt van die beweging was die taalbewuste politieke leier, generaal J.B.M. Hertzog (Du Plessis 1983:182).

Die redes vir die sukses van die Tweede Taalbeweging, word soos volg deur Du Plessis (1983:182, 183) uiteengesit:

- a) Die Na-Oorlogse Taalbeweging is 'n beweging in drie fases, naamlik –
  - (i) 'n **bewuswordingsfase** waarin die Afrikaner nasionaal- en politiekbewus word;
  - (ii) 'n **strydfase** waarin dié bewuswording tot uiting kom en uitloop op die stigting van die Nasionale Party;
  - (iii) 'n **handhaaffase** wat in 1925 begin het, nadat Afrikaans in daardie jaar na 'n suksesvolle politieke stryd deur die Nasionale Party tot mede-ampstaal verhef is.
- b) Afrikaans was die middel wat gedurende die strydfase gebruik is om –
  - (i) die Afrikaner polities saam te snoer en
  - (ii) polities, ekonomies en kultureel op te hef.
- c) Taalbewuste politieke leiers het daarvoor gesorg dat Afrikaans en nie Nederlands of Engels nie as die middel van die politieke stryd gebruik is.
- d) 'n Nasionale prikkel het aan die Na-Oorlogse Taalbeweging momentum verleen. Volgens Steyn (1980:226) het die Tweede Vryheidsoorlog die Afrikaanse nasionale beweging gestimuleer en daarvan nie net 'n stedelike nie, maar ook 'n plattelandse beweging gemaak.

Volgens Du Plessis (1983:205) dateer Afrikaans se vernederlandsing uit die periode van die na-oorlogse taalstryd – die stryd vir 'n Vereenvoudigde Nederlandse Spelling kan hoofsaaklik die blaam daarvoor kry. Hierdie stryd tussen voorstanders van Nederlands en voorstanders van Afrikaans het die neiging laat ontstaan om die standaardvorm van Afrikaans te “ooridealiseer”. Die stryd tussen Afrikaans en Nederlands en die redes vir Afrikaans se standaardisering word egter later in die hoofstuk meer breedvoerig bespreek.

### 5.3.3 Die Afrikaanse kultuurtaal

Dit blyk dat Afrikaans in die fase voor standaardisering 'n besonder groot verskeidenheid van linguistiese variante getoon het, en dat hierdie variante in die meeste gevalle Nederlands-dialekties van herkoms was (Raidt 1994:290). Talle ou dialektiese,

hoofsaaklik Hollandse vorme, op fonologiese, sintaktiese en leksikale gebied, het hulle verrassend lank in die spraakgemeenskap aan die Kaap bly handhaaf. Die vinnige verdwyning van talle van hierdie dialek- en/of streektaalverskynsels (uit Standaardafrikaans van die blanke sprekers) met die koms van standaardisering, wys op die **uitskakelingseffek wat taalnorme** ten opsigte van variante uitoefen (Raidt 1994:309, 310) – vergelyk hier die strewe na ‘n bowedialektiese standaardvorm van Nederlands in die sewentiende-eeuse Nederlande.

Volgens Ponelis (1992:71) is Standaardafrikaans die sinoniem vir die Afrikaanse kultuurtaal oftewel die kultuurvariëteit van Afrikaans. Hierdie variëteit word in die eerste plek ten opsigte van die veranderlike domein (**gebruiksfeer**) bepaal: die belangrikste kenmerk van die Afrikaanse kultuurtaal is die gebruik daarvan in die openbare domein, onder andere in die reg, die literatuur, die administrasie, die onderwys en die media. Die amptelike institusionalisering van Afrikaans het veral betrekking op die gebruik van Standaardafrikaans in die *hele openbare domein*. In die private domein, daarenteen, waaronder die huisgesin en die vriendekring, word die Afrikaanse omgangstaal gebruik.

Dit lê in die aard van standaardisering dat ‘n keuse uit sekere wisselvorme gemaak moet word. Volgens Heringer (1980 in **Raidt** 1994:319) is elke taalnormering ‘n **inperking** omdat *a priori* geen formulering van taalreëls en -norme die ryk verskeidenheid van ‘n taal insluit nie. Normeerders is gevolglik nie produktief of kreatief nie; hulle kies uit die bestaande moontlikhede sekere vorme terwyl hulle ander verbied. Hulle **selekteer** die taalvorme wat die spreker behoort te gebruik (Raidt 1994:319). By implikasie word die ander variante gemarkeer as behorende tot ‘n **beperkte sfeer**.

Na stylvlak is Standaardafrikaans heelwat meer formeel en versorg as die gewone omgangstaal. Daar is ook ‘n kanaalverskil tussen die standaard- en omgangstaal: die standaardvariëteit word veral as skryftaal aangewend, terwyl die omgangstaal in ‘n groot mate spreektaal is. Die standaardtaal het natuurlik nie die skryfmonopolie nie, want ander variëteite word ook om bepaalde redes geskryf, maar die skryftaalgewone vorm van die standaard

is 'n weselike kenmerk van dié variëteit. Teenoor die ander variëteite van Afrikaans is Standaardafrikaans die **algemene, bo-dialektiese kenmerk van dié variëteit**.

Ponelis (1992:71) omskryf Standaardafrikaans met inagneming van bostaande soos volg:

*'n algemene, toonaangewende, versorgde en eenvormige kultuurvariëteit van Afrikaans wat veral as skryftaal aangewend word.*

Die belang van 'n standaardvariëteit lê dus in:

*sy algemeenheid*

*sy eenvormigheid en*

*sy kragtige en ryk gedifferensieerdheid.*

Hy stel dit egter ook duidelik dat die kultivering van Afrikaans 'n proses is wat baie wyer en heelwat ouer is as Afrikanernasionalisme: die kultivering van Afrikaans was nie *Afrikanernasionalisme of die Nasionale Party in aksie* nie. In die aparheidspolitiëk moes dit ideologies egter so voorgehou word.

Twee belangrike kultiveringsprosesse is **uitbreiding** en **standaardisering**. Wanneer 'n taal gekultiveer word, ondergaan dit groot uitbreiding van sy toepassingsgebied deurdat hy ook op die kultuur- en openbare terrein aangewend word. Hiermee gaan dan verryking in die taal gepaard.

Die heel belangrikste gebruiksuitbreiding in die omvorming tot 'n kultuurtaal, is die proses van **verskrifteliking**. Daar moet in die kultivering van Afrikaans vyf verskriftelikingstradisies onderskei word (Ponelis 1992:73):

- a) Die oudste is die *Afrikaans-Hollandse skryftradisie* wat teen 1700 begin het en geloop het tot aan die einde van die negentiende eeu. Dit was geen eg Afrikaanse skryftradisie nie, maar eintlik 'n poging van swak geletterde Afrikaanssprekendes om formele Nederlands te skryf, waardeur uiteraard dus sterk by die Nederlandse skryftradisie aangesluit is.

- b) Die eerste bewuste pogings om Afrikaans in plaas van Nederlands te skryf, dagteken uit die negentiende eeu. Daar is drie *Afrikaanse skryftradisies*:
- (i) Die **koerantradisie** het teen die vierde dekade van die negentiende eeu ontstaan. Een van die heel vroegste verteenwoordigers daarvan is Meurant.
  - (ii) Die tweede tradisie is nie veel jonger as die eerste nie. Die **Afrikaans-Arabiese skryftradisie** wat in die eerste helfte van die negentiende eeu in die Kaapse Moesliemskole ontstaan het en volgehou is tot die vyftigerjare van hierdie eeu. Hierdie skryftradisie was 'n kultiveringsdaad van formaat, aangesien dit meer behels het as die ontwerp van 'n heel eie Arabiese ortografie vir Afrikaans, want Afrikaans is hierdeur binne die wêreld van die Islam ingedra.
  - (iii) Die skryftradisie van *Di Patriot* het, anders as die vroeë koerantradisie van Meurant en andere, doelbewus pertinent van die Nederlandse praktyk afgewyk.
- c) Die laaste en uiteindelijke skryftradisie is dié van die *Akademie* wat in 1915 sy beslag gekry het en in gewysigde vorm tot vandag toe gebruik word.

Carstens (1994:240, 241) onderskei verder tussen drie *subvariëteite* van die standaardvariëteit van Afrikaans. Elkeen van hierdie variëteite is gepas in sekere situasies:

### 1) Superstandaardafrikaans (SSA)

Hierdie variëteit is 'n soort geïdealiseerde vorm van Afrikaans wat deur mense nagestreef word – dit word gekenmerk deur onder meer (i) *hoë, geaffekteerde* uitspraak, byvoorbeeld letteruitspraak, volgehoue oorronding [jyni], [jyli], ensovoorts, (ii) taalsuiwerheid (geen Anglismes nie), en (iii) argaïese taalvorme (*nademaal, in dier voege*, ensovoorts).

2) **Formele Standaardafrikaans (FSA)**

Dié variëteit is die vorm van Afrikaans wat bepaal word op grond van die taalgebruik van moedertaalsprekers in **formele** situasies, dit wil sê, 'n sogenaamde hoë-funksie-Afrikaans. FSA kom grootliks ooreen met *geskrewe* Afrikaans, met Afrikaans wat vir formele doeleindes (kerk, nuuslesers, onderwys, ensovoorts) gebruiklik is.

3) **Informele Standaardafrikaans (ISA)**

Hierdie vorm van Afrikaans word bepaal op grond van die taalgebruik van moedertaalsprekers in informele situasies, dit wil sê in sogenaamde *lae-funksie*-Afrikaans. Dit word gevolglik gebruik in volledige, natuurlike, spontane situasies.

Ponelis (1992:80) maak die stelling dat Afrikaans nooit sonder die hulp van Standaardnederlands (en ook Engels) tot kultuurtaal kon oorgegaan het nie, maar daar is veels te swaar op Nederlands gesteun. Tog word dit duidelik gestel dat 'n navorser soos Hesseling die kultivering van Afrikaans wetenskaplik maar met passie beredeneer het: Hy het bo alle twyfel aangetoon en geglo dat Nederlands disfunksioneel sou wees as die kultuurtaal van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika (Ponelis 1999:10).

Dit is egter op hierdie stadium belangrik om te let op die siening van Petrus van Eeden (1998) ten opsigte van die prosesse wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van spesifiek Afrikaans as standaardtaal. Van Eeden lewer 'n sterk emosionele betoog waarin die Afrikaanssprekende as't ware aangeval en geblameer word vir die uiteindelijke verwerping van Nederlands as kultuurtaal in Suid-Afrika. Hy lewer verder bewyse dat Afrikaans in wese nie so ver van Nederlands afwyk nie en dat die twee *variëteite* wesentlik nader aan mekaar staan as wat algemeen aanvaar word.

### 5.3.3.1 Die kunsmatige en onnatuurlike Nederlands

Volgens Van Eeden (1998:116 – 130, wat **hieronder opgesom word**) was die hoofargument waarom Afrikaans gestandaardiseer moes word, dat Afrikaans die spreektaal van die Afrikaner was en dat Nederlands dus *kunsmatig* aangeleer sou moes word. Dit is as onnatuurlik beskou, want 'n mens praat nie een taal en skryf 'n ander nie. Tog was daar in Suid-Afrika nie 'n eenvormige spreektaal gewees nie en was die Afrikaners met wisselende sukses besig om die Nederlandse standaardtaal oor te neem. Dit blyk volgens Van Eeden (1998) dat die momentum waarteen die Afrikaner Nederlands oorgeneem het, selfs na die invoering van die Afrikaanse kultuurtaal, nie onmiddellik tot stilstand gedwing kon word nie.

Dit wat vandag Standaardafrikaans genoem word, stam ook volgens Van Eeden (1998) uit Oosgrensafrikaans. Die voorstanders van Afrikaans as standaardtaal het nie 'n oplossing gebied nie – die *onnatuurlike* situasie wou hulle in die ban doen deur die spreektaal ook skryftaal te maak:

*Die probleme van die sprekers van die ander variëteite (tans Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, en vroeër was daar nog meer variëteite) sou nie opgelos word nie en hulle sit tot vandag toe steeds met die “onnatuurlikheid” dat hulle spreektaal nie hul skryftaal is nie. Hulle “taalprobleme” is dus nie opgelos nie! Waarom sou net die Oosgrensafrikaners 'n taalprobleem gehad het en die sprekers van die ander variëteite nie? Die “kunsmatigheid” is gewoon oordryf. Nederlands kon nie 'n kunsmatige taal gewees het nie; hy was vir 95% of meer Afrikaans. Die orige 5% “kunsmatigheid” wat dus aangeleer moes word, is normaal vir elke dialektspreeker.*

Van Eeden (1998) stel dit duidelik dat die Afrikaner veral gedurende die negentiende eeu, maar ook vroeg in die twintigste eeu, en selfs vandag nog Engels *kunsmatig* aangeleer het, en hy gebruik hierdie *kunsmatig* aangeleerde taal besonder goed as moedertaal – by taalverskuiwing na Engels. Die argument dat die kunsmatige aanleer van Nederlands nie suksesvol kon wees nie, staan dus nie stewig nie. Volgens Ponelis (1992 *in Van Eeden*



1998) word alle kultuurtaal kunsmatig aangeleer – ‘n kultuurvariëteit moet immers veral deur middel van die skool aan alle Afrikaanssprekendes en nie-Afrikaanssprekendes oorgedra word. Niemand verwerf hierdie variëteit in die eerste plek tuis nie.

Aan die Afrikaner is voorgehou dat sy nuwe taal ‘n **mengsel** was van ‘n hele aantal tale. Die menggedagte moes duidelik die kloof tussen die omgangstaal (Afrikaans) en skryftaal (Nederlands) vergestalt. Wanneer ‘n mens egter vandag ‘n Afrikaanse koerant of ‘n boek op enige bepaalde plek sou oopmaak, en begin lees, neem dit ‘n hele tyd voordat mens ‘n nie-Nederlandse woord vind, uitgesonderd die woord *baie*. Wanneer mens vandag ‘n Nederlandstalige koerant begin lees, kom jy heel gou op ‘n nie-Nederlandse woord af (Van Eeden 1998).

Zietsman (1992 in Van Eeden 1998:117) skryf dat daar aan die begin van die twintigste eeu Afrikaners was wat skaam was vir hul eie taal en eerder Engels in die Parlement gepraat het. Hierdie Afrikaners was klaarblyklik ‘n groep wat nie meer vloeiend in Hollands was nie. Die swakheid van Nederlands was geleë in die feit dat dit nie meer die *spreektaal* van die Afrikaner was nie.

Van Eeden (1998) maak ook die volgende gevolgtrekking – dat die omgangstaal van die Afrikaner nie eers in die agtiende eeu skerp begin afwyk het van Standaardnederlands nie; **dit het al in 1652 afgewyk**. Dialeksprekers het na Suid-Afrika gekom, nie standaardtaalsprekers nie. Stellings soos dat Nederlands al vir ‘n paar geslagte lank nie meer in die Afrikanervolkmond geleef het nie, is gewoon vals, want dit het *nog nooit* in die algemene volkmond geleef nie. Wel het in Suid-Afrika nuwe Nederlandse dialekte verrys, en was die omgangstaal-kultuurtaalverhouding nie anders as in Vlaandere en Nederland nie.

Selfs die huidige Standaardafrikaans wyk nie verder af van Standaardnederlands as talle van die Nederlandse dialekte nie. Die feit dat Afrikaners in hul taalgebruik *foute* gemaak het, het alles met ‘n gebrek aan skoling te make. Afrikaners wat op ‘n bepaalde tydstep nie meer Hollands kon skryf nie, al wou hulle, kon in geen taal skryf nie, al wou hulle,

want hulle was ongeskoold. Die bietjie wat Engels op skool geleer het, het dan ook daarin geskryf en die bietjie wat Nederlands geleer het, het daarin geskryf (Van Eeden 1998).

Dit is duidelik dat daar in die Nederlandse taalgebied 'n **taalkloofprobleem** tussen die spreek- en skryftaal is. Hierdie fenomeen was nie tot Vlaandere, Nederland en Suid-Afrika beperk nie. Die opkoms van die spreektaal, daarenteen, was 'n internasionale tendens teen die einde van die negentiende eeu – veral rondom 1870.

Sou Afrikaans in Suid-Afrika dan so anders ontwikkel het dat Nederlands werklik 'n vreemde taal geword het? Die koerante was gedurende die negentiende eeu en aan die begin van die twintigste eeu in Nederlands gedruk en so ook die Bybel en gesangeboek. Indien die taal onverstaanbaar was, sou niemand 'n koerant, 'n tydskrif, of 'n boek kon koop nie. Verder was Nederlands die gebruikstaal in die kerk, en ook was dit die onderwystaal van die Afrikaner. **Dit was die algemene aanvaarde kultuurtaal.** Die Afrikaner verstaan selfs vandag Nederlands, sonder skoling daarin, en die voorgeslagte het dit veel beter verstaan (Van Eeden 1998).

Die voorstanders van Afrikaans het graag klem gelê op die verskille tussen Afrikaans en Nederlands, maar van die *sinonimiteit* van die twee variëteite kon hulle nie wegkom nie. Dat Afrikaans in die Nederlandse stal hoort, blyk duidelik uit die gedagtegoed van W.J. Viljoen toe hy aangevoer het dat **Hooghollands, Vereenvoudigde Hollands en Afrikaans eintlik maar verskillende fases van dieselfde voorwerp is of verskillende name vir dieselfde saak** (toespraak op 19 Oktober 1905 te Wellington).

Soos reeds genoem, is Raidt (1989:98) van mening dat die kenmerke van die klankvorm van Afrikaanse woorde in die allermeeeste gevalle die voortsetting van die Nederlandse dialekvorme is en dat die Afrikaanse sinsbou geen afwykings van die Nederlandse toon nie. As Afrikaans en Nederlands in woordeskat en idioom nagenoeg dieselfde taal is, waarom is dit twee? *Afrikaans en Nederlands is en bly immers vinkel en koljander – tot op die dag van vandag.*

Die bestaan van 'n taalkloof tussen die omgangstaal en die kultuurtaal is aan die Afrikaner voorgehou as 'n onhoudbare toestand. Onhoudbaar sou dan houdbaar word deur die standaardisering van Afrikaans, want dit sou taalfoute beperk. Nog 'n irrasionele argument wat uit die lug gegryp is, was dat Nederlands te moeilik vir die Afrikaner was. Dit is volgens Van Eeden (1998) "*louter onsin*". Hierdie siening word deur hom in die volgende punte beskryf en verklaar:

- 1) Dit sou moes beteken dat die Afrikaners 'n klomp stomme onnoseles moes wees vergeleke met die Vlaminge en Nederlanders, en dit kan nie aanvaar word nie. Die argument dat Nederlands onnodig moeilik was, en dat om hierdie rede 'n **makliker taalstandaard** ingevoer moes word, stoel op onbegrip.
- 2) Dit moet ook gesien word as *propaganda* wat goed geval het op die ore van mense wat laaggeskoold was. Smith (1914 in Van Eeden 1998) het gemeen dat maklike Afrikaans beter sou vaar in kompetisie met Engels as *moeilike* Nederlands.
- 3) Ook meen S.J. du Toit in sy *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* van 1897 dat Afrikaans die stryd teen Nederlands sou wen, **aangesien die maklikste taal altyd wen**. Du Toit het selfs daarop gesinspeel dat as tussen *maklike* Afrikaans en Engels gekies moes word, die keuse op *maklike Afrikaans* sou val.
- 4) Dat die argument dat Nederlands moeilik was, nie klop nie, blyk duidelik uit die feit dat daar 'n algemene gesegde onder Afrikanerouers teen die eeuwending was, wat gelui het: *'t Hollandsch komt vanself, leer Engels*. As Hollands so vanself sou kom, kon dit seer sekerlik nie 'n moeilike taal gewees het nie, wat dit inderdaad nie is nie.
- 5) Die feit dat die kultuurtaal miskien **nie volmaak beheers** was nie, was geen rede om dit met 'n ander standaard te probeer vervang nie.

- 6) Nog 'n argument was dat dit onrealisties sou wees om te dink dat die Afrikaner van Afrikaans moes **oorstap na Nederlands**, met ander woorde dat die Afrikaner sy omgangstaal summier sou moes verwerp ten gunste van Nederlands. Dit was egter geen argument nie.
- 7) Daar moet in gedagte gehou word dat die Afrikaner geen moeite gehad het met die kloof tussen sy eie omgangstaal en Standaardengels nie – met Nederlands wel. Die Afrikaner het geen moeite gehad met die moeilike Engelse spelling en grammatika nie – met Nederlands wel. Hierdie fenomeen laat sien dat die sogenaamde taalkloof tussen die twee variëteite van die Afrikaner irrelevant was. Dit het in wese gegaan om **taalwil** (Van Eeden 1998:116 – 130).

### 5.3.3.2 Die stryd om die imperfektum

Steyn (1987:207) kyk na die interessante *storm in 'n glas water* – die poging tot die herstel van wat sommige voorstanders daarvan genoem het die *onvolmaakt verledene tyd*, dit wil sê die **imperfektum**. Dit het gebeur teen die agtergrond van 'n sekere mate van onbehae oor die feit dat Afrikaans as skryftaal nog nie behoorlik vasgelê was toe dit as een van die ampstale erken is nie. Mense wat glad nie vyandig teenoor Afrikaans was nie, het gevoel dat Afrikaans oorhaastig ingevoer is.

Dr. Gustav Preller skryf in *Ons Vaderland* (14.6.1927 in Steyn 1987) dat Afrikaans na sy beskeie oordeel omtrent vyftig jaar te vroeg as voertaal in die onderwys aangeneem is. In *Ons Vaderland* van 26 November 1926, skryf hy soos volg oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans:

*Wat ons self betref het ons ... ons nog nooit kon warmmaak oor die vertaling van onse Bybel in Afrikaans nie; en wel omdat ons dit sowel as die verheffing, tot offisiële landstaal, in die grond verkeerd beskou, dit wil sê teen die belange van onse taal. Vir ons Afrikaanse taal sou dit na ons beskeie oordeel 'n seën gewees het as ons die Bybel nog 'n halwe eeu lang in die mooie hoog-Hollands kon ge lees*

*het. Aan die anderkant gaan ons deur die vertaling Afrikaans vaslê in 'n spelling wat in allerlei opsigte ongeskik, rudimentêr en gewestelik is, dit wil sê nie algemeen nie, en 'n vormleer daarvoor yk wat die taal lelik stram en stroef moet maak.*

Nederlands was vir Preller om taalkundige redes nodig. Terwyl Afrikaans nou erken is, skryf hy in 'n redaksionele aantekening by 'n lesersbrief, *moet die taalgebruiker dit so doeltreffend as moontlik aanwend* (Steyn 1987:210). Hy vra dat die spreektaal versterk en aangevul moet word uit Hollands. Afrikaans kan volgens Preller as uitingsmiddel vir skrywers heeltemal verlore gaan hoe verder dit van die stamtaal verwyder word – veral ook deur die Bybel in Afrikaans te vertaal en deur Hollands selfs as leervak uit die skool te verban. Die volgende stelling van hom in *Ons Vaderland* (14.6.1927 in Steyn 1987) lê dan ook ten grondslag van sy en ook ander Transvalers se pogings om die skryftaal te hervorm:

*Die regte, ja, die enigste manier om daarteen te stry, is om die geskewe beeld van onse taal nie meer so na as moeglik aan die spreektaal te bring nie, maar so na as moeglik aan die stamtaal, aan die klassieke Nederlands.*

Maar volgens Steyn (1987:213) is daar van die begin af veral gestry en geveg vir die instandhouding van die *onvolmaakt verledene tyd*. Eeue lank het die vorms in die Suid-Afrikaanse skryftaal voortgeleef – tot die aanname van Afrikaans as skryftaal. Baie deftige mense van die vorige geslagte het dié vorm nog in baie gevalle selfs in die spreektaal gebesig. Maar waarom dan die half gedwonge invoering van 'n byna dooie Hollandse vorm? Volgens Steyn (1987) was dit 'n *lewenskewessie vir Afrikaans*. Die ontwikkeling van die impekfektum is dan 'n noodwendige en natuurlike uitvloeisel van die fundamentele struktuur van die menslike verstand.

Die Spellingskommissie van die Akademie ondersoek in 1927 'n hele paar taalkwessies, waaronder Anglismes, die refleksief *sig*, *ge-elideerde slot-letters* (die slot-*t* en *-d*) wat by meervoudsvorming genormaliseer behoort te word deur die *d* of *t* deurlopend te skryf waar hy histories aanwesig is (dus *insekt*), en die intervokaliëse *g* wat geskryf moet word

in die verborge vorm van byvoeglike naamwoorde soos *hoge(r)*, *vage(r)* en meervoudsvorme soos *brugge*, *egge* en *sogge*. 'n Groot gedeelte van die kommissie se werk word egter gewy aan die onvolmaak verlede tyd (Steyn 1987:217).

Die kommissie was van mening dat menige Afrikaanse taalgeleerde wat self die "onbestaanbare van die teenwoordige toestand" gevoel het, teruggedeins het vir die vyandige kritiek wat "vanwege die Engelse te dugte is", veral aangesien amptenare in die staatsdiens se bevordering afhanklik was van hulle tweetaligheid. Die aanbeveling van die spellingskommissie was dat die imperfektum in die belang van Afrikaans herstel moes word. *Die allerminste wat die Akademie kon doen, was om dit geheel en al permissief te laat* (Steyn 1987:218, 219). Tog het die Akademie finaal besluit dat die aanbeveling tot die herstel daarvan (Nederlandse vorme soos *at*, *liep*, *vergaderde*, *stapte*) weinig ondersteuning sou geniet. Die gebruik van alle imperfektumvorme wat nog in Afrikaans lewe, soos *dag (dog)*, *wis*, *had*, *kon*, *moes*, *mog*, *sou*, *was*, *wou*, moes vrylik in die Afrikaanse skryftaal bestendig word, maar die volledige herstelling van die imperfektum in Afrikaans sou volgens die Akademie om taalwetenskaplike redes onmoontlik wees (Steyn 1987:219).

Preller was volgens Steyn (1987:220) van mening dat Afrikaanse geskifte geweld aangedoen is as gevolg van bogenoemde besluit. Steyn stel dit dan ook duidelik dat daar wel 'n behoefte aan die imperfektum was – en is. Tog het die taalkundiges wat die Nederlandse vorme verwerp het, gelyk gehad – die taal het 'n middel verwerp wat daarvan 'n geskikter instrument kon maak. Hy verklaar dié paradoks dan ook soos volg –

*Daar is klaarblyklik taalelemente wat so eie aan 'n taal is dat jy hulle nie kan weg-hervorm nie, al is hulle onnodig; daar is andersyds elemente wat hulle teen opname in die taal verset, al is hulle nodig. Tot die eerste tipe behoort die tweede **nie** van sommige soorte ontkenningssinne en die **gewees** van **was** **gewees**, en tot die tweede die imperfektum. Mens moet jou afvra of 'n reëlhervorming moontlik is indien dit geheel en al teen die algemene rigting van veranderinge in die betrokke taal ingaan* (Steyn 1987:221, 222).

Om teen die stroom in, teen die loop van 'n onomkeerbare proses, te probeer hervorm, was dus 'n onbegonne taak. Daar is egter meer redes waarom die taalhervomingspoging misluk het. Een daarvan is dat daar vir die taalgebruiker nie 'n duidelike semantiese verskil kon wees tussen die perfektum en imperfektum nie. Laasgenoemde was vir die taalgebruiker waarskynlik net 'n skryftaalvariant van die gewone verlede tyd wat uitgedruk is deur die voltooide deelwoord met *het*. Die imperfektum sou alleen ter wille van die styl ingevoer moes word – en dit weeg nie swaar genoeg vir die taalgemeenskap as geheel nie. Joernaliste, skrywers en ander wat dikwels skryfwerk doen, was hulle sterk bewus van die leemte, maar dit was al (Steyn 1987:223).

### 5.3.3.3 Die redes waarom Afrikaans as standaardtaal verrys het

Op 8 Mei 1925 het die Volksraad en die Senaat in 'n gesamentlike sitting 'n voorstel goedgekeur dat Afrikaans naas Nederlands ook die medium van wette, wetsontwerpe en offisiële dokumente van die Parlement sou kon wees (Steyn 1980:193). Volgens Van Eeden (1998:156 – 176, soos meer breedvoerig beskryf in 5.3.2.2.1 tot 5.3.2.2.6) was dit vir vele Afrikaners 'n heuglike dag. In werklikheid was dit vir die Nederlandse moedertaal egter rampspoedig, want die woord *gelykstelling* in die wet, is deur die voorstanders van Standaardafrikaans geles as **vervanging**. In die praktyk is 8 Mei 1925 beskou as 'n groenlig vir die *uitboending* van Nederlands.

Tot en met 1925 was Nederlands net so deel van die Afrikaner as wat dit deel van die Nederlander en Vlaming was. Na 1925 is Nederlands verwerp as andermansgoed. Wanneer daar egter gelet word op werke wat die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans behandel, val twee dinge duidelik op: Ten eerste is dit duidelik dat emosie en romantiek sterk met die Afrikaanse gedagte verweef was, en ten tweede het die pleitbesorgers van die Afrikaanse taalgedagte 'n enorme gebrek aan argumente vir hul standpunt gehad. Die werklike rede of redes wat aanleiding gegee het tot die invoer van Standaardafrikaans val 'n groot stuk in *nasionalisme, in die teenwoordigheid van 'n aantal ander faktore* – in teenstelling met Ponelis (1992) se stelling vroeër.

### 5.3.3.1 Nasionalisme

Ten spyte van hulle sterk uiteenlopende houdings oor en toekomsverwagting van Afrikaans, was sowel die voorstanders van Nederlands as die voorstanders van Afrikaans sterk gekant teen taalassimilasie, ten gunste van die behoud en uitbouing van Afrikaneridentiteit en die verwesenliking van **Afrikaneremansipasie** op alle terreine. Die opkomende Afrikanernasionalisme moet dus nie beskou word as 'n geestestroming wat uitsluitlik onder Afrikaansgesindes voorgekom het en alleen deur hulle bevorder is nie (Botha 1989:138).

Volgens Van Eeden (1998:157) sit die feit dat Nederlands vereenvoudig is en soveel van sy fleksievorme verloor het, vir 'n groot stuk in die swak sosio-ekonomiese posisie waaronder die Afrikaners gekneld gegaan het. Die Afrikaners van die negentiende eeu was ook mense wat geïsoleerd op die platteland gewoon het. Hierdie *afgesonderdheid* moes ook 'n rol gespeel het in die vorming van 'n nuwe omgangsvariëteit.

Die ontstaan van Afrikaans, of die rede vir die ontstaan van Afrikaans (standaardtaal) lê nie in die sewentiende of agtiende eeu nie, soos wat talle wetenskaplikes beweer, maar lê veel eerder in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu. Die **swak sosio-ekonomiese posisie, dialek gelykmaking, die invloed van ander tale op Nederlands, en taalisolasie** het egter bloot aanleiding gegee tot die vorming van nuwe omgangsvariëteite.

Die belangrikste oorsaak vir die ontstaan van Standaardafrikaans moet op die aktiewe terrein gesoek word. Taalverskille is aangegee as die oorsaak waarom Afrikaans gestandaardiseer moes word. Die kloof tussen die omgangstaal en die geskrewe taal was so groot dat daar teen die einde van die negentiende eeu sprake was van twee tale. Is Kaapse Afrikaans en Standaardafrikaans een of twee tale? Davids (1994 in Van Eeden 1998:158) meen dat Standaardafrikaans so na aan Nederlands staan dat dit vir die sprekers van Kaapse Afrikaans eintlik 'n vreemde taal is.



Die sogenaamde totstandkoming van Afrikaans hang nou saam met **nasionalisme**. Taal is immers gebruik as simbool wat nasionalisme help aanvuur het. Dat nasionalisme 'n groot rol in Afrikaans gespeel het, blyk duidelik uit die volgende aanhaling deur Scholtz (1980:9):

*Die beweging ten gunste van Afrikaans het nooit los van die groot nasionale oplewing onder Afrikaners gestaan nie; dit was maar een van die uitingsvorme daarvan.*

Dit was noodsaaklik om Afrikaans tot standaardtaal te verhef, omdat alleen die nasionalisties gedrewe Afrikaans en nie Nederlands nie, in staat sou wees om **verengelsing** te keer. Geen selfrespekterende volk sou volgens Smith (1914 in **Van Eeden** 1998:160) toelaat dat sy beskaafde spreektaal 'n minderwaardige kombuis-posisie inneem nie. Die Afrikaner het vroeg in die eeu nogal moeite gehad met kombuisbeelde, waarskynlik vanweë die armoede onder Afrikaners. Die illusie is geskep dat die Afrikaner 'n onwaardige volk sou wees indien sy kultuurtaal Nederlands sou moes bly.

Die Afrikaner-elite, die geskoolde Afrikaner, *die mense met die verstand in die land*, het gewaarsku dat die standaardisering van Afrikaans en die gepaardgaande afdrywing van Nederlands, ramspoedig sou wees vir die Nederlandse taal. Dit is egter in die wind geslaan deur onder andere 'n vorige premier van Suid-Afrika, D.F. Malan, wat gemeen het dat geen volk sy taal kies op advies van deskudiges nie, maar **'n volk se taal word gebore op die bodem van die volkshart en volksgeskiedenis** (Van Eeden 1998).

Nasionalisme gaan nou gepaard met *purisme*. Hierdie strewe na suiwerheid was 'n kenmerkende verskynsel by die sprekers van Oosgrensafrikaans en dit het nooit los van nasionalisme gestaan nie. Die begrippe Afrikaans, nasionalisme en suiwerheid was in werklikheid onskeibare begrippe. Wanneer 'n taal suiwer is en wanneer nie, is bloot 'n persepsie.

Daar moet in gedagte gehou word dat sonder nasionalisme ook geen enkele taalbeweging ooit 'n roering sal kan maak nie. Dit is duidelik dat die Nederlandse taalbeweging in

Suid-Afrika ook 'n nasionale gevoel onder die publiek as onontbeerlik beskou het. Volgens Fasold (1984 in **Van Eeden** 1998:165) is taal, saam met kultuur, godsdiens, en geskiedenis, 'n belangrike komponent van nasionalisme. Verder noem hy ook dat *veeltaligheid in 'n land nasionalisme in die betrokke land teenwerk*. Indien so 'n land sy nasieskap wil versterk, moet hy óf een nasionale taal uitkies tussen die funksionerende tale in die land, óf so 'n staat moet probeer om nasionalisme te ontwikkel op ander terreine as taal. Nasionalisme en taal hoef nie sinonieme te wees nie.

### 5.3.3.2 Outonomie en eie identiteit

Wanneer 'n persoon of instansie of volk hom in 'n stryd wil gaan dompel, doen hy dit teen 'n vyandiggesinde party. 'n Neutrale party word links gelaat en teen 'n bondgenoot word nooit 'n stryd aangeknoop nie. Dit sou immers onwys wees. Die grootste bedreiging vir die Afrikaner en sy taal was die Engelse taal en kultuur. Die Afrikaner moes Engels dus die stryd aangesê het, maar hy het nie. Hy het 'n bondgenoot, Nederlands, aangevat en dit die opponent in sy taalstryd gemaak. **Die hoofstryd was dus nie teen Engels nie, maar wel teen Nederlands** (Van Eeden 1998).

Een van die grootste veldslae was die stryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van 'n Afrikaanse standaardtaal in Suid-Afrika – en dit terwyl Nederlands immers 'n variëteit was wat nooit as 'n bedreiging beskou moes word nie.

Die Afrikaner het egter nog altyd sy vryheid hoog op prys gestel. Toe hulle verslaan is deur die Britte in die Anglo-Boereoorlog, het die Afrikaner opnuut vry gevoel met die gedagte aan 'n eie taal. Al was die eie taal eintlik maar steeds Nederlands, het dit ten minste 'n *kosmetiese operasie* ondergaan en 'n nuwe naam gekry. Met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal was aan die Afrikanerdom dan uiteindelik sy regmatige besit van staatsweë toegesê, 'n besit wat hom so lank wederregtelik onthou was. 'n Nasionale taal is meer as bloot die taal van die regering of die taal van opvoeding – dit is die taal van die mense se **identiteit as burgers van 'n bepaalde nasie**. Die sosiale funksie van

taal, waar dit skeidend werk, staan gevolglik in noue verband met die behoefte aan outonomie (Van Eeden 1998).

Die voorstanders van Afrikaans as kultuurtaal het die voorstanders van Nederlands as kultuurtaal daarvan beskuldig dat hulle die Afrikaner wou herskep in Hollanders. Die strewe na outonomie, na selfstandigheid, 'n eie identiteit en onafhanklikheid moet as 'n belangrike mede-faktor beskou word vir die volledige vervanging van Nederlands deur Afrikaans as kultuurtaal.

#### **5.3.3.3 'n Klein stedelike bevolking en elite**

Die Afrikaner-elite het sterk weerstand gebied teen die opkoms van Afrikaans en was vurige voorstanders van Nederlands as taal vir die Afrikaner. 'n Sterk stedelike sentrum, bestaande uit Afrikaners, het nie bestaan nie, en daarbenewens was die Afrikaner-elite getalsgewys te klein in vergelyking met die res van die Afrikanerbevolking. Die elite het goed beseft dat die Afrikaner hom gaan isoleer en verarm op kulturele en taalkundige gebied, want hulle was goed geskool en hulle het hulle deur hul verstand laat lei en nie deur emosie nie. Die afskeidingsbeweging het sy aanhang onder die laaggeskoolde deel van die bevolking gehad. Dit was die laaggeskooldes wat maar nie *kon* of *wou* insien dat Nederlands ook hul moedertaal was nie (Van Eeden 1998).

Pretoria was besig om 'n Nederlandstalige sentrum te word, omdat honderde Nederlanders in die onderwys en staatsdiens aangestel is. Hierdie sentrum is egter in die Anglo-Boereoorlog verwoes. Die Afrikaners van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu, was plattelandse mense, hoofsaaklik boere wat verspreid oor die land gewoon het. Die Afrikaners was toe geen stedelinge nie. Dit was ook die plattelanders wat 'n eie taalgedagte voorgestaan het.

Omdat die Afrikaner-elite te klein was en 'n sterk stedelike Afrikanerbevolking afwesig was, kan dit as 'n belangrike rede beskou word vir die invoer van die nuwe kultuurtaal in die plek van 'n gevestigde kultuurtaal (Van Eeden 1998).

#### 5.3.3.4 Lae skoling – 'n Sosiolinguistiese perspektief

In die Nederlandse taalgebied is gevind dat mense met lae opvoeding, graag die spelling van hul taal **vereenvoudig** wil sien. In teenstelling daarmee wil mense wat hoër geskoold is, spelling behou soos dit is en skrik 'n moeiliker spelwyse hulle nie af nie. Sou die Afrikaner volledig by die Nederlandse spelling gebly het, sou dit vandag ook nie vreemd gewees het nie. Het die Afrikaner by die Nederlandse spelling gehou en vandag 'n Afrikaanse spelling probeer invoer, sou dit tot weerstand gelei het, aangesien die Afrikaner vandag goed geskoold is in vergelyking met die twintigerjare, en terselfdertyd speel nasionalisme teenswoordig wêreldwyd nie dieselfde rol as vroeg in die twintigste eeu nie (Van Eeden 1998).

Die Afrikaner was tot en met die eerste helfte van die twintigste eeu laag geskoold – minstens 50% van die Nederlandse koloniste was analfabete en daar bestaan twyfel of die situasie tot en met goewerneur Tulbach enigsins verbeter het (Bosman 1962 *in* Van Eeden 1998:172). Die toestand van die onderwys in Suid-Afrika was voor die twintigste eeu *benard*.

Onderwys was gevolglik die sleutel tot sukses op taalgebied. Geen mens kan sy moedertaal korrek gebruik sonder dat hy daarin onderwys word nie en dit geld ook vir vandag. Die wetgewing wat onderwys verpligtend gemaak het, het groot voordeel vir Afrikaans ingehou.

### 5.3.3.3.5 Swak sosio-ekonomiese toestand

Die Afrikaner het lank onder armoede en lae skoling gebuk gegaan. Hierdie swak sosio-ekonomiese toestand het heelwat bygedra tot die swak kodegebruik van Nederlands. Die feit dat Nederlands vereenvoudig in Suid-Afrika geraak het, is waarskynlik eerder te wyte aan die swak sosio-ekonomiese toestande wat die Afrikaner gedurende die sewentiende eeu tot die veertigerjare van die twintigste eeu beleef het, as die taalkontak tussen verskillende volke aan die Kaap, wat deur talle navorsers aangegee word as die oorsaak vir die totstandkoming van Afrikaans (Van Eeden 1998).

Lae skoling en armoede het ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel by die invoer van Standaardafrikaans. Ongeskooldheid beteken 'n gebrek aan kennis, insig en versienheid, en 'n blindelinge geloof in dit wat deur leiers voorgehou word. Laaggeskooldheid beteken dat 'n nuwe standaard maklik ingevoer kan word, omdat sulke persone nie teëstribbel nie.

### 5.3.3.3.6 Romantiek

Die tendens om die spreektaal op skrif te stel, was volgens Van der Horst (1979 in **Van Eeden** 1998:176) 'n internasionale situasie rondom 1870. Hierdie romantisering van die gesproke taal was teen die einde van die negentiende eeu kenmerkend in talle lande. Weliswaar het die romantisering van die gesproke taal nie op sigself daartoe gelei dat Afrikaans gestandaardiseer is nie, maar dit het 'n vrugbare teelaarde geskep vir die propagering van 'n eie taal. Hierdie internasionale verskynsel is in Suid-Afrika voorgehou as 'n unieke Suid-Afrikaanse situasie en omdat die Afrikaner boonop laaggeskoold was, het hy hom hierdeur aan die neus laat lei.

#### 5.4 Die taalteenstelling: noord-suid

Die seleksie- en normeringsproses wat deur die Patriotters op tou gesit is, het van die Boland uitgegaan en was van 1875 tot ongeveer 1925 in die hande en onder leiding van Bolanders. Hulle neem uiteindelik die voortou op taalkundige, kulturele en opvoedkundige gebied. Die enigste Afrikaanse universiteit en kweekskool was jarelank in die suide. Gevolglik kom die eerste opgeleide Afrikaanssprekende predikante, onderwysers, joernaliste, regsgeleerders en ander sakemanne vanuit die suide (vgl. Raidt 1994:322).

Die kulturele, akademiese en sosiale voorrangposisie van die suide het status, deftigheid en die stempel van beskaafdheid aan suidelike taalgebruiksnorme verleen. Die opkoms van 'n dinamies ontwikkelde ekonomiese sentrum in die noorde het geleidelik 'n nuwe kulturele brandpunt in die noorde – te wete in die PWV-driehoek – laat ontstaan en het aanleiding gegee tot 'n sekere polarisering van suidelike en noordelike taalvorme. Vir die eerste keer is Transvaalse en Vrystaatse Afrikaans ernstig opgeneem en wen dit aan status. In 'n soort kettingreaksie lei die **ekonomiese ontplooiing** tot 'n konsentrasie van Afrikaanssprekendes in en rondom die groot stede wat tot die stigting van Afrikaanse universiteite, kweekskole, kerke, skole en onderwyskolleges aanleiding gegee het (Raidt 1994:322, 323).

Sonder taalreglementering, maar as gevolg van die vitaliteit en veral die ekonomiese status van Afrikaanssprekendes ten noorde van die Hexrivier-berge, het noordelike vorme geleidelik status en erkenning gekry (Raidt 1994:323). Die aktiwiteit van noordelike taalmanne, soos Boshoff, Schoonees en Pienaar, meer nog, die stigting van 'n oorkoepelde liggaam vir die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en dié instelling se Taalkommissie dra daartoe by dat die taalteenstelling *noord-suid* mettertyd 'n verrykende taalverskeidenheid word waarmee by die geleidelike standaardisering rekening gehou is. Scholtz (1980:21) stel dit duidelik dat die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie in die lewe geroep is met die spesifieke doel om die *spelling* van Afrikaans te reël.

Soos in verskeie Europese lande in die sestiende en sewentiende eeu lewer die *vertaling van die Bybel* in Afrikaans 'n besonder belangrike bydrae tot die normering van Afrikaans. Afgesien van die spesifieke probleme verbonde aan enige Bybelvertaling, moes die Afrikaanse Bybelvertalers volgens Raidt (1994:325) wegbreek van die Statebybel se styl en van talle vaste, ingeburgerde maar on-Afrikaanse uitdrukkings. Dit is verder bemoeilik deur die feit dat daar nog geen gestandaardiseerde taal bestaan het nie en natuurlik ook geen gesaghebbende spraakkuns (grammatika) wat as grondslag vir taalkwessies gebruik sou kon word nie.

Die normering van Afrikaans na 1920 moes op feitlik alle terreine van die openbare sektor *individueel* aangepak word. By gebrek aan 'n oorkoepelende en gesaghebbende liggaam vir die vasstelling van 'n norm vir Standaardafrikaans, het talle **selfbenoemde en offisiële normagente** in die afgelope 60 jaar normerend opgetree, soos byvoorbeeld die pers, radio en televisie, sowel as die staatsdiens waarin onafhanklike taalburo's gestig is – die Spoorwegtaalburo, die taaldienste van die Poskantoor, SA Polisie en Weermag (Raidt 1994:325).

### 5.5 Taalbeplanning en taalbepalings na 1994

Volgens Van Rensburg (1988:176) behels taalbeplanning, globaal gesien, 'n goed georganiseerde en weldeurdagte aksie tot die bestendinging en uitbouing van al die belangrikste tale in 'n meertalige land, en van elke taal afsonderlik. Taalbeplanning word noodsaaklik wanneer 'n taalkonfliksituasie in 'n meertalige land bestaan en die onderlinge mededinging aanleiding kan gee tot *die bevoordeling van een of meer tale ten koste van ander*. Wanneer 'n sodanige probleemsituasie geïdentifiseer is en die behoefte aan **erkenning** en selfs **gelykberegtiging** gevoel word, word 'n sinvolle taalbeplanningsprogram 'n dringende noodsaaklikheid.

'n Nie-amptelike taalbeplanningsprogram vir Afrikaans behels volgens Van Rensburg (1988:177, 178) die volgende:

**Die bevordering van Afrikaans, dit wil sê die bewusmaking van die voordele wat Afrikaans inhou met betrekking tot –**

- die onderwys (blank en anderskleurig);
- sy letterkunde;
- sy kultuur (wat behels dat 'n Afrikaanse kultuur eerder as 'n Afrikanerkultuur gepropageer moet word);
- ander geskrewe vorme;
- die vermaaklikheidswêreld;
- sy moedertaalsprekers (wat veral behels dat die nie-standaardsprekers Afrikaansbewus gemaak moet word);
- anderstaliges (en anderskleuriges) se belangstelling met die doel om sprekers te werf (wat in die meeste gevalle beteken dat hierdie mense tot *positiewe gesindhede* bearbei moet word);
- die buiteland – veral die buitelandse universiteite – waar Afrikaans as 'n aantreklike produk op die talemek aangebied moet word. So iets kan net bereik word as die taalbeplanners bo verdenking staan, dit wil sê as hulle *Afrikaans nie gebruik ter wille van politieke agendas nie*.

**Die bestendiging van geskrewe Afrikaans, dit wil sê die reglementering en standaardisering van Afrikaans, waarmee –**

- gewaak word teen 'n oorstandaardisering – waardeur verhoed word dat die niestandaardvorme, wat 'n belangrike voedingsbron vir die standaardtaal is, uit die geskrewe taal geweer word en 'n groot getal sprekers stelselmatig van die geskrewe, dus standaardvorm, vervreem word;



- daarna gestreef word om nouer by die egte skryftradisie van Afrikaans aan te sluit en weg te beweeg van die on-Afrikaanse, byvoorbeeld die VNS-erfenis wat vanaf ongeveer 1904 deurgaans in die Afrikaanssprekende se kop ingehamer is en daartoe bygedra het dat Afrikaans *vernederlands* het;
- die inkorporering van niestandaardvorme by Standaardafrikaans moontlik gemaak word, deur byvoorbeeld al op skoolvlak die studie van die niestandaardvorme van Afrikaans aan te moedig. Hierdie poging sal tevergeefs wees as die taalgebruiker nie bewus gemaak word van die amptelike handleiding by die skryf van Afrikaans nie. Dit behels dat die amptelike handleidings soos die AWS se inhoud maklik toeganklik moet wees (en gemaak moet word) vir die breë publiek (Van Rensburg 1988).

En dan kom Van Rensburg (1988:179) na aanleiding van bogenoemde, tot die volgende belangrike slotsom:

**Taalbeplanning vir Afrikaans moet egter op twee fronte werksaam wees: nie net om die bestaan en toekoms van geskrewe Afrikaans te probeer verseker nie, maar ook om te poog om 'n onderlaag van informele Afrikaans te vestig wat deur sy sprekers as gesels-Afrikaans gebruik kan word, en waardeur die standaardvorm van Afrikaans, veral met die oog op Afrikaans se voortbestaan, steeds aangevul kan word.**

Die taalbepalings van die nuwe Grondwet van Suid-Afrika (1996), kom op die volgende neer:

*\*die erkenning van sinvolle veeltaligheid in Suid-Afrika;*

*\*'n onderneming om die inheemse tale uit te bou; en*

*\*die gelykberegtiging van al die Suid-Afrikaanse tale.*

Hierdie geformuleerde verbondenheid tot taalregte het noodwendig 'n invloed op *huidige en toekomstige taalbeleidsformulering* in Suid-Afrika. Indien die voorgestelde federale

regeringsvorm met besluitnemingsmagte op streeksvlak vir Suid-Afrika finaal aanvaar word, sal daar volgens Bosch & De Klerk (1995:161) bepaalde taalbesluite, byvoorbeeld oor die keuse van tale, egter op streeksvlak geneem moet word. In die debat wat in Kemptonpark gevoer is omtrent die voorgestelde streeksafbakening in 'n federale Suid-Afrika, is 'n groter of kleiner Oos-Kaap-streek onder andere voorgestel: daar is aanvaar dat die finale grense deur 'n referendum bepaal sal word. In hierdie voorgestelde streek, ongeag wat die uitslag van die referendum gaan wees, het Engels plaaslik en internasionaal die **statuswaarde**. Ten spyte hiervan en ten spyte van die toenemende fokus op en solidariteit met die inheemse taal Xhosa, kan die behoefte aan Afrikaans in die toekoms in dié gebied nie onderskat word nie: meer mense in dié streek, veral in die landelike areas, praat Afrikaans as wat Engels praat.

Taalbeplanning is 'n natuurlike verskynsel en is daarop gemik om in situasies waar meer as een taal in 'n bepaalde land of streek voorkom, taalprobleme op te los en die taalregte van al die betrokkenes te beskerm. In die huidige veranderende Suid-Afrikaanse situasie met 'n hernieude bewuswording van die rol en funksie van taal, is **taalbestuur en taalbeplanning** dus van kardinale belang (vgl. Bosch & De Klerk 1995).

Taalbeplanning kan egter net slaag as dit behoeftegerig is en gebaseer is op goed gefundeerde beskrywings van die kenmerke van taal en van die houdings daarteenoor. Voorts moet taalbeplanning so geskied dat een groep nie onregverdig bevoordeel word nie en dat die regte van minderheidsgroepe en minderheidstale statutêr beskerm word sodat die *taalekologie* binne die gemeenskap nie versteur word nie. Die gesprek oor taalbeplanning en taalbeleid is in die finale analise dus 'n gesprek oor **taalbewaring**: dit behoort vir elke individu moontlik te wees om hom of haar in die taal van sy of haar keuse intellektueel uit te leef (Bosch & De Klerk 1995:161, 162).

Vrae oor die toekoms van 'n taal is geregverdig in 'n tyd van politieke verandering, omdat daar so 'n nou band bestaan tussen 'n *amptelike taal en die politieke beweging* wat die ampstaalstatus van daardie taal bewerkstellig (Van Rensburg *et al.* 1997:57). Indien 'n taal 'n knou kry na 'n politieke omwenteling, is dié terugslag juis 'n bewys van die

groot steun wat hy vantevore van politieke kant af geniet het. Dit is ook die geval met Standaardafrikaans voor 1994. Die meeste sprekers van die aanleedersvariëteite van Afrikaans het nie enige sentimente oor Standaardafrikaans gehad nie. **Na 1994 wil dit egter al hoe sterker voorkom of daar ook 'n gesindheidsverandering onder byvoorbeeld die sprekers van Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans begin intree** (Van Rensburg *et al.* 1997).

Die behoud van Afrikaans as spreektaal word nie ernstig deur waarnemers en bevreesde sprekers betwyfel nie. Afrikaans, in watter vorm ook al, sal gepraat word so lank as wat daar Afrikaanssprekendes is, word gesê. Dieselfde is egter nie die geval met Afrikaans as amptelike taal nie. Besluite oor 'n amptelike taalvorm word deur politici geneem. 'n Amptelike taal word in die wieg van die politiek ontvang en gebore. Dit is politici wat 'n taal tot amptelike taal verhef, selfs al is daar net 'n klein persentasie sprekers in 'n land wat daardie taal ken. Dit is ook politici wat 'n taal sy ampstaalstatus kan ontnem, al bestaan daar nie werklik goeie redes voor nie (vgl. Bosch & De Klerk 1995:162).

Taalbeplanning rondom die status en funksies van Afrikaans in 'n veranderende Suid-Afrikaanse gemeenskap behoort plaas te vind uit 'n perspektief waarin die belange van **al die mense van die gemeenskap** sentraal gestel word. Dit is dus nodig dat verskillende sienswyses in verskillende streke in berekening gebring word. Die houdings wat ten opsigte van Afrikaans geld, is van kardinale belang vir die formulering van 'n toekomstige taalbeleid. Dit is ten opsigte van die formulering van 'n taalbeleid onmoontlik om nie met die *taalheterogeniteit* van die streek rekening te hou nie.

Taalhoudings het 'n bepalende invloed op geslaagde of minder geslaagde taalbeplanningspogings. *Taalhoudings* is belangrik vir taalbeplanningsbesluite en uiteindelijke taalbalans. Dit is oral in die wêreld bewys dat 'n taalbeleid nie kan slaag as dit nie vir die mense op grondvlak aanvaarbaar is nie (Bosch & De Klerk 1995:164, 165). Individue se taalhoudings teenoor hul moedertaal, ander taalgroepe en taalvariëteite is medebepalend vir 'n gesonde voortbestaan en groei van die betrokke tale, want taaljaliteit is ten nouste gekoppel aan houdings teenoor 'n spesifieke taal *per se*, asook

teenoor die gebruik van daardie taal. 'n Positiewe houding is normaalweg gekoppel aan die eise van die daaglikse lewe, en hou verband met die ekonomiese en utiliteitswaarde van die betrokke taal. Daarteenoor is 'n gunstige houding **emotief** van aard en ingebed in sosiale en interpersoonlike druk; *die gevolg is 'n meer omvattende integrerende houding teenoor 'n bepaalde taal of taalvariëteit* (Bosch & De Klerk 1995:165).

## 5.6 Afrikaans en Engels

Sir Ian Hamilton, wat in die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë teen die Boere geveg het en groot respek vir die Boere gehad het, het by geleentheid die Boere gekomplimenteer en aan die Engelse publiek gevra om die Afrikaner goed te behandel. Volgens hom sou die Boere en Engelse met mekaar ondertrou en sal die huwelike manne soos Roosevelt oplewer. Hulle sal aanvanklik tweetalig wees, maar mettertyd sal die Engelse Bybel, die Engelse rolprent en die BBC, **Afrikaans op die agtergrond dring** (Steyn 1980:236).

Posthumus (1976(a):128) is van mening dat alle Afrikaners nog nie heeltemal van hulle minderwaardige agting van Afrikaans teenoor Nederlands enersyds en Engels andersyds ontslae geraak het nie. Hy stel dit duidelik dat die *taalbewustes* van die sewentigerjare Nederlands steeds as die fatsoenlike taalnorm gesien het wat nagevolg moes word. Aan die ander kant is die leksikale ewenaring van Engels gesien as die eindideaal in die opbou van Afrikaans – veral op tegniese, industriële, kommersiële en wetenskaplike gebied. Die gewone man ervaar die lewe om hom – hy sien wat die stand van Afrikaans in die bedryfslewe is en uit wat hy sien, lei hy die aansien van Afrikaans op dié terrein af.

Van Eeden (1998:200) meen dat die waarskynlikheid bestaan dat die Afrikaner nou in die tweede fase van taalverskuiwing staan. Die eerste fase is 'n eentalige persoon. Die tweede fase is 'n tweetalige persoon en die derde fase weer 'n eentalige persoon (*eentalig in die oorgenome taal*). Die sterk eentaligheid van die Afrikaner gedurende die sestigerjare blyk ook duidelik uit die volgende: *naamlik dat die Engelssprekende alhoemeer dubbeltalig geword het terwyl die Afrikaanssprekende geneig het om enkeltalig te word.*

Volgens Ponelis (1992:82 - 83) was die tweede Britse besetting van die Kaap nie 'n blote magsverskuiwing nie, maar 'n **sosiale omwenteling**. Die nuwe Engelse kultuur het van baie vroeg af nie alleen bestaande instellings en aktiwiteite (soos die kerk, die ekonomie en die gesin) diep beïnvloed nie, maar ook nuwe instellings tot gevolg gehad, soos die georganiseerde onderwys en die media (ná persvryheid). Die Engelse kultuur het die kader geword waarbinne Afrikaanssprekendes *gemoderniseer en geïnternasioliseer* geraak het. 'n Aspek van hierdie kontak waarvan die belangrikheid nooit onderskat kan word nie, is die hoë koers waarteen Engelssprekendes (veral mans) in die negentiende eeu binne die Afrikaanse taalgemeenskap opgeneem is.

Die eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika het ook gedurende die sestigerjare by geleentheid gesê dat die Engelstalige Suid-Afrikaners mettertyd sal insien dat Afrikaans die belangrikste taal van die land sal word. Wanneer 'n mens die sestigerjare met die negentigerjare vergelyk, is daar egter 'n groot verskil. **Die gemiddelde Afrikaner is tans meer tweetalig as ooit voorheen.** Die Afrikaanse taalbeweging, relatief tot die Quebeckse en Vlaamse bewegings, sit vandag in 'n Cul-de-sac (Van Eeden 1998:201). Die drome van die sestigerjare vir Afrikaans lê aan skerwe. Die taaldrome in Vlaandere en Quebec staan egter in die bloei. Die Afrikaner bevind hom duidelik vandag nie in die eerste fase van taalverskuiwing nie.

Tweetaligheid in 'n gemeenskap dui nie daarop dat taalverskuiwing plaasvind nie, maar tweetaligheid is 'n **belangrike voorwaarde vir taalverskuiwing**. Aangesien daar tweetalige gemeenskappe bestaan wat al eeue lank tweetalig is, sonder dat taalverskuiwing plaasvind, moet daar bepaalde faktore aanwesig wees om hierdie verskuiwing te inisieer. Hierdie faktore sluit die volgende in:

- 1) **Migrasie**; 'n klein groep sprekers verhuis na 'n gebied waar hulle 'n sterk minderheid uitmaak, en hulle neem die taal oor van die meerderheid. Andersins verhuis 'n groot groep mense na 'n gebied waar hulle die oorspronklike taal, nou 'n minderheidstaal, verdring.
- 2) **Industrialisasie**; asook ander ekonomiese veranderinge.

- 3) **Skooltaal** en ander vorme van regeringsdruk.
- 4) **Verstedeliking**.
- 5) **Hoër prestige** by die taal waarheen taalverskuiwing plaasvind (begunstigde taal).
- 6) **'n Krimpende bevolking** by die taal wat sprekers verloor, as gevolg van taalverskuiwing (Van Eeden 1998:201).

'n Verdere teken dat taalverskuiwing in 'n tweetalige gemeenskap nie aan die ontwikkel is nie, is wanneer nog 'n onderskeid getref kan word tussen *ons* en *hulle*. Vroeër was die *ons-hulle*-verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes sterk ontwikkel. So sterk dat 'n Groot Trek plaasgevind het, so sterk dat 'n Anglo-Boereoorlog plaasgevind het. Tot twintig jaar gelede het 'n mens nog Afrikaners hoor verwys na optredes of gebruike wat tipies Engels was. Dit is so te sê vandag verdwene (Van Eeden 1998).

Indien Afrikaans nie daarin slaag om Engelse domeine te verower nie, terwyl Engels daarin slaag om talle Afrikaanse domeine binne te dring, is taalverskuiwing dus in beweging (Van Eeden 1998:202). Afrikaans kon die sakewêreld nooit suksesvol penetreer nie en waar dit suksesvol was, is Afrikaans besig om hierdie domeine te verloor. Daarby was domeine waar **nasionalisme en patriotisme** prominent was, die domeine van Afrikaans. Waar Afrikaanssprekendes hulle taal vroeër tydens openbare geleenthede gehoor het en maatskappye dit ook gebruik het, gebeur dit volgens Van Rensburg (*et al.* 1997:58) na 1994 baie minder. In sommige gevalle lyk dit selfs of Afrikaans ten alle koste vermy word. Voorbeelde soos die taalbereëling van die SABC na 1994 word deur Afrikaanssprekendes in hierdie verband genoem – selfs die Afrikaanse vorm van die naam *SAUK* het verdwyn. Verder het staatsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Lugdiens Afrikaans ook prysgegee – slegs Engels word gebruik.

Ponelis (1992:83) stel dit ook duidelik dat die **omgangstaal** een van die grootste sisteme is wat die Engelse invloed die ingrypendste ondergaan. Vir die grootste deel gaan dit in die Afrikaanse taalgemeenskap om *passiewe tweetaligheid* van Engels lees en na Engels luister, wat glad nie wil sê dat die inwerking van Engels hierdeur verswak

word nie. Engels is besonder sterk teenwoordig in die private domein van Afrikaanssprekendes, daar waar hulle hulle omgangstaal gebruik. Op die terrein van vriendskaplike bande en tydverdruye kom die een vernuwing op die ander rasend vinnig op Afrikaanssprekendes af: films, rekenaarprogrammatuur en –speletjies, bordspelle – *almal met pasklaar, raak, beeldende Engelse loslitterterminologie wat algemeen gebruiklik raak in die gesprekke van jongmense*. Engels bereik verder die Afrikaanse huisgesin deur die Engelse koerant, tydskrifte, boeke, Engelse handelsradio en televisieprogramme wat nie meer vanuit Engels vertaal word nie. Die voorbeelde is egter letterlik legio.

Taalverskuiwing in sy laaste fase vertoon volgens Van Eeden (1998:202) die volgende kenmerke – veral as bogenoemde feite van Engelse oornam van die Afrikaanse spraakgemeenskap in gedagte gehou word:

- Die uitgaande taal wat as gevolg van taalverskuiwing sprekers verloor, word as **inferieur** beskou, teenoor die inkomende taal wat aangeneem word.
- 'n **Wanbalans in oornam van leenwoorde**, waar die uitgaande taal alleen woorde van die inkomende taal oorneem, terwyl die inkomende taal min of geen woorde van die uitgaande taal oorneem nie.
- Indien die **godsdien**s van die een groep met die ander groep kontrasteer, sal taalverskuiwing so te sê afgehandel wees, wanneer die sprekers van die uitgaande/*verdwynende* taal hul godsdienverrigtinge in die nuwe taal uitvoer.
- Taalverskuiwing sal in sy finale fase wees, wanneer tweetalige ouers **alleen die inkomende taal aan hulle kinders oordra**.

As dit waar is, staan talle Afrikaners tans in die laaste fase van taalverskuiwing. Selfs die vesting van die *godsdien*s, val vir Afrikaans. Die *rasionele* manier van godsdienbeoefening van die Afrikaner, verloor al meer terrein ten gunste van die ingevoerde Amerikaanse (of Engelstalig) *emosionele* manier van godsdienbeoefening.

Die Amerikaanse variant van die Angel-Saksiese kultuur dien as absolute model vir die Afrikaner. Die Vlaamse, Nederlandse en Duitse kulture is volgens Van Eeden (1998:203)

vir alle praktiese doeleindes vir die Afrikaner 'n geslote boek. Die ete en drinke van die Afrikaner, groetgewoontes, sportsoorte, Kerskultuur, kortom: die hele Afrikaanse leefwyse is volledig uit Brittanje en Amerika ingevoer en eie gemaak. In Vlaandere, Nederland en Duitsland hoor mens selfs op radio en televisie negatiewe en afkeurende aanmerkings oor die Amerikaanse maatskappy. In Suid-Afrika is so iets absoluut ondenkbaar, want Amerika is ons mentor. Is ons eie kultuur en gevolglik ook taal, dan so 'n *skande* dat ons nou by ander lande moet *leen en oorneem*?

Tog is dit duidelik dat die situasie in Suid-Afrika nie **heeltemal verlore** is nie. Al hierdie aksies tot die afskaling en benadeling van Afrikaans lok tog heftige teenkanting uit. In baie gevalle het die teenkanting ook finansiële implikasies: uit verset word radio- en televisielisensies nie betaal nie, ander lugrederye word verkies en dies meer. Die konfliktpotensiaal van 'n meertalige land word egter deur regeringsoptrede aangeblaas in plaas daarvan om op die winste te wys wat in so 'n taalopset opgesluit lê – soos kulturele diversiteit, ekonomiese benutting van meertaligheid deur vertaling en tolking en die bemagtiging van mense deurdat hulle eers kennis en vaardighede verwerf in die taal wat hulle die beste ken (Van Eeden 1998).

## 5.7 Afrikaans en Afrikatale

Volgens Du Plessis (1994:123) is daar verskillende variëteite van Afrikaans wat nog glad nie volledig genoeg bestudeer is nie. Botha (1989:145) sluit hierby aan wanneer hy dit duidelik stel dat die Afrikaanse taalbeweging in een fundamentele opsig tekort skiet: vanweë sy etniese georiënteerdheid, dit wil sê sy eksklusiewe gerigtheid op die blanke Afrikaner, het die beweging nie al die Afrikaanssprekendes aangespreek, betrek en saamgesnoer in een enkele taalgemeenskap met 'n **gemeenskaplike taalstrewe** nie. 'n Voorbeeld hiervan is die Afrikataalsprekers wat in die loop van veral die negentiende eeu verafrikaans het (vgl. De Wet 1993). Verskillende groepe sprekers van 'n Afrikataal het as groep so verafrikaans dat hulle die oorspronklike Afrikataal afgeleer het en Afrikaans as moedertaal verwerf het.



In die loop van die negentiende eeu, veral na die Groot Trek, is swart mense om verskillende redes in 'n wit Afrikaanse gemeenskap opgeneem – in so 'n mate dat die swart groep sy oorspronklike taal, bv. Zulu of Tswana, heeltemal prysgegee het. Afrikaans word dan in die volgende geslagte die moedertaal van die groep.

Volgens Van Rensburg (*et al.* 1997:37) was die soort Afrikaans wat in hierdie kontaksituasies gepraat is, meestal Oosgrensafrikaans en die Aanleedersafrikaans van die Khoikhoi. As gevolg van die oorloë en vyandigheid was die omstandighede aan die Oosgrens sodanig dat daar nie veel sprake van langdurige normale taalkontak tussen Afrikataalsprekers en sprekers van Oosgrensafrikaans was nie. Omdat dié soort kontak ontbreek het, was daar gevolglik, van intensiewe wedersydse ontlening en beïnvloeding maar min tekens. Invloede wat op die oog af maklik herkenbaar is as invloede uit die Afrikatale kom nie baie voor in Standaardafrikaans nie, maar eerder in die dialekte van Afrikaans. Waar leenwoorde uit die Afrikatale wel in die een of ander soort Afrikaans voorkom, is dit opmerklik dat slegs 'n klein persentasie daarvan oor die hele spraakgebied gebruik word. Die meeste van dié invloede is beperk tot die gebied waar die betrokke Afrikataal gepraat word.

Tog is daar wel elemente van Afrikaans in byvoorbeeld isiZulu opgeneem (Van Rensburg *et al.* 1997:40 en vgl. De Wet 1993 en 1996 vir verdere voorbeelde van Swartafrikaans):

<i>Ifestela</i>	<b>venster</b>
<i>Isitulo</i>	<b>stoel</b>
<i>Ibhuku</i>	<b>boek</b>
<i>Ipapa</i>	<b>(stywe) pap</b>
<i>Ummese</i>	<b>mes</b>

Al die Afrikataalsprekers praat egter nie Afrikaans eenders nie, hoewel daar tog gemeenskaplike kenmerke voorkom. Afrikaans is ook nie vir al dié sprekers 'n tweede taal nie – soms eerder 'n derde of vierde taal. Hierdie sprekers ken oor die algemeen ook heelwat ander tale waarvan Afrikaans net een uitmaak.

Wanneer Afrikaanssprekendes met sprekers van die Afrikatale praat, gebeur dit meermale dat hulle hul taalgebruik aanpas. Hulle praat dan 'n soort Afrikaans wat volgens hulle makliker verstaan sal word deur die tweede- en derdetaalsprekers daarvan – 'n verskynsel wat wêreldwyd in taalkontaksituasies voorkom. Volgens De Wet (1993:183) word daar twee tipes gedragspatrone onderskei waarvolgens taalprobleme deur sprekers van verskillende moedertale hanteer word: Eerstens word die probleemareas **vermy** en tweedens word daar na moontlike **oplossings** gesoek ten einde die situasie te *red*.

Soos reeds genoem, is hierdie 'n terrein wat egter nog op ontginning wag – veral omdat die verskillende aspekte daarvan so geweldig omvattend is. Dit is egter 'n verdere voorbeeld van die kontak van Afrikaans met ander tale - binne die moderne raamwerk van tale soos Zulu, Xhosa, Sotho en dies meer.

### 5.8 Slot

As hoëfunksietaal het Nederlands geslagte lank 'n baie belangrike rol in die lewe van die Afrikaner vervul (Botha 1989:150). Toe Afrikaans vroeg in die 20ste eeu die funksies van Nederlands begin oorneem, en selfs nadat Afrikaans ampstaal geword het, het daar steeds invloed op Afrikaans van Nederlands uitgegaan.

In die hedendaagse situasie speel, soos in die voorafgaande bespreking uiteengesit, Engels egter 'n bepalende rol in die taalverskuiwing van Afrikaans. Hierdie taalverskuiwing is egter tot nadeel van Afrikaans en die verlies aan sprekerstal is vir 'n klein taalgemeenskap 'n sensitiewe aangeleentheid.

HOOFSTUK 6  
*SLOTBESKOUINGS*

## HOOFSTUK 6

### SLOTBESKOUINGS

#### 6.1 Samevatting

Daar moet in gedagte gehou word dat die implementering van die standaardvorm van 'n taal die resultaat van 'n beplande reglementeringsaksie is. As taalbeplanning gesien word as die skep van taalgeleenthede vir die sprekers van 'n taal sodat hulle hulle menslike potensiaal ten beste kan ontwikkel, moet die standaardvorm van 'n taal só beplan word dat soveel moontlik van hierdie doelwitte deur so 'n standaardvorm bereik kan word. Dit staan immers vas dat die massa sprekers van 'n taal, nie die begaafde enkelinge nie, slegs deur hulle moedertaal hulle menslike potensiaal effektief kan ontwikkel (vgl. Van Rensburg 1991:20, 21).

Waarop kom die bogenoemde dan neer? In wese verwys dit na elke individu se reg om hom in die taal van sy keuse – waarin hy van kleins af onderrig is – uit te leef op elke terrein van die samelewing.

Volgens Van Rensburg (*et al.* 1997:61) wissel die houdings teenoor Afrikaans baie. In talle Afrikaanssprekende gemeenskappe is daar groot waardering vir Afrikaans. Die taal dien in sulke gevalle as 'n positiewe simbool van etniese nasionalisme. In nie-Afrikaanssprekende gemeenskappe is die houdings teenoor Afrikaans egter nie so positief nie. Daar is veral twee redes daarvoor. Eerstens het dit direk te make met die politiek van Suid-Afrika en dit is die gevolg van die vroeëre koppeling van Afrikaans aan apartheid. Die tweede rede hou verband met die belangrike rol wat Engels as internasionale en handelstaal oral in die wêreld speel.

Sedert daar in 1990 egter aangetoon is dat apartheid beslis afgeskaf gaan word, het die vyandigheid wat teen Afrikaans as sogenaamde apartheidstaal gerig was, begin verander. Die taal **Afrikaans** word al hoe meer aanvaar as een van die tale van Suid-Afrika.

Bosch & De Klerk (1995:181, 182) sluit by bogenoemde stellings aan deur dit duidelik te stel dat die assosiasie van Afrikaans met die apartheidsregering en die gevolglike stigmatisering van Afrikaans sowel as die herroeping van bruin stemreg in 1956 tot gevolg gehad het dat Afrikaans deur veral twee onderskeibare etnolinguïstiese gemeenskappe gebruik word. Dit het tot gevolg dat Standaardafrikaans by sommige gemeenskappe 'n hoë aansien het, maar in ander sterk gestigmatiseer is.

As gevolg van sy verskeidenheid style en registers is Standaardafrikaans tans bruikbaar op alle lewensterreine binne die Suid-Afrikaanse samelewing, terwyl Niestandaardafrikaans net bruikbaar is vir informele funksies. Die houding van niestandaardsprekers teenoor die standaardvariëteit illustreer dat spesiale taalbeleidsopsies nodig is sodat Niestandaardafrikaans formele funksies kan verrig: op dié manier kan nuwe inklusiewe gesindhede teenoor Afrikaans geskep word.

Alle Afrikaanssprekendes moet opnuut bewus gemaak word van hulle taalregte en van die waarde van Afrikaans as aanduiding van 'n unieke wêreldbeskouing. Selfvertroue en respek vir hul moedertaal moet doelbewus onder Afrikaanssprekendes wat hulle in 'n oorwegend anderstalige gemeenskap bevind, bevorder word. Volgens Bosch & De Klerk (1995:183) behoort Afrikaanssprekendes wat egter Engels as onderrigtaal vir hulle skoolgaande kinders verkies, bewus gemaak te word van die kulturele en filosofiese nadele daaraan verbonde as die moedertaal op skool slegs as vak aangebied word en nie ook as onderrigmedium gebruik word nie. Daar moet reeds van jongs af doelbewus en met groot toewyding taalgesindhede aangekweek word en daar moet 'n wedersydse vertrouensposisie tussen alle Afrikaanssprekendes opgebou word. Per slot van rekening is die voortbestaan van Afrikaans 'n kwessie van *gesindheid* en nie van mag nie.

Die voordele wat die sprekers van Standaardafrikaans geniet het in skole, tersiêre instellings, projekte wat ten bate van Afrikaans uitgevoer is, publikasies, subsidies vir Afrikaanse films, en vertalings, het in baie gevalle tot 'n einde gekom. In baie opsigte moet die sprekers van Afrikaans na 1994 op eie bene staan: Afrikaans kan nie bevoordeel word sonder dat die ander amptelike tale dieselfde behandeling kry nie.

Volgens Van Eeden (1998:205) word daar dikwels gevra of die Afrikaner nie te pessimisties oor die voortbestaan van Afrikaans is nie – die Zoeloes en Tswanas is nie besorgd oor hulle taal nie, waarom is die Afrikaner dan so *amper paranoïes*? Dit gaan hier oor 'n kultuurverskil. Clyne (*in Van Eeden* 1998:205) het in 'n studie aangetoon dat die Noord-Europeërs wat na Australië immigrer, vinnig verengels, terwyl dit by die Europeërs van die suide stadiger gebeur. Hoe meer suidelik die geografiese ligging van die emigrasieland, hoe langamer die verengelsingsproses van hierdie immigrante in Australië. Hierdie verengelsingsproses het alles met kultuuroorenkoms of kultuurverskil te make. Hoe groter die kulturele kloof wat oorbrug moet word, hoe moeiliker sal die vreemde taal eie gemaak word.

**Taalverandering in 'n land vind oor 'n lang tydperk plaas.** Taal A word nie summier deur taal B vervang nie, maar die tale word al hoe meer afwisselend gebruik binne dieselfde sosiale konteks. Na 'n periode van afwisselende gebruik sal slegs B kategorieë gebruik word.

Die Afrikaner wat Engelstalig word, is geen Afrikaner meer nie. Die probleem van die Afrikaner is dat hy veral sedert die koms van die televisie, één geword het met die Engelstaliges in Suid-Afrika. Een van die grootste bedreigings van Afrikaans is gevolglik die Amerikaanse massakultuur. Die gevaar skuil daarin dat as die Afrikaner eers op kulturele gebied ten volle veramerikaans het, taalverskuiwing ten gunste van Engels nie meer gekeer gaan word nie, aangesien Afrikaans geen funksie meer sal hê nie. Die Afrikaner tref reeds moeilik onderskeid tussen sy eie en die Amerikaanse kultuur en sy belange word ondermyn sonder dat hy dit besef (Van Eeden 1998:205, 206).

Behalwe vir die Engelse gevaar wat besig is om Afrikaans in te sluk, is daar ook tot op hede nog niks gedoen om Afrikaans toegankliker te maak vir die groot persentasie niemoedertaalsprekers van Afrikaans in baie van die streke van Suid-Afrika nie. Dit behoort op 'n georganiseerde wyse reggestel te word. Programme wat daarop gemik is om geletterdheid in Afrikaans te bewerkstellig, moet ontwikkel en volgens Bosch & De Klerk (1995:183) in die plaaslike gemeenskappe van stapel gestuur word.

Van Rensburg (1991:19) bevestig voorts dat die moedertaalonderwysbehoefte van die niemoedertaalsprekers van Afrikaans nog nooit na behore in ag geneem is nie. Wat die onderwysterrein betref, probeer Standaardafrikaans tans om ten minste in die helfte van sy sprekers se behoeftes te voorsien.

Die funksies van die onderskeie tale in Suid-Afrika sal op die ou einde van deurslaggewende belang wees in die gesprek om hulle onderskeie taalrolle op 'n onbevooroordeelde manier te probeer bepaal. Een van die maniere waarop taamlik objektief tot die bepaling van die waarde van die tale van 'n land gekom kan word, is om te kyk hoe hulle die onderskeie taalfunksies vervul. Tale se funksies weerspieël hulle sprekers se betrokkenheid op die verskeidenheid terreine wat daar in die samelewing identifiseerbaar is. Afrikaans se funksie as handelstaal wys op die beperkte finansiële mag wat in Afrikaanssprekendes se hande is. Daarteenoor illustreer die gebruik van Afrikaans op kultuurterreine die betrokkenheid van sy sprekers by literatuur, die teater, poësie, ensovoorts. Nie alle taalfunksies is gelykwaardig nie, en ook nie staties nie. Deur sprekerbetrokkenheid, -aktiwiteite, en -prestasies kan 'n taal se funksies verhoog word en deur onbetrokkenheid kan 'n ander taal in 'n meertalige land verwaarloosde taalfunksies oorneem (Van Rensburg 1991:19, 20).

Taalverandering in Afrikaans is 'n komplekse onderwerp aangesien daar veelvuldige veranderlikes is wat verreken moet word. In die Suid-Afrika van die verlede, hede en toekoms speel situasies wat deur 'n verskeidenheid van faktore bepaal word telkens 'n rol. Met die volksplanting aan die Kaap, was Nederlands (**die norm**) aanvanklik in kontak met 'n verskeidenheid van tale. Die huidige situasie het nog glad nie verander nie,

aangesien Afrikaans (**die veranderde norm**) steeds moet meeding met tien ander amptelike landstale.

As die bogenoemde gegewens in ag geneem word, kan die volgende algemene voorstelle vir die behoud van Afrikaans en verdere studie in dié verband gemaak word (eie afleidings):

1. Afrikaners moet meer respek vir hulle taal ontwikkel en die toenemende oorname deur Engels moet gesien word vir die gevaar wat dit is.
2. Die niemoedertaalsprekers van Afrikaans is net so 'n belangrike faktor in die voortbestaan en volgehoue gebruik van Afrikaans. Daar moet egter meer aandag gewy word aan programme om hierdie niemoedertaalsprekers te bemagtig met die vermoë om te lees en te skryf in die taal wat hulle praat.
3. Die moedertaalsprekers van Afrikaans moet met die middele tot hulle beskikking die taal uitbou en bekendstel deur literêre werke, toneel en die kragtige medium van die televisie. (In hierdie verband is die *Kyknet*-kanaal op satelliettelevisie 'n groot sprong in die regte rigting.)
4. Die onderwys speel 'n belangrike rol in die oordrag van Afrikaans aan kinders. Dit is egter 'n algemene verskynsel dat Afrikaanssprekende ouers hulle kinders in Engelse skole plaas om hulle kwansuis meer aanpasbaar te maak in die globale omgewing. Op hierdie wyse word hulle egter van 'n belangrike kultuurerfenis ontnem.

Die verskillende sprekers van Afrikaans (wat verskillende variëteite van die taal praat) is uiteindelik die mag wat hierdie taal aan die gang sal hou – en soos tereg beweer word, **sal 'n taal leef vir solank as wat dit in die mond van sy sprekers voortbestaan.**

Dit is egter belangrik dat volgehoue navorsing in hierdie verband onderneem word, aangesien die talesituasie in Suid-Afrika 'n ongelooflik wisselende een is. Waar die klem voorheen slegs geval het op die eng driedeling van Afrikaans, te wete Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans, moet daar in die huidige situasie gelet word



op nuwe variëteite onder die niemoedertaalsprekers van Afrikaans. Slegs deur ondersoek en navorsing kan die presiese stand van Afrikaans in Suid-Afrika op 'n voortdurende basis gemonitor word.

In hoofstuk een is die volgende doelwitte van die studie uiteengesit:

- \***Die doel van die verhandeling is om 'n oorsig van die verskynsel van taalverandering te gee met Afrikaans en sy variëteite as fokuspunt.**
- \***En meer beskrywend: Die oogmerk met hierdie studie is om in die daaropvolgende hoofstukke die verskillende situasies en prosesse wat aan die werk was in die vorming en ontwikkeling van Afrikaans, krities te ondersoek deur middel van 'n bronnestudie van die beskrywings van taalverandering en variasie in Afrikaans in die algemeen.**

Deur middel van 'n omvattende bronnestudie is bogenoemde doelwitte soos volg beskryf:

- Daar is **eerstens** gekyk na die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, met inagneming van die verskillende taalgemeenskappe wat in die Kaap byeen was sedert die volksplanting van 1652, aangesien die verskillende taalgebruikers 'n bepalende rol in die ontwikkeling van Afrikaans en sy variëteite gespeel het.
- **Tweedens** is daar gefokus op die verskynsels van normale taalverandering en radikale taalversteuring – twee belangrike prosesse by die bespreking van taalverandering in veral Afrikaans. 'n Kritiese bespreking van Afrikaans se kreoolse status was ook hier van belang.
- **Derdens** het die studie 'n omvattende beskrywing gegee van die drie soorte aanleedersvariëteite van Nedersettingsnederlands, te wete Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans, met 'n kritiese blik op dié streng driedeling.

**Laastens** het die klem geval op die standaardisering van Afrikaans – waar Afrikaans eers die *minderwaardige* vorm was, word dit uiteindelik 'n regmatige plek toegeken met die aanvaarding daarvan as amptelike norm.

*BIBLIOGRAFIE*

## BIBLIOGRAFIE

- Bezuidenhout, W.J. 1991. *'n Studie van hedendaagse Oosgrensafrikaans*. Ongepubliseerde M.A. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Bosch, B. & De Klerk, V. 1995. *'n Oos-Kaapse perspektief op Afrikaans: Die implikasie van taalhoudings op taalbeleidformulering*. In: Ester, H. & Van Leuvensteijn, A.(reds.) *Afrikaans in een veranderende context*.
- Bosman, N.(red.) 1995. *'n Man van woorde: Feesbundel vir Louis Eksteen*. Pretoria: JL van Schaik.
- Botha, T.J.R. 1989. *Afrikaans sedert die negentiende eeu*. In: Botha, T.J.R.(red.) *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*.
- Botha, T.J.R.(red.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Carstens, W.A.M. 1994. *Norme vir Afrikaans*. (derde uitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J.(reds.) 1983. *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Kaapstad: Academica.
- Conradie, C.J. 1986. *Taalgeskiedenis*. Kaapstad: Academica.
- Daan, J. 1991. "Zijn er na 1992 nog streektalen?" *Ons Erfdeel*, 34(4):563-570.
- Davids, A. 1994. *Afrikaans – die produk van akkulturasie*. In: Olivier, G. & Coetzee, A. (reds.) *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt*.

De Klerk, W.J. 1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth.

De Klerk, W.J. & Ponelis, F.A. (reds.) 1976. *Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

De Villiers, M. 1969. *Nederlands en Afrikaans*. Goodwood: Nasou.

De Wet, A.S. 1993. Swartafrikaans as niestandaardvariëteit van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*: Supplement 18: 170-188.

De Wet, A.S. 1996. *Swartafrikaans as 'n aanleerdersvariëteit in die Vrystaat: 'n Studie aan die hand van die intertaalteorie*. Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Dik, S.C. & Kooij, J.G. 1973. *Beginselfen van de Algemene Taalwetenschap*. Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum.

Donaldson, B.C. 1991. *The influence of English on Afrikaans: A case study of linguistic change in a language contact situation*. Pretoria: Academica.

Dreyer, H.C. 1986. *Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Du Plessis, L.T. 1983. *'n Kritiese beskouing van die identifikasie van die Afrikaanse Taalbewegings en hulle funksies*. Ongepubliseerde M.A. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Du Plessis L.T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.

Du Plessis, H. & Du Plessis, T.(reds.) 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle*. Pretoria: HAUM.

Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.

Du Plessis, H. 1989. *Die Afrikaanse Taalgemeenskap*. In: Botha, T.J.R.(red.) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.

Du Plessis, H. 1994. *Taalkontakvariasie in Afrikaans*. In: Olivier, G. & Coetzee, A.(reds.) Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt.

Du Plessis, H. 1995. *Taalverskeidenheid in Afrikaans as spieël van sy kontakgeskiedenis*. In: Ester, H. & Van Leuvensteijn, A.(reds.) Afrikaans in een veranderende context.

Ester, H. & Van Leuvensteijn, A.(reds.) 1995. *Afrikaans in een veranderende context*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.

Grebe, H.P. 1999. Oosgrens-Afrikaans: 'n te eksklusiewe begrip? *Literator* 20(1):51-65.

Hancock, I.F. 1974. *A survey of the Pidgins and Creoles of the world*. In: Hymes, D. (red.) Pidginization and Creolization of Languages.

Hesseling, D.C. 1923. *Het Afrikaans: Bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandse taal in Zuid-Afrika*. Leiden: N.V. Boekhandel.

Holm, J. 1988. *Pidgins and Creoles. Theory and structure*. Cambridge language surveys. Volume 1. Cambridge: Cambridge University Press.

Hoppenbouwers, C. 1990. *Het Regiolect, van Dialect tot Algemeen Nederlands*. Muiderberg: Dick Coutinho.

Hymes, D. (red.) 1974. *Pidginization and Creolization of Languages*. Cambridge: Cambridge University Press.

Kannemeyer, J.C. 1974. *Die Afrikaanse bewegings*. Pretoria & Kaapstad: Academica.

Klopper, R.M. 1983. *Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans*. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J.(reds.) *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*.

Kotzé, E.F. 1994. *Afsonderlik ontwikkel deur verbastering? – Afrikaans en Middelnederduits in die kreoolse konteks*. In: Olivier, G. & Coetzee, A.(reds.) *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans - opgedra aan Edith H. Raidt*.

Lakoff, R. 1972. *Another look at drift*. In: Stockwell, R.P. & Macaulay, R.K.S.(eds.). *Linguistic change and generative theory*.

Lubbe, H.J. 1980. *Die waarde van die transformasioneel-generatiewe grammatika vir die diachroniese taalbeskrywing, met besondere verwysing na die diachroniese beskrywing van Afrikaans*. Acta Academica C(1) Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Milroy, J. 1992. *Linguistic Variation and Change: On the historical Sociolinguistics of English*. Oxford: Basil Blackwell.

Nienaber, G.S. 1953. *Oor Afrikaans*. Deel II. Johannesburg: APB.

Nienaber, G.S. 1994. *Die ontstaan van Khoekhoe-Afrikaans*. In: Olivier, G. & Coetzee, A.(reds.) *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt*.

Oaks, D.D. 1998. *Linguistics at Work: A Reader of Applications*. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Odendal, F.F. 1989. *Afrikaanse Fonetiek*. In: Botha, T.J.R.(red.) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.

Olivier, G. & Coetzee, A.(reds.) 1994. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis: Southern.

Pheiffer, R.H. 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad: Academica.

Ponelis, F.A. 1987. *Die eenheid van die Afrikaanse Taalgemeenskap*. In: Du Plessis, H. & Du Plessis, T.(reds.) Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle.

Ponelis, F.A. 1989. *Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal*. In: Botha, T.J.R.(red.) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.

Ponelis, F.A. 1992. *Standaardafrikaans in oorgang*. In: Webb, V.N. (red.) Afrikaans na Apartheid.

Ponelis, F.A. 1993. *The Development of Afrikaans*. Berlin: Peter Lang.

Ponelis, F.A. 1994. Die ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34(4): 218-230.

Ponelis, F.A. 1999. Hesseling: 'n eeu later. *Literator*, 20(1):1-13.

Posthumus, M.J. 1976(a). *Die waardeskatting van Afrikaans*. In: De Klerk, W.J. & Ponelis, F.A.(reds.) Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe.

Posthumus, M.J. 1976(b). *Die Beskouing van Afrikaans: 'n Belewenis*. In: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1875 – 1975 Studies oor die Afrikaanse Taal.

Raidt, E.H. 1980. *Afrikaans en sy Europese verlede: Van Tacitus tot Van Wyk Louw*. Goodwood: Nasou.

Raidt, E.H. 1989. *Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans*. In: Botha, T.J.R.(red.) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.

Raidt, E.H. 1994. *Historiese Taalkunde: Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Raidt, E.H. 1998. *The role of women in Linguistic Change*. In: Oaks, D.D. Linguistics at Work: A Reader of Applications.

Roberge, P.T. 1994. The Formation of Afrikaans. *Spil Plus*, Nr.23.

Romaine, S. 1990. *Pidgin and Creole languages*. London: Longman.

Roodt, D. & Venter, R. 1984. Die evolusie van 'n taalhistoriese paradigma in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Nr. 4:224-236.

Saunders, C. (Consultant Editor) 1989. *Reader's Digest Illustrated history of South Africa: The real story*. Cape Town: The Reader's Digest Association South Africa (Pty) Ltd.

Scheffer, P. 1983. *Afrikaans en Engels onder die Kleurlinge in die Kaapprovinsie en in besonder in die Skiereiland*. Verslag Soling-2. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.



Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, J. du P. 1981. *Oor die herkoms van Afrikaans – Taalhistoriese opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.

Sebba, M. 1997. *Contact Languages: Pidgins and Creoles*. London: MacMillan Press Ltd.

Stander, M. 1990. *Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die fonologiese en grammatiese realisering daarvan in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners: Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse Taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, J.C. 1998. Resensie-artikel: Petrus van Eeden. *Afrikaans hoort by Nederlands*. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 32(2): 142 – 147.

Stockwell, R.P. & Macaulay, R.K.S.(eds.). 1972. *Linguistic change and generative theory*. Bloomington: Indiana University Press.

Stoops, Y. 1995. *Bobbejane of Bavianen*. Mechelen: CODA.

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1975. *Jaarvergadering – Afrikaans: Dit is ons erns*. Pretoria: Engelenburghuis.

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1976. *1875 – 1975 Studies oor die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Thomason, S.G. & Kaufman, T. 1988. *Language Contact, Creolization and Genetic Linguistics*. Berkeley: University of California Press.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1964. *Ontstaansteorieë oor Afrikaans*. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.) *Studierigtings in die Taalkunde*.

Van der Merwe, H.J.J.M. (red.) 1964. *Studierigtings in die Taalkunde*. Pretoria: JL van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1981. *Taalbeïnvloeding en taalvermenging*. In: Scholtz, J. du P. *Taalhistoriese opstelle*.

Van der Wal, M. (in samenwerking met Cor van Bree). 1992. *Geschiedenis van het Nederlands*. Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum B.V. voor AULA-boeken.

Van Eeden, P. 1998. *Afrikaans hoort by Nederlands: Ons Afrikaanse Taalverdriet*. Howick: Brevitas.

Van Rensburg, M.C.J. 1983. *Inleiding: Die bestudering van taalvariante*. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*.

Van Rensburg, M.C.J. (Projekleier). 1984. *Finale verslag van 'n ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. RGN-verslag. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van Rensburg, M.C.J. (red.) 1988. *'n Verkenning van Afrikaans*. Bloemfontein: Patmos.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. *Soorte Afrikaans*. In: Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*.

- Van Rensburg, C. 1991. Wat van 'n nuwe Afrikaans? *Acta Academica*, (23)3: 13-33.
- Van Rensburg, C. 1994. *Die ontstaan van Afrikaans*. In: Olivier, G. & Coetzee, A.(reds.) Nuwe perspektiewe op die ontstaan van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt.
- Van Rensburg, C. 1995. *Oor Afrikaans se Kreoolse status*. In: Bosman, N. (red). 'n Man van woorde: Feesbundel vir Louis Eksteen.
- Van Rensburg, C.; Davids, A.; Ferreira, S.; Links, T. & Prinsloo, K.(reds.) 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Webb, V.N. 1989. *Die Afrikaanse Variasietaalkunde*. In: Botha, T.J.R.(red.) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.
- Webb, V.N. (red.) 1992. *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Winford, D. 1996. *Creole typology and relationships*. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 11:313-328.

OPSOMMING/ SUMMARY

## OPSOMMING

Die tipologiese taalverandering wat die ouer Germaanse tale van die moderne Germaanse tale onderskei, kan as 'n verskuiwing van linguistiese parameters beskou word, waar sinchroniese variante 'n aanduiding gee van die spesifieke proses. Hierdie proses kan beskryf word as die vervanging van 'n sintetiese markeringsstelsel (fleksiomorfeme) deur 'n analitiese markeringsstelsel (grammatikale woorde), en die variante *Gods Woord* en die *Woord van God*, wat teenswoordig in Afrikaans voorkom, is onderskeidelik voorbeelde van hierdie twee markeringsstelsels. Die linguistiese parameters wat deur hierdie vervanging van die fleksiestelsel geraak word, hou ook verband met sintagmatiese veranderlikes soos sinsvolgorde (SOV teenoor SVO) en die posisie van bepaler tot bepaalde binne die naamwoordstuk. Vergelyk die posisie van die naamwoord – die byvoeglike naamwoord – in die naamwoordstukke van die ouer Nederlandse en die moderne Afrikaanse sinne (die Nederlandse sin kom uit 'n kindergebedjie): *Ik ben een kindje klijn/ Ek is 'n klein kindje*. Dié parametriese veranderinge is samehangend en patroonmatig en het 'n linguistiese paradigmatverandering tot gevolg: flekterende tale en analitiese tale verteenwoordig die verskillende taaltipologieë en verskillende periodes in die taalgeskiedenis – ouer Germaans en moderne Germaans. Dit word as natuurlike taalverandering beskou, 'n proses wat teruggevoer kan word na die Indo-Europese tydperk.

Hierdie perspektief is egter net op volwaardige tale van toepassing. Gereduseerde tale waaronder intertale wat deur middel van pidginisering en kreolisering ontstaan het, sowel as die aanleedersvariëteite van Afrikaans ressorteer nie hieronder nie. Die tipologiese klassifikasie van volwaardige tale (standaardtale) teenoor gereduseerde (beperkte) tale is hier egter van kardinale belang, aangesien die ontwikkeling van Standaardafrikaans uit Nedersettingsnederlands ook deur die intertaal-ontwikkelingslyne van die aanleedersvariëteite van die Khoikhoi en die Maleise slawe, beïnvloed is.

Grammatiese en sosiolinguistiese variasie in die Afrikaans van die moedertaalsprekers kom in die wye spektrum tussen Standaardafrikaans en Niestandaardafrikaans voor. 'n Analise van die normatiewe indelings van Superstandaardafrikaans, Formele Standaardafrikaans, Informele Standaardafrikaans en Niestandaardafrikaans is belangrik aangesien prosesse van standaardisering die gewone omgangstaal beïnvloed. In hierdie stadium lyk dit of Afrikaans 'n gemengde tipologie het – dit word enersyds geklassifiseer as 'n nie-tipiese Kreoolse taal en andersyds as 'n gedeflekteerde moderne Germaanse taal wat Kreoolse kenmerke vertoon.

Die variasiespektrum wat in Afrikaans voorkom kan histories herlei word na drie variëteite, nl. Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans. Sekere vrae word egter ook gevra rondom hierdie streng driedeling van die variëteite, veral ten opsigte van Oosgrensafrikaans, aangesien die naam dié variëteit geografies inperk terwyl dit demografies oor 'n wyer gebied kon voorkom.

Laastens val die klem veral op die redes vir die totstandkoming van spesifiek Afrikaans as kultuurtaal in die jare sedert die volksplanting aan die Kaap. Daar word ook duidelik aangetoon hoedat Afrikaans sy bondgenoot, Nederlands, verstoot het in sy stryd teen Engels. Die uiteindelige beïnvloeding deur Engels is gevolglik subtiel, maar ingrypend. Dit blyk duidelik uit die boek, *The influence of English on Afrikaans. A case study of linguistic change in a language contact situation* van B.C. Donaldson (1991:285): *The reaction of those sceptics who do not regard the influence English has had so far on Afrikaans as now being integral to the very nature of the language and who thus presumably regard some of the tenets presented in this book as unacceptable, reminds one of the reaction of Afrikaans to Changuion's publication in 1844 where he suggested that plat Kaapsch was not only the mother-tongue of Hottentots and slaves.*

## SUMMARY

The typological language change that separate the older Germanic languages from the modern Germanic languages, can be seen as a shift of linguistic parameters where synchronic variables give an indication of this specific process. This process can be described as the replacement of a synthetic marking system (flexion morphemes) by an analytical marking system (grammatical words). The variables *Gods Woord* and *Die Woord van God* currently used in Afrikaans, are distinguished examples of these two marking systems. The linguistic parameters influenced by the replacement of the flexion system, are also related to syntagmatical variables such as syntactic order (SOV in opposition to SVO) and the position of the qualifier in relation to the qualified within the phrase. Compare the position of the phrase – the adjective – in the phrases of the older Dutch and the modern Afrikaans sentences (the Dutch sentence is taken from a child's prayer): *Ik ben een kindje klijn/ Ek is 'n klein kindjie*. These parametric variables are interconnected and fixed and therefore result in a linguistic paradigm change: inflective languages and analytical languages represent different language typologies and different periods in the history of a language – older Germanic and modern Germanic. This is seen as normal language change – a process which can be traced back to the Indo European time.

This perspective, however, is only applicable on matured languages. Reduced languages with the inclusion of inter-languages, which developed through the processes of pidginization and creolization, as well as the learners' dialects of Afrikaans are not addressed by this perspective. The typological classification of matured languages (standard forms) in opposition to reduced (restricted) languages is very important in this regard as the development of Standard Afrikaans from the Dutch of the first colonists was influenced by the inter-language development of the learners' dialects of the Khoikhoi and the Malay slaves.

Grammatical and sociolinguistic variation in the Afrikaans of the mother tongue speakers is therefore broadly classified between Standard Afrikaans en Non-standard Afrikaans. An analysis of the normative classification of Super Standard Afrikaans, Formal Standard Afrikaans, Informal Standard Afrikaans and Non-standard Afrikaans is important as the processes of standardization have an influence on the vernacular. At this stage it seems that Afrikaans has a mixed typology – it is also classified as a non-typical Creole language or as a deflected modern Germanic language showing typical creolistic characteristics.

Variation in Afrikaans from a historic perspective is therefore characterized according to the following three dialects, e.g. Cape Afrikaans, Orange River Afrikaans and the Afrikaans of the Eastern Border. However, certain questions are raised over this characterization, especially with regard to the Afrikaans of the Eastern Border as this dialect is geographically enclosed by its name where as it can be found demographically over a larger area.

Lastly the focus falls on the reasons for the development of specific Afrikaans as official language, and how it disowned its ally, Dutch, in its struggle against English. The final take-over by English is therefore subtle and crushing. This is described in the book, *The influence of English on Afrikaans. A case study of linguistic change in a language contact situation* by B.C. Donaldson (1991:285): *The reaction of those sceptics who do not regard the influence English has had so far on Afrikaans as now being integral to the very nature of the language and who thus presumably regard some of the tenets presented in this book as unacceptable, reminds one of the reaction of Afrikaans to Changuion's publication in 1844 where he suggested that plat Kaapsch was not only the mother-tongue of Hottentots and slaves.*



## KEY TERMS

*\*Language Change*

*\*Standard Languages*

*\*Non-standard Languages*

*\*Variables*

*\*Pidginization*

*\*Creolization*

*\*Cape Afrikaans*

*\*Orange River Afrikaans*

*\*Afrikaans of the Eastern Border*

*\*Standardization of Afrikaans*